# TURKSVY

## 'N JAAR VAN FEMINISTIESE BRIEWE IN AFRIKAANS

Saamgestel deur **Bibi Burger** en **Azille Coetzee**



Terry-Ann Adams | Dianne Du Toit Albertze | Mia Arderne | Carl August | Earl Basson | Herschelle Benjamin | Marí Borstlap | Nicolene Burger | Luami Calitz | Louiza Combrink | Stephané E. Conradie | Chan Croeser | CLK | Isolde de Villiers | Willemien de Villiers | Klara du Plessis | Jean Dreyer | Diana Ferrus | Emile Geldenhuys | Amanda Gouws | Valda Jansen | Veronique Jephtas | Lynthia Julius | Ronelda S. Kamfer | Mercy Kannemeyer | Olivia Loots | Susanna Louw | Maud | Athambile Masola | Lucinda Rosa Neethling | Ryan Pedro | Chase Rhys | Octavia Roodt | Petra Stegmann | Wemar Strydom | Hanneke Stuit | Nathan Trantraal | Marita van der Vyver | Christi van der Westhuizen | Stella Viljoen | Sonja Walker | Chrystal Williams | Ingrid Winterbach

Die publikasie van hierdie zine is moontlik gemaak deur ’n ruim subsidie van die L. W. Hiemstra Trust—opgerig deur Riekie Hiemstra ter herinnering aan Ludwig Wybren (Louis) Hiemstra. Die projek is ook finansieël ondersteun deur die Afrikaanse Taalraad en die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

Tensy anders vermeld, is al die werk in hierdie zine tussen Mei 2022 en Augustus 2023 gepubliseer op die Substackplatform as deel van die *Turksvy*-nuusbrief. Kopiereg berus by die betrokke outeurs en kunstenaars.

“Hoe lyk feminisme en genderbevryding vandag?” deur Azille Coetzee en Bibi Burger is oorspronklik op *Klynti* gepubliseer as “Azille Coetzee en Bibi Burger se feministiese brief, Turksvy”. “Misfit” deur Chase Rhys is voorheen gepubliseer as deel van die bundel *Misfit* (2022, Kwela).

Azille Coetzee en Bibi Burger is *Turksvy* se redakteurs. Earl Basson het opgetree as gasredakteur van “Die Amen Knoes en Die Toring Knoes” deur Chrystal Williams en “It was never my intention” deur Sonja Walker.

Octavia Roodt het *Turksvy* se logo ontwerp.

Olivia Loots het die zine se ontwerp en bladuitleg behartig.

Die kunswerk op die voorblad is *taste* (2017) deur Stephané E. Conradie.

# Turksvy

DIE ZINE

# HOE LYK FEMINISME EN GENDERBEVRYDING VANDAG?



deur

AZILLE COETZEE
EN
BIBI BURGER

Toe ons tien jaar terug ernstig begin dink het oor feminisme, was dit iets waarvan die meeste mense wat ons geken het, niks wou weet nie. Vandag is dit anders, feminisme is uiteindelik in die mode en volledig teenwoordig in die hoofstroom-populêre kultuur, ook in Suid-Afrika en selfs, tot 'n mate, in Afrikaans.

Maar—hoor ons gereeld—wat ís feminisme? En dit is 'n vraag wat verbasend moeilik is om te beantwoord in ons taal- en kultuurruimte. In Afrikaans het ons nie 'n lang geskiedenis van opgeskrewe en georganiseerde feministiese aktivisme nie, en die geskiedenis wat daar is, is beskamend—wit vroue wat mobiliseer in diens van Afrikanernasionalisme. Hoe lyk genderbevryding, hier, vandag? Kyk ons na Saartjie Baumann, Petronella van Heerden, Johanna Brandt, Glenda Kemp? Yoma of Juanita du Plessis? Koesister of koeksisters? Auntie Merle of Tannie Evita? Die Klerewerkersunie, Dulcie September? Hoe sê 'n mens 'intersectional' in Afrikaans?

*Turksvy* neem die vorm van 'n briefwisseling aan omdat 'n brief enigiets kan wees—gedigte, comics, stories, opstelle, dagboeke, foto's, onderhoude en resepte—en omdat dit 'n voortgaande gesprek oopmaak, omdat dit persoonlik is, omdat daar 'n lang tradisie bestaan van briewe skryf tussen vroue.

Vir nou, om die gesprek te begin, om te wys waar óns koppe staan, deel ons twee kort briewe wat ons geskryf het aan mekaar.

Liewe Bibi

As 'n manier om oor hierdie dinge te begin dink, wil ek vir jou meer vertel van die kompleksiteit waarmee ek my vroulikheid ervaar, en om dit te doen, moet ek jou terugneem na waar ek vandaan kom. Ek het baie lank gedink dat ek feminisme nie nodig het nie. Ek het grootgeword in die middelklas, wit, Kaapse voorstede in die negentigs en die vroeg 2000s en daar het ons gedink ons is almal reeds bevry. My ouers het my baie onafhanklikheid gegun en ek was deel van 'n groot, hegte groep vriendinne (is nog steeds), waarbinne ons vir mekaar die ruimte geskep het om te dra wat ons wil, te slaap met wie ons wil, en alles te doen wat die ouens mag doen. Die soort vroulikheid waarin ek geïnisieer is, lyk op die oppervlak volkome geëmansipeerd. Ons is sterk, ons kultiveer noue bande met ander sterk vroue, ons werk baie hard, ons is in voeling met ons begeertes en ons is nie skaam daaroor nie, ons haat nie mans nie, want ons hoef nie.

Natuurlik ís daar reëls, ek en my vriendinne ken hulle net so goed soos wat ons ma's hulle ken, en ons hou mekaar daarby. Dis die ou reëls. Jy kan min of meer doen wat jy wil, maar jy moet maer wees (of ten minste hard genoeg daarna streef), jy moet jouself mooi versorg, dit is belangrik hoe jy lyk. Voorhuwelikse seks (binne perke) is okay, want die veel groter probleem is as jy nié 'n man kan kry nie. Jy kan (moet) sexy wees solank jy ordentlik is (soos wat Christi van der Westhuizen daaroor skryf: Goeie maniere, 'n soort werksetiek en iets met klas te doen ook). En jy moet sterk wees, niemand wat ons ken is beïndruk deur 'n pap vrou nie. Dis 'n vroulikheid wat gevorm het onder druk—in die konteks van die opkoms van Afrikanernasionalisme en wit Afrikaanse weerstand teen Britse imperialisme—heteroseksuele seks en kragdadigheid is noodsaaklik vir die voortbestaan van die Wit nasie.

Deesdae word dit dan al hoe duideliker vir my dat die soort vroulikheid wat ek beliggaam, nie spesifiek progressief is nie, maar juis meestal voldoen aan die historiese voorskrifte van my (koloniale) kultuur. Trouens, die volksmoeders van ouds sou trots wees op ons girl boss energy op Instagram in ons bikini's in Hermanus, ons professionele sukses, die verloofring. En dit word vir my al hoe duideliker die mate waartoe ek, ongeag van alles anders wat ek doen, my waarde meet aan hoe begeerlik ek is vir mans, hoeveel ek weeg, en die mate waartoe ek daarin slaag om die regte soort ordentlike middelklaswaardigheid uit te straal (met die fiksheidroetine en die gemanikuurde naels). Ek word meer bewus van die diep skaamte wat ek (teen my beterwete) voel oor die feit dat ek nie wil kinders hê nie. En ek is bewus van al die maniere waarop ek nie my wil laat geld teen mans nie, veral nie as hulle wit en Afrikaans is nie; ek is bewus van die energie wat ek in 'n soort vroulike inskiklikheid belê. Ek is bewus van al die maniere waarop ek, soos my voormoeders, my lot ingooi by wit mans eerder as by ander vroue in Suid-Afrika.

Dit is dinge wat 'n vorige generasie Afrikaanse feministe reeds gesê het."[W]atter breed is ons?" vra Antjie Krog van haar susters wat "jog en gym en joga / verbete klou aan soepelheid en Pil" (in haar gedig "Lady Anne by die mikrogolfoond" [1989]). "[O]ns is die laaste," sê sy, wat "kinders teer laat verblond op melk en heuning," want "agter ons onder ons langs ons [stort] strukture wat ons soort in stand hou / in hulle maai". Dis al meer as dertig jaar later, en hier is ons nog steeds, strukture steeds staande.

Bibi, dis dan die vrae waarna ons heeltyd terugkeer: Wat ís feminisme vandag in ons taal- en kultuurruimte? Hoe lyk vroulike emansipasie? En nie net vir wit middelklasvroue soos ek en jy nie. Trouens, op watter maniere word mý emansipasie onderhandel ten koste van ander Suid-Afrikaanse vroue s'n? Hoe lyk 'n feminisme in hierdie taal wat werklik bevrydend is, nie die foute van die verlede herhaal nie? Wat dink jy? Hoe voel jy?

Van Azille XXXX




Y2K



selfie



everything in its right place

Liewe Azille

Dankie vir jou brief. Ek kan met baie wat jy sê identifiseer, en jy sê dit so mooi—hoe wit Afrikaanse vroulikheid 'n tipe vroulikheid is wat onder druk gevorm is. Ek en jy het by baie van dieselfde plekke uitgekom: Die tipe (wit middelklas-) vroue wat ons is en die posisies waarin ons onsself bevind, is soortgelyk. My herkoms was egter baie landeliker en vreemder as joune. Ek dink vroulikheid het moeiliker gekom vir my as vir jou. Ek is nie so blond en mooi soos jy nie, ek gril as mense aan my naels vat. Ek voel nooit so minderwaardig as wanneer ek by 'n haarkapper is nie. My grootwordjare het ook gepaard gegaan met klasangs en pogings om weg te steek hoe onordentlik ons gesin is. Beide die mans en die vroue in my gesin is nie "ordentlik" nie, maar dit voel vir my asof dit meer die vrou se rol is om die front van ordentlikheid voor te hou. Dit klink dalk asof ek trots is op my vreemdheid of probeer om die slagoffer te speel. Miskien steek daar waarheid daarin, 'n trots in weerwil van skaamte?

Maar wat ek eintlik probeer kommunikeer, is dat alhoewel ek ook die nageslag is van die "susters in kombi's en stasiewaens / met stylvolle donkerbrille en hare teen die grys getint" wat Krog so goed in "Lady Anne by die mikrogolfoond" beskryf, is die Krog-gedig wat die meeste tot my spreek, eerder "om in 'n dogtertjie se kamer te slaap" (2014). Die spreker van die gedig is 'n "tannie" wat praat met 'n dogtertjie en vir haar sê dat sy sien hoe hard sy probeer, hoe "jy as oudste kind net jou bes doen". Ook dat sy as tannie die angs sien wanneer die dogtertjie wel 'n klein fout maak, en die besef in haar oë dat "bes nie tel nie / dat bes niks / bring of uiteindelik tot niks lei nie dat / bes ander se beheer oor jou is".

Dit is 'n gedig waarmee, dink ek, baie eersgeborenes sal identifiseer—en dan veral vroulike eersgeborenes. Vroulik soos in femme, nie net vroulik soos in gebore met 'n vroulike liggaam nie. Want ek dink daar is iets aan ons vroulikagtiges wat ons juis vatbaar maak vir hierdie "besdoen". Miskien bloot dat ons in 'n wêreld lewe waarin ons beste nooit heeltemal genoeg sal wees nie.

My identifikasie met die gedig het te doen met my eie neurose en my disfunksionele gesin se spesifieke vorm van disfunksionaliteit, maar die gedig spreek ook tot die tipe feminisme wat vir my 'n tuiste geword het, 'n manier om te verstaan dat my ervarings en optrede nie uniek is nie, en dat dit ook op 'n manier te doen het met gender.

Soos jy, Azille, besef ek ook toenemend dat hierdie feministiese tuiste wat ek gevind het spesifiek wit is, en dat dit reedsbestaande strukture van bevoorregting onderhou en reproduseer. Dit is 'n sobering gedagte. Wanneer Ronelda S. Kamfer skryf: "[A]l die hardcore wit meisies wat ek ken / dra eventually hulle pa of oupa se suits," (uit "Red Virgin" [2019]) voel dit soos 'n punch in die maag, nie net omdat ek regtig my manlike voorgeslagte se baadjies dra nie, maar ook omdat my sogenaamde bemagtiging deur hierdie power dressing neerkom op 'n poging om die wit man se posisie van bevoorregting vir myself te eien. My "bes probeer" is sodat die metaforiese wit pa my sal aanvaar en ek my plek in sy ekonomie kan inneem. Dit is ontstellend en verwarrend om so uitgedaag te word. Maar vir my is dit ook opwindend. Soos jy, Azille, het ek ook vrou geword in die vroeë 2000s, 'n besonders onfeministiese tyd, trots 'postfeministies'. Die feit dat gesprekke oor gender en seksualiteit nou orals plaasvind, ook in Afrikaans, beteken hopelik dat ons verstaan van die wêreld, onsself en mekaar net meer genuanseer kan word, en ek hoop *Turksvy* is 'n plek waar ons van hierdie kwessies kan probeer uitpluis.

Liefde,
Bibi



Bibi in 'n dogtertjie se kamer



Cool, man!




I know what I want

# ISSIE BOEK SE NAAM FEMINISME?

deur

RONELDA S. KAMFER




Allison hang in die kamerdeurentrance soos 'n bubblegum-chewing teenager uit 'n 80s film, en vra wat ek maak.

"Ek lees van feminisme."

My ma stop agter haar met 'n oorvol wasmandjie, "Wat maak julle twee?"

Ek is in die middle van 'n cold war met my ma, so ek lig nie eers my oë uit die boek nie. Allison antwoord, "Nana lees van famine en die nazi's goed en ek gan nou hare was." Sy haal 'n handdoek uit die wasmandjie en draai terug badkamer toe terwyl my ma verder verby stap. Ek staan op en maak my kamerdeur toe, gaan lê op die vloer en lees verder.

*"A wild, wicked slip she was—but she had the bonniest eye, the sweetest smile, and lightest foot in the parish: and, after all, I believe she meant no harm; for when once she made you cry in good earnest, it seldom happened that she would not keep you company, and oblige you to be quiet that you might comfort her."*

Ek probeer relate aan Catherine in *Wuthering Heights*, maar "My heart will go on" speel oor en oor kliphard in my

kop, soos Guantanamo Bay-torture music. Die woorde begin ebb en flow soos water op die blaai voor my, op die water 'n skip, *Titanic*. Die *Titanic*-film. Spesifiek die scene in *Titanic* wanneer Kate Winslet vi DiCaprio sê, "Teach me to ride like a man. And chew tobacco like a man. And spit like a man." En dan aan die einde van die film kom die lifeboats vir vrouens en kinders. En daar gaan Rose—soos 'n woman. Niemand verkoop veiligheid soos 'n rowwe witmeisie nie.

Jare later lees ek 'n essay van Slavoj Žižek, "A pervert's guide to family". Daarin skryf hy oor Titanic en inadvertently sit hy vir *Wuthering Heights* in perspektief:

*"[I]s Cameron's* Titanic *really about the catastrophe of the ship hitting the ice-berg? One should be attentive to the precise moment of the catastrophe: it takes place when the two young lovers (Leonardo DiCaprio and Kate Winslet), immediately after consummating their amorous link in the sexual act, return to the ship's deck [...]. [O]n the deck, Kate passionately says to her lover that, when the ship will reach New York the next morning, she will leave with him, preferring poor life with her true love to the false corrupted life among the rich; at THIS moment the ship hits the ice-berg, in order to PREVENT what would undoubtedly have been the TRUE catastrophe, namely the couple's life in New York—one can safely guess that soon, the misery of everyday life would destroy their love. The catastrophe thus occurs in order to save their love, in order to sustain the illusion that, if it were not to happen, they would have lived 'happily forever after' [...]"*

In dieselfde asem sê Žižek ook dat Michael Bay se 1998 action film, *Armageddon*, oor incest gaan. So, there's that to keep in mind. Maar soos hulle sê, even a broken clock is right twice a day, of soos in die geval van Žižek, the clearly broken man.

*Titanic* is snaaks genoeg 'n film wat ek wens ek kon gemaak het, ek wens ek kon James Cameron se original set geleen het. Daar is 'n regte storie oor klasdynamics op die planke van daai skip, wat often in my kop afspeel laat aande as ek nie kan slaap nie.

As jy soos ek is wat in die aande wakker lê en my traumas suppress met aimless distractions, weet jy dat at the bottom of every internet rabbit hole is daar 'n link na 'n Zergnet-top tien lys. Daai "Top ten actors who killed a person. Number ten will shock you!" soort lists. Onlangs lees ek een oor top ten fan theories that will make you see films differently. Een van die fan theories verduidelik hoekom Rose nie vir Jack op die deur laat klim het met haar aan die einde nie, terwyl daar clearly genoeg plek was vir twee mense. Ek kan nie onthou wat die theory was nie, ek onthou net dat ek dissatisfied was met die conclusion. Want ek weet wat die regte rede is, en dit is baie eenvoudig: Dit sou ongemaklik wees vir Rose. Sy het die legroom makeer. 'n Ryk wit meisie verloor haar adventurous spirit die oomblik wat sy haar comforts moet opgee. Catherine, vir al haar wild wickedness, trou aan die einde van die dag vir geld en klas.

"Is dit nou nodig?" vra my antie, terwyl die neighbour sy vrou aan die hare uit ons huis uit sleep. Wanne hulle twee buite is raak die vrou kwaad en punch die man hard in sy vet maag, laat hy krom word soos 'n rankplant sonder rigting.

Ek en my antie stap kaalvoete agterna. "Nou gan jy jou gat sien," sê die vrou. "Meidepak is jou naam!" lag my antie. Die vrou wat staan en haar man moer se naam is Mal Mientjies. Elke nou en dan snap sy, en moer 'n man half vrek. As dit nie haar man is nie is dit iemand anders se man. Dan staan die mense net en kyk, skud hulle koppe en iemand sê, "Daai Mientjies is so mal soos 'n haas." Ek dink daar is niks verskil vir mense hier by ons tussen 'n person wat mal raak en iemand aanrand en iemand wat dronk raak en love songs sing nie. Mal is nie iets nie. Ek loop tot by die houthekkie en maak dit toe agter hulle. Ek slither weer tot op my growwe mat, nou met Charlotte Brontë se *Jane Eyre*. Nou is daar 'n malmeid in die attic, en die jong is klaar getroud. Ek maak die boek toe en gooi dit op my klerekas, is nie vir my geskryf nie. Nevermind.

My ma kom ingestap met my opgevoude skoon

wasgoed en sit dit op my bed neer, die sonstrale gooi sukke orange beams deur die blinds en wanneer dit my ma se copper hare hit, lyk sy soos 'n stained glass venster. My uncle kom sing-sing ingestap en gee vir my ma die bruin koevert met sy pay in.

"Siesa, die pakkie is nog toe," sê sy. "Ja, 'n man moet ees sy ôt byrie hys afgie dan kan hy mos gan skarrelbaan virrie donkie maan." "Maak toe my deur," complain ek en krap onder my bed vir Sylvia Plath. Ek begin *Bell Jar* lees terwyl die son sak en ek notice nie hoe dit donker raak om my nie. "I noticed a big smudgy-eyed Chinese woman staring idiotically into my face. It was only me of course. I was appalled to see how wrinkled and used-up I looked." Die vroumens het my gefool soos Ingrid Jonker my gefool het, mooi witmeisies wrapped in pyn en wit lakens. Die boek is ook nie vir my nie. Die writing is dramatic en racist dink ek by myself.

"Speel 'n blues number!" skrie my antie vir my suster wat die designated DJ is. Sy krap deur die CD's en kom af op een wat op geskryf is, "Slowjams 2004", sy sit dit op en my antie spring op soos 'n kerksuster wat finally haar hoergees kan indulge.

*"Fuck what I said, it don't mean shit now*
*Fuck the presents, might as well throw 'em out*
*Fuck all those kisses, they didn't mean jack*
*Fuck you, you ho, I don't want you back."*

Sy sing Eamon se lyrics met gevoel en ek kan nie uitfigure of dit is vi haar man of vir haar side nigga nie, want my antie cheat soos 'n man en suip soos 'n man wie se vrou bekeer is. Ek sneak weer kamer toe, weg van die geraas af en gaan lê op my bed en dink aan die boeke wat onder my kooi lê soos monsters in 'n kinderstorie.

Ek grawe nog een keer blindly en 'n klein dun boeke kom uit, *Self-Reliance* deur Ralph Waldo Emerson. "Let us answer a book of ink with a book of flesh and blood." Die is meer my jam. Ek vibe op Emerson soos my antie op Eamon vibe. Dis nice om te kan lees sonder conflicted te voel. In my dowe oor is stilte, met die ander luister ek vaagweg na die neighbour en sy vrou wie alweer on the go is. Vandag slaan sy vir hom, môre slaan hy vir haar. Talk about flesh and blood. Hier waa ons bly kom die lifeboats nie vir die vroumense en kinders nie. En ek ken niemand wat soos 'n man wil wees nie. Al die vrouens probeer soos vrouens wees, want hulle is klaar te hard en cruel soos mans.

Genoeg vi vandag, ek trek die comforter tot onder my ken wanneer my suster winddronk ingeval kom en langs my kom lê. Ons lê in stilte vir 'n rukkie dan vra sy, "My broe, wat is feminisme? Is die boek se naam feminisme?"

"Moenie worry nie, issie vi ôs geskryfie," sê ek en bol myself op so klein soos ek myself kan kry. •

“ISSIE BOEK SE NAAM FEMINISME?”



# “MOENIE WORRY NIE, ISSIE VI ÔS GESKRYFIE.”

# EK EN DIE F-WOORD

deur

MARITA VAN DER VYVER




"Ek hou van hierdie boek," sê 'n vrou in die gehoor vir my by die Suidoosterfees waar ek oor *'n Baie lang brief aan my dogter* gesels, "want ek vind aanklank by jou realistiese feminisme."

Ek is nie seker wat 'realistiese feminisme' beteken nie, maar ek hou instinktief van die beskrywing.

By dieselfde Suidoosterfees sit ek op my beurt in die gehoor en luister hoe Anastasia de Vries en Ronelda Kamfer oor *Kompoun* gesels, en weer eens kom feminisme ter sprake. Anastasia sê sy het die boek geskenk vir 'n vriendin wat in 'n fabriek werk, en die vriendin was mal oor die boek, van die eerste bladsy af, maar toe maak sy 'n aanmerking wat Anastasia, as universiteitsdosent, dwing om weer oor die hele konsep van feminisme te dink. Dis net vroue soos jy, sê die fabriekvriendin—bedoelende vroue met 'geleerdheid'—wat met feminisme bodder.

Bedoelende ander vroue word uitgesluit—of voel uitgesluit —van sulke akademiese '-ismes'. Want hulle is te hard aan die werk om kos op die tafel te kry, te besig met belangriker kwessies soos gesinsgeweld of afwesige pa's of hoe maak jy jou kinders groot in 'n toksiese omgewing, dalk 'n kombinasie van al hierdie kwessies en baie ander. Besig om te oorleef, maak nie saak hoe nie, sonder die luukse van selfondersoek.

En Ronelda, nes die meeste vroue in die gehoor, het presies geweet wat Anastasia se vriendin bedoel.

Wanneer ek myself 'n feminis noem, is ek altyd intens bewus van hierdie soort gaping wat soms onoorbrugbaar voel. Enige '-isme' is uiteraard 'n akademiese of filosofiese konsep. Dalk is dit waarom ek instinktief aanklank vind by die term 'realistiese feminis'?

En tog. Ek háát dit as iemand sê, "Ek is 'n feminis, maar..." (maar ek hou van mans, maar ek skeer my beenhare, maar ek dra lipstick—vul in net wat jy wil, daardie 'maar' bly 'n bliksem). Amper so irriterend soos "Ek is nie 'n rassis nie, maar..." As jy 'maar' moet byvoeg, is jy waarskynlik 'n rassis.

Of 'n feminis.

So waarom nie net erken dat jy is wat jy is nie?

Die *Oxford Dictionary* definieer feminisme as: "Advocacy of the rights of women based on the theory of equality of the sexes." Dis al.

Toegegee, gender politics het allerhande nuwe kinkels in hierdie kabel laat ontstaan, vurige argumente oor wie die reg het om 'n vrou genoem te word, 'n toenemende bewuswording van die feit dat gender veel wyer strek as die tradisionele binêre verdeling in manlik of vroulik. Selfs ek, wat gans te oud is om deel van die woke-generasie te wees, voel deesdae 'n bietjie verontwaardig wanneer ek my geslag op 'n amptelike vorm moet invul en die enigste keuse wat ek kry, is tussen M vir manlik en V vir vroulik.

Soms spoel hierdie verontwaardiging deur my hele lyf en as ek weer sien, het my regterhand 'n vraagteken

gevorm pleks van 'n kruisie in een van daardie twee benoude boksies. Ek is altyd effens verbaas as ek die ongevraagde vraagteken sien. Praat van die linkerhand wat nie weet wat die regterhand doen nie, né.

Maar as jy instinktief glo dat albei geslagte—en alle genders—gelyke regte verdien, is jy wat my betref 'n feminis. Of wag, laat ek liewers nie namens ander praat nie. Laat ek eerder net sê omdat ék instinktief glo dat albei geslagte en alle genders gelyke regte verdien, is ek 'n feminis. No ifs or buts.

Of soos Salman Rushdie dit op 'n kol gestel het toe hy gevra is of hy 'n feminis is: "Yes. What else is there to be? Everything else is being an asshole." Daar kan natuurlik geredeneer word dat Rushdie op ander maniere 'n asshole is, of dat die vrouekarakters in sy romans nie altyd die saak van feminisme dien nie (wat dié saak ook al sou wees), maar ek het instinktief van hierdie antwoord gehou toe ek dit die eerste keer hoor.

Enigiets anders is om 'n poephol te wees, inderdaad.

In *'n Baie lang brief aan my dogter* probeer ek verduidelik waar my instinktiewe, realistiese, onakademiese feminisme vandaan kom:

*"My lewenslange smagting na 'n dogter het vermoedelik iets te doen met 'n instinktiewe soort feminisme, want lank voordat ek daardie f-woord die eerste keer gehoor het, het ek geweet iets is verkeerd in 'n wêreld waar die helfte van die mensdom laer geag word as die ander helfte. Ek was van jongs af ontstig omdat soveel ouers oral op aarde eerder seuns as dogters wou hê, omdat koninginne in die geskiedenis letterlik hulle kop verloor het wanneer hulle nie 'n seun in die lewe kon bring nie, omdat dogtertjie-babas in my eie leeftyd vermoor of weggegee is in lande soos China waar ouers verbied is om meer as een kind te hê, omdat ek selfs in my klein Afrikaanse wêreldjie kon sien dat pa's meestal trotser en blyer is wanneer 'n seun gebore word as wanneer dit 'net 'n meisie' is.*

*Dalk was dit net omdat ek van altyd af die buiteperd se kant gekies het. In enige sportwedstryd sou ek die span of die deelnemer aanmoedig wat die kleinste kans het om te wen. En in die wêreld waar ek grootgeword het, was dit vroeg reeds duidelik dat meisies die buiteperde is.*

*Júís omdat soveel mense nie dogters wou hê nie, wou ek verskriklik graag 'n meisiekind hê. Asof één mens wat met haar hele hart 'n dogter begeer, kon vergoed vir miljoene mense se minagting of geringskatting.*

*Simone de Beauvoir het gesê jy word nie as 'n vrou gebore nie, jy wórd 'n vrou. Dis vandag nog net so waar soos sewentig jaar gelede toe sy* Le deuxième sexe *geskryf het, of soos veertig jaar gelede toe ek die Engelse vertaling,* The Second Sex, *gelees het. Om aan die begin van die 21ste eeu 'n jong vrou te wees, is steeds nie dieselfde as om 'n jong man te wees nie. En in heeltemal te veel lande is die verskil tussen wat mans mag doen en wat vroue mag doen nog altyd 'n onoorbrugbare kloof.*

*Dis waarom ek jou wou hê, my liewe dogter, en dis waarom ek nou aan jou skryf."*

Wat ek nie in die boek skryf nie, is dat ek nooit in my dogter se grootwordjare met haar oor feminisme gepraat het nie. Ek wou haar nie iets gee om teen te reageer nie. As sy haar ma as hierdie prekende feminis ervaar het, sou sy dalk bloot in reaksie weggedraai het van feminisme. Trouens, die f-woord is nooit eens tussen ons genoem nie, tot sy omtrent sestien was en besiel deur 'n nuwe geslag feministiese influencers op sosiale netwerke na haarself as 'n feminis begin verwys het.

Tóé eers draai ons die krane van hierdie gesprek oop—en ek leer net soveel by haar as sy by my—en dit vorm 'n selfs hegter band tussen ons.

Sy beweer dit was nie nodig om daaroor te práát terwyl sy 'n kind was nie. "Actions speak louder than words, Ma." Sy sê ek het elke dag in ons huishouding, in my verhouding met haar pa, in my onafhanklikheid en deur al my besluite vir haar gewys dat ek in gelykheid tussen geslagte glo.

Dis moontlik die mooiste kompliment wat sy ooit vir my gegee het.

En dalk is dít wat 'realistiese feminisme' vir my beteken. Iets wat jy eenvoudig uitlewe, elke dag, omdat jy nie anders kan nie. Jy is wat jy is. As jou dogter—of haar vriendinne of ander jonger vroue wat jy ken—ook op 'n feministiese manier begin lewe, maak dit jou bly. En as jou seun—of jou dogter se manlike lover—dit ook doen, maak dit jou selfs blyer.

My work here is done, dink ek dan. Ek het die fakkel aangegee na die volgende geslag. •

# LETTING GO

deur

DIANA FERRUS



**Oorlewing**

Toe sy so hard baklei
dun-vinger-vuiste maak
en skrillend skree
het sy geweet dat
haar kroos eendag
buite haar hok
gaan dwaal en vasval
sy't 'n band met woorde gehekel
en aan elk van haar kinders gestik
vandag trek hulle mekaar nader
vlei hulself neer op 'n lappieskombers
en hekel en stik aan 'n band
vir hulself, vir haar en die mensdom

**My ma was 'n storm**

My ma was 'n storm
'n lug gevul met donker wolke
sy kon dreig
of net oopbars
sy het waarskuwings gegee
voor sy toegeslaan het
haar donderende tong
het ou dooie bome en teorieë ontwortel
my ma het skoongemaak met 'n ysterstofdoek
sy het alle vuilheid en valshede weggevee
my ma het die gevaar geloop dat haar naam besmeer sou word
maar sy kon nie getem word nie
Ek wou nie haar so vrylik sien reën nie
sy moes gestop word voordat dit te nat word
Ek was bang dat sy sou verdrink, ek was bang vir daardie vloede
dit het my na my asem laat snak...
My ma was 'n te intense winter
Ek het geweet dat sy 'n somer dra
maar een waarin kitsvloede weggekruip het
o, maar hoe verlang ek nou na daardie storm
'n felle, 'n allesomvattende een
In hierdie dae waarin harde klippe stamp
en skeur aan vel en siel
wens ek dat my ma in die lug kon verskyn
en met 'n woedende wind die wolke versamel
en kliphard reën en daardie klippe verbrokkel
daardie klippe nou nog so ongeskonde, so selfvoldaan
vandag benodig ek my ma

## LETTING GO

My ma het my nie toegelaat
om vas te hou nie
nie aan haar of my pa nie
sy het my in ongemak gebad
in skaamte laat droog word
die uiterstes van temperatuur laat voel
ek moes vastrapplekke vind
leer dat bome se takke breek
ek het gegly
in modder vasgeval
sonder vashou opgestaan
vandag hou ek aan haar herinneringe vas
sonder bang om haar te laat gaan.
my ma het my geleer wat vryheid is.

## Die bakleierige matriarg

Praat van 'n matriarg! My ma was die perfekte een. In die ou lokasie was daar vele van hulle maar ook veels te veel van die wat onder die patriargie verniel was. Daar was verskeie soorte mans en vroue.

Ek kan die paartjies oproep in daai lokasie. Sommige was rustig en het mekaar verstaan. Daar was nooit 'n bakleiery nie. Dit het voorgekom asof die geldsake na altwee se wil geskik was. Dan was daar die wie se sake heel skeef uitgewerk was en dit het op werklike oorloë uitgeloop. Kyk daar was mans wat gedrink het, die meeste het in any case gedrink. Maar daar was mans wat hulle pay huis toe gebring het en dan die kannetjie gaan koop het. Dan was daar die wat in die dorp al die kannetjie gekoop het en nog steeds die pay huis toe gebring het. Dan was daar die wat sommer in die dorp die pay uitgesuip het en nog by die huis kom kos soek het. Daar was vrouens wat in die geval 'n ietsie kon uitkrap en dan was daar van die wat gesê het, "gaan soek daar wat jy vandaan gekom het." Nou ja dit was die manne wat nie kon slaap nie. Hulle het nou heel Vrydagnag gekarring oor dit of oor dat en het heeltyd gedreig om handgemeen te raak. Daar was vrouens wat shit-scared was en ieder pad gevat het met die kinders vir die naweek en dan was daar daai vrouens wat geskree het, "vanaand gaan jy sien!" Hulle was reg vir die big fight.

Huisgeweld in die bruingemeenskap was 'n sports.

Vrydae-aande kon jy borde hoor breek, myle ver. Dit was vroegaand. So teen negeuur het die stemme skril die aand ingeskiet en tienuur wanneer die kinders vaak was, het die klok gelui vir die eerste rondte. Die kinders, nou die toeskouers, het so hard geskree maar mens kon nie uitmaak vir wie nie! In die meeste gevalle het die manne 'n uitklophou geplant, maar daar was gevalle waar manne buite in die jaart moes slaap. Kyk, daar was vrouens wat hulle manne in die straat wou slaan. Hulle het buite gaan staan en "kô uit jou gemors," geskree. "Vanaand kry jy 'n meirepak."

Kyk, die pay was min en die werk was swaar. So ek weet nie of die manne gedink het die geld kom niemand toe behalwe hulself nie. Maar ek onthou graag die nie-bang anties, die wat sommer eerste slaan en die wat sê, "hou jou bek, jy praat te veel!"

My ma was een van hulle en sy het graag haar vriendinne help slaan aan hulle onbeskofte manne. Sy het die vroue huis toe vergesel en hulle manne die leviete voorgelees. En as die manne wou gewelddadig raak, het sy hulle herinner daaraan dat sy die wet ken en as hulle weer hulle hande sou oplig, hoe lank hulle gaan sit. Maar sy was behalwe slim, ook sjarmant en het gou-gou vrede in die huis bewerkstellig alhoewel almal geweet het dat dit net sal hou tot die volgende pay-dag. Later het almal besef dat my ma die matriarg in die straat/lokasie was, die bakleierige matriarg!

## Die stempel

Ek en Boeta het rondgery om die reëlings te tref vir die begrafnis. Jy was weg, jou stem alhoewel in die laaste nie veel van dit nie, was stil, hartverskeurend stil.

Boeta het by die Kantoor van Binnelandse Sake ingedraf met jou identiteitsdokument. Na 'n halfuur wat soos 'n paar minute gevoel het, het hy uitgekom. "Dê, sit in die cabby hole."

Dit was jou ID. Toe ek dit oopmaak, staan daar gestempel, "OORLEDE". Dit kon ek nie oorkom nie. My liggaam het geruk. Jou gesig het met die effense glimlag na my gestaar maar die blou ink van die stempel het dwars oor jou kop gelê. So 'n pyn het ek nog nooit in my lewe gevoel nie. So 'n pyn het ek my nooit ooit verbeel sou ek voel nie. "Toemaar, toemaar," het Boeta probeer troos, "dis ok".

Ons het aangery. By die kerk het hy weer uitgeklim. Die son was loodreg in die middel van die Worcesterse lug. Agter die NG Kerk het die ronde kop van die Brandwagberg uitgetroon en skielik het 'n sagte, koel, hartseer wind begin te waai. "Dit gaan reën," het ek gedink.

In Stockenstromstraat het ons by P.A. Venter gestop om die kruis wat op jou graf sou staan op te tel. Die trane wou nie ophou nie. Terwyl Boeta weg was het Enya oor die motor se radio begin sing. Dit was 'n song wat ek al gehoor het maar wat daardie dag eers betekenis vir my gekry het. Ek het ineengekrimp en elke woord was soos 'n dolk in my hart. Ek wou net weet dat alhoewel ek jou nie meer kon sien nie, jou stem kon hoor nie, dat jy iewers was, lief vir my, selfs liewer as wat jy was. Ek het gedink aan hoe my prestasies jou trots gemaak het, die blink wat in daardie oë kom sit het en die tong wat niks hoef te gesê het nie, hoe jy ons rapporte

gestoor het in 'n plek wat ons nie van geweet het nie, hoe jy in al jou eenvoud, in alles wat jy wou gehad het en nie gekry het nie nog steeds trots kon bly. Ek het onomwonde besef hoe lief jy was vir my.

*"I dreamt I dwelt in marble halls*
*with vassals and serfs at my side,*
*and of all who assembled within those walls*
*that I was the hope and the pride.*
*I had riches all too great to count*
*and a high ancestral name*
*but I also dreamt which pleased me most*
*that you loved me still the same,*
*that you loved me*
*you loved me still the same,*
*that you loved me*
*you loved me still the same."*

My broer het langsaan my gesit, jou oudste seun, jou lieflingskind, maar op daardie oomblik was dit net ek en jy en jou liefde vir my en myne vir jou.



Diana Ferrus se ma, broer en sy dogter

**Herinneringe**
*(vir mammie)*

Niks was sekerder as ek in jou
as ek van jou
in jou vleis, jou beenmurg en milt
hou jy my vas
en ek keer terug
met uitgegroeide hande
en ou versoolde voete
om dit wat eens een was in my drome op te roep
maar jy slaap stil, jou een oog toe
tyd skeur ons in twee, drie of vier
Niks is sekerder as ek en jy
wat stadigaan vervaag
tot skaduwees.


**Hoe beweeg ek verby jou woorde...**
*(vir Maya Angelou)*

Jou woorde is oorloë wat in die sakke van die rykes
en in die mae van die armes woed
Jou woorde is nie gewere, mortiere,
tuis-gemaakte bomme of misplaaste missiele nie
Jou woorde duik vanuit die lug
soos 'n voël, nie om op te wil pik
maar om vanuit die hemele te bring—
genoeg om aan te fees vir 'n lang dag
en 'n koue nag
Jou woorde is knus-passende pantoffels,
fyn om die rante, wat 'n gevriesde voet pas
en stadig die verstopte aar verhit
Jou woorde loop op waters,
seil die smal seestrate
Jou woorde is die heelal
die aarde
die ontslapenes
Jy
was woorde. •

# ’N HUISVERGADERING OOR FEMINISME IN LINDEN

deur

HERSCHELLE BENJAMIN EN MERCY KANNEMEYER



MERCY: Sal jy vanaand aandete maak? Ek is nie lus nie.

HERSCHELLE: Ek sal.

*Herschelle spring met aandete weg terwyl Mercy uitstaar oor die stadsliggies.*

HERSCHELLE: Jy is nuut in Johannesburg. Yaaas gurl, hoe voel dit anders hier in die woudstad as in die Kaap?

MERCY: Ek het gelukkig nog nooit regtig in die Kaap-Kaap gebly nie. Stellenbosch is nie die Kaap nie. Stellenbosch hou soms vir haar soos die Kaap, maar she’s not that girl. Op ’n ernstige noot—Johannesburg is groot. Dis besig. Dis loud. Aanvanklik was ek moerse overwhelmed, veral deur al die karre op die pad, maar nou het ek my klein bubbles create en ek beweeg net in my kleine kleine bubbles.

HERSCHELLE: Jy het paar Maandae gelede ’n gedig by ’n open mic hier in Linden gelees. Kan jy bietjie meer daarvan vertel? Ek het gedink dit is fokken amazing!

MERCY: Dankie. Ag ja, dis ’n gedig wat ek eendag uit boredom uit geskryf het, getiteld “As ek ’n groter feminis was”. Die gedig is intussen getoonset deur die fenomenale Andries Bezuidenhout (ohmyword, miskien moet Bibi en Azille na hom uitreik om ook bietjie oor feminisme te praat. Andries is een van my heel gunsteling denkers), en dit vorm deel van die plaat, *Derde Golf*, wat ons groep skrywers by die Jakes Gerwel Stigting opgeneem het.

In die gedig spot ek sommer met wat ’n kak feminis ek soms is. Ag, ek weet nie hoe om dit te beskryf nie, kom ek insert die gedig sommer hier.

*Mercy spring op en hol na haar kamer om haar laptop uit te pluk.*

**As ek 'n groter feminis was**

*"I sometimes worry that I wouldn't be such a feminist if I had bigger tits"—Fleabag.*

As ek 'n groter feminis was
sou ek nie omgee oor wat ek aantrek nie
ek sou soggens opstaan
die gemaklikste ding oor my kop gooi
en 'n verskil gaan maak.

As ek 'n groter feminis was
sou ek harder praat
ek sou nie bang wees om
ja of nee of asb of dankie te sê nie
ek sou vir mense sê as hulle
oor die lyn trap

As ek 'n groter feminis was
sou ek seker beter na myself gekyk het
gesond eet minder drink
meer vloek
ek sou alles behalwe poes vloek
poes is offensive wanneer jy nie weet waarvan jy praat nie

As ek 'n groter feminis was
sou ek my geleerdheid prioritiseer
en seker maak dat ek saam met die groot honde kan blaf.

Ek sou op 'n moerse rots gaan staan
en nie worry oor vet bobene en of my spiere bult nie.

As ek 'n groter feminis was
sou ek dit tot die uithoeke van die aarde gaan verkondig.

Ek is hier! Ek is hier.

Ek sou ook
dan gaan stap
ek sou
leer swem
meer van myself hou
leer hoe om te bestuur
meer lees
leer mediteer
meer bid
minder worry of feminisme aantreklik is op iemand soos ek.

Nou is ek maar 'n kak gemiddelde feminis
Wat kakker poësie probeer pleeg terwyl die wêreld
ongelyk besig is om te vergaan.

HERSCHELLE: Wat beteken feminisme vir jou?

MERCY: Feminisme kom neer op gelyke regte tussen alle geslagte. Ek beskou myself as 'n intersectional feminist. Die manier waarop sosiale en politiese identiteite en issues overlap, is vir my belangrik. Ja ek is 'n vrou, en ek is ook 'n bruin vrou wat uit 'n werkersklasgesin kom. Vir my gaan feminisme beyond net gelyke regte. Daar is geweldig baie regstellende werk wat nog moet gebeur—ons kan nie sommer 1 2 3 almal gelyk wees voordat ons nie ons land se verdeelde verlede aangespreek het nie. En in fact, as ek nou verspot mag wees—ek soek nie net gelyke regte nie. Ek soek meer. En hiermee bedoel ek nie dat mans nou totaal en al uit die samelewing uit verwyder moet word nie. Hahaha, kan jy imagine? Ek soek meer in die sin dat ons die verlede aanspreek, en maniere vind om die wandade van die verlede op 'n manier reg te stel. Ugh, ek klink nou vaag. Kom ek stel dit duideliker—die samelewing is byvoorbeeld so gewoond aan mans in magsposisies. Ons moet dit flip. Meer vroue in power. Meer vroue in visible magsposisies. Meer vroue in werke wat tradisioneel deur mans gedoen is. Ek hoop dit maak sin. Maar so gepraat van feminisme en mans, dink jy mans kan feministe wees?

HERSCHELLE:  Ja, ek glo mans kan feministe wees. Ek dink vir my het dit nog altyd gegaan oor gelykheid en bevordering van vroue se regte en menswaardigheid in die hele samelewing op verskillende vlakke. Dis hoekom dit nie altyd vir my sin maak hoekom mans so gekant is daarteen nie. Dit sien as een of ander bedreiging vir hul plek in die samelewing. Ek dink die toekoms en die vooruitgang van die wêreld, en 'n beter een, sal beslis beter beïnvloed word as mans die feministiese diskoers en beywering ondersteun en bevorder.

HERSCHELLE: Watter vroue skrywers in Afrikaans, dink jy, bevorder progressiewe denke rondom feminisme in hulle werk? En inspireer hullle jou? Hoe? Vertel.

MERCY: Marita van der Vyver. Ingrid Winterbach. Ronelda S. Kamfer. Azille Coetzee. Jolyn Phillips. Ek sou nie sê hierdie skrywers probeer doelbewus progressief wees nie, hulle is net. En dít is vir my 'n radikale act of feminism—om net jou ding te doen en blerrie goed te wees daarin. Ek is nie lus om my identiteite heeltyd soos 'n naambordjie te dra nie. Ek wil my werk doen, en deur my werk wil ek hê mense moet my identiteite sien.

HERSCHELLE: Ons bure langsaan wonder seker hoekom praat ons so hard en oor "kak". Wat sou jy vir hulle vertel oor hoekom feminisme so belangrik is? En natuurlik hoekom ons pasta eet sonder wyn vanaand... haha!

MERCY: Ek weet eerlikwaar nie lekker hoe om vir iemand te verduidelik waarom feminisme belangrik is nie. As jy dit teen dié tyd nie besef nie, weet ek nie wat om vir jou te sê nie. En hierdie gaan nie nou oor ons bure nie. Dit gaan oor mense wat steeds so gekant teen feminisme, en eintlik teen vroue, is. Dis nie nuwe nuus dat Suid-Afrika 'n epidemie van vrouegeweld ervaar nie. Ons moet almal omgee oor vroueregte. Ons moet almal woedend wees oor hoe gevaarlik dit vir vroue is om net te fokken leef in hierdie land. Ek wil net duidelik stel—dis nie te sê dat as ons almal feministe is, GBV nie gaan plaasvind nie. Maar ek dink feminisme bied die tools vir ons om te leer waarvoor om uit te kyk, waaroor om om te gee, en waarna om te streef—'n gelyke, regverdige, regmatige samelewing vir almal. Ons eet pasta sonder wyn omdat ons môre moet werk, en ons nou verantwoordelike grootmense is.

MERCY: Gay mans en straight mans... Is daar 'n verskil in hoe hulle feminisme sien of ervaar?

HERSCHELLE: Ek dink daar is dalk a.g.v. seksualiteit wat so 'n rol speel in hoe die samelewing gender verstaan in terme van die binêre opposisie tussen mans en vroue (eerder as 'n spektrum met allerlei skakerings). Ek kan dalk nie vir alle mans, gay of straight, hier praat nie, maar ek dink dat die ouer wanpersepsie van wat dit beteken om 'n "man" te wees so 'n rol speel as sekere mans feministe beskou as 'n

bedreiging. Of net algeheel gekant is daarteen. Ek dink in die moderne samelewing waarin gesinne/families/verhoudings verander en “anders is” kan die progressiewe vooruitgang (waarin feminisme vir my ’n rol speel) nie gekeer word nie.

MERCY: In die era van #MeToo en #TimesUp was baie mans bang dat hulle dalk ge-out gaan word as abusers. Wat dink jy daarvan?

HERSCHELLE: As hulle bang was, moet dit seker wees dat hulle skuldig was en dan voel ek dat hul wel die consequences moet dra.

MERCY: Ons praat baie. Dink jy ons doen genoeg? Hoe kan ons meer doen om genderregverdigheid te laat geskied?

HERSCHELLE: Ek dink jy kan baie doen in jou onmiddellike omgewing deur respek te betoon maar ook om net te luister. Ons kan ook dit doen in ons vakmanskap waarmee ons ons doenig hou. Kyk mens kan altyd meer doen en daarvoor moet jy jou beywer in die alledaagse lewe. Maar om gesprekke oop te maak is soms die eerste vorm van aksie—en dis nodig. So kom ons figure dit uit soos ons gaan, sonder om kwaad of ongeduldig te raak teenoor dies wat dalk nie op dieselfde plek is nie, maar met sagtheid, ter wille van opvoeding.

MERCY: Ek glo nie in devil’s advocate speel nie, want daar is genoeg evil in die wêreld, maar as ek mag—ek dink ons moet juis nou kwaad en ongeduldig begin raak. Ons praat en praat nou al vir só lank, en tog verander dinge so stadig.

*Pause for thought.*

Mercy: Anyway, wat’s jou volgende vraag?

HERSCHELLE: Laastens, wat dink jy kan ander mense doen om in doodeenvoudige manier gelykheid onder geslagte te bevorder?

MERCY: Luister. En doen.

HERSCHELLE: Nie ’n vraag vir die gesprek nie, maar soek jy Merlot, Cab Sav of Pinotage? Die pasta proe kak sonder wyn! Skaam ons.

MERCY: Pinotage. Beyerskloof Pinotage.

**BLITSRONDTE:**

1. Manicure of pedicure?
2. Big dick energy of big heart energy?
3. Movie of series?
4. Luisterboek of podcast?
5. Suid-Afrika of letterlik enige ander plek?

**Herschelle se antwoorde:**

1. Nie een nie, ek glo nie in self care nie.
2. Big heat energy.
3. Series op laptop maar movies in die cinema (kom ons gaan weer fliekteaters toe!).
4. Podcast.
5. Waar die wind my waai.

**Mercy se antwoorde:**

1. Solank jou naels skoon is.
2. Nie een van die twee nie. Big brain energy (is ek pretentious?).
3. Oorsese series, maar Suid-Afrikaanse movies.
4. Podcast vir my ook. Ek het honestly nog nooit ’n audiobook klaar geluister nie. Ek het probeer, maar wanneer die leser nie lees soos ek lees nie, kan ek nie daarmee deal nie. Ek lees ook baie vinnig, so dit voel asof luisterboeke langer vat as iemand anders lees.
5. Suid-Afrika, as jy my op ’n goeie dag vra.

*Huisvergadering verdaag.* •

# THE FEMALE GAZE

deur

LYNTHIA JULIUS

Verlede jaar sit ek met 'n sekstoneel wat ek moet skryf. Eers slat ek blênk. Ek kan mis nie wil 'n sekstoneel wil skryf nie. My hoof sal inval dan moet die geel Vaseline en Haarlemensis weer nader getrek word. En as dit nie werk nie, sal ek moet met Rooilavental uitgesmeer word of daarin gebad word. Goeie meisies skryf mis nie oor solikke goed nie.

Goed of nie goed nie, die toneel moet geskryf word en ék moet dit skryf, so hoe nou? Al wat ek aan kan dink is ek moet maak soos my land se politici maak. Ek moet steel en ek moet goed steel. Eers dink ek aan "The beautiful poem" van Richard Brautigan:

*"I go to bed in Los Angeles thinking*
*about you.*
*Pissing a few moments ago*
*I looked down at my penis*
*affectionately.*
*Knowing it has been inside*
*you twice today makes me*
*feel beautiful."*

So dan moet my karakters gevoelens vir mekaar het, maar ek is nie tevrede met net die trant nie, so ek trek rapmusiek nader. YouTube toe. Eers speel ek vir "Pussy money weed" van Ouboeda Wayne:

*"Clothes are overrated, panties are debated*
*Einstein… her head is the greatest"*

Dié man is 'n genie as dit by verse oor seks kom. Op repeat. "Her head is the greatest." Hoe steel ek dit en maak dit Afrikaans? Die mengsel Haarlemensis en Vaseline is al klaar aangemaak. Die pot sit kyk my. Nog 'n rapliedjie. "Drunk in love" van Beyoncé en Jay-Z se remix. Kanye se gedeelte slat dieper as die slaggate tussen Kimberley en Boshoff:



*"I ain't no pastor don't do missionary*
*I know good pussy when I see it I'm a visionary…*
*You reverse, you reverse that cowgirl, you reverse,*
*and I impregnated your mouth girl"*

Ek besluit om huis skoon te maak, van dit lyk my nie ek kry my kop skoon nie. Tussen Pine Gel en Handy Andy, mop en besem, laat speel ek die onsedelike musiek kliphard op my ma se bluetooth speaker. Maar hier's nou fout. Hier is groot fout. Hoekom, in my pienk gown en oorgroot sweetpakbroek, draai ek net na mans toe om by hulle seks te wil steel? Ek dink aan wat my suster, Sisca gesê het: "Ons moenie meer soos Spivak vra of die subaltern kan praat nie. Ons moet 'n slag vra wil die subaltern praat. Silence can also be self-defense." Vrouens was lank genoeg subalterns wat xho moes gebukkend gaan onder die male gaze. Vrouens

my ouderdom wil nou praat. Ons wil nou oor seks praat. Ek droog die mop uit en stuur eers die huis se skoonmaak in sy moer in. Droog my hande aan my gown af en loop rook. Nikotien het 'n manier om jou brein te khuza. Vrouens. Skryf uit die perspektief van 'n vrou. Jy identifiseer as een. Anaïs Nin kom vra skuif by my. Sy trek diep en herinner my:

*"I had a feeling that Pandora's box contained the mysteries of woman's sensuality, so different from a man's and for which man's language was so inadequate."*

Word vrou. Is vrou. Kom vrou. Die een gwaai is nie genoeg nie. Anne Sexton kom by my aan en haal nog een uit my pakkie uit. Sy trek 'n SAB-krat nader om op te sit. Ons praat oor "The Ballad of the Lonely Masturbator". Sy vra uit oor my pers vriendin (diep agter in my kas weggesteek) met die vyftien funksies wat ek by Olivia Grey gekoop het.

*"Finger to finger, now she's mine.*
*She's not too far. She's my encounter.*
*I beat her like a bell. I recline*
*in the bower where you used to mount her.*
*You borrowed me on the flowered spread.*
*At night, alone, I marry the bed."*

Wees vrou. Altyd vrou. Kom, vrou. Hoe smaak jou kom, vrou? Sy en Anaïs praat oor mekaar en so sit vat hulle net gwaais uit my pakkie uit asof hulle bygesit het en plan sal maak vir die volgende een. Hulle sê manne het lank genoeg gekyk. Genoeg oor en vir ons gepraat. Is nou onse beurt. Ons kyk nou. Ons moet vingers in eie bodems steek. Anaïs praat vir Anne dood. Sy praat oor sien. Oor kyk. Oor ruik:

*"She got up and brought a long mirror towards the window. She stood it on the floor against a chair. Then she sat down*



Beeld geskep deur C-J Sidego met die Kunsmatige Intelligensie-program Midjourney

*in front of it on the rug, and facing it, slowly opened her legs. The sight was enchanting. The skin was flawless, the vulva, roseate and full. She thought it was like the gum plant leaf with its secret milk that the pressure of the finger could bring out, the odorous moisture that came like the moisture of the sea shells."*

As daar moet gekom word, moet die kom aan die vrou behoort. Hulle gee nie om oor die man s'n nie. Sê manne kom hoeka te gou. Goed en wel, dames, maar sulke goed kan ek nie oor wil skryf nie. Meisies wat oor solikke goed skryf gaan nie die poorte van die hemel sien nie en my ma het 'n rosekrans gehang bo my bed. Anne sê ek sou in elk geval nooit gegaan het nie. Ek moet nog 'n vrou loop haal en hier kom bysit.

Antjie. Hier moet Afrikaans bykom en daar is nie vir Antjie as dit kom oor van seks dig nie. Ek lees vir uit *Mede-Wete*. Ek hoor ek moet my karakter se "vaginastrande" (laat) "klik-klaks soos 'n haai" (bl. 99). En die jong se tril, moet ek hom 'n "Cartesiese Alzheimerpiel" (bl. 99) maak? Anne sê daar is nie 'n piel sonder Alzheimer's nie. Ek wil weet of hy "soveel landskappe tussen haar bene oop" (bl. 99) moet maak. Ek tel vir *Kleur kom nooit alleen nie* op en begin blaai deur haar. Die gwaais raak al minder.

Anaïs maak my aanhou bladsy 52 lees. Sy sê daar, daar moet ek steel:

*"ons bekkens klap soos horings teen mekaar*
*jou boude kneukel wit*
*jy smeer na buite*
*jy smyt my binne*
*man massale man*
*om wie ek inkom*
*wat in my nek na dier en gode gil"*

My karakters se kamer moet "ontbrand" soos op bladsy 53. Sy moet "blind op [hom] ry" (bl. 54). Anne wil hê ek moet beskryf hoe die man haar penetreer soos Antjie maak in "The Particularity of Nakedness" (bl. 57). Beskryf die volheid. Of die halfheid. Afhangende van die grote van sy tril. Moenie die man die koning van naai maak soos in "The Artist and his Model" (bl. 59) nie. Maak háár die koning van naai. Laat sy hom opfrommel soos 'n druiprapport. Laat sy die kroon dra. Al penetreer hy, sy is die digter. Sy is die skepper.

Hulle vra ek moet vir Warsan Shire video call. Warsan add vir God in die gesprek:

*"God was in the room*
*when the man said to the woman*
*'I love you so much wrap your legs*
*around me pull me in pull me in pull me in'*
*sometimes when he'd have her nipple in his mouth*
*she'd whisper 'oh my god'*
*that too is a form of worship"*

Sy sê daar moet geprys word soos in born again-kerke. Ek moet skryf hoe dit is as die man uittrek. Hoe voel jou karakter wanneer die man uittrek? Voor ek kan antwoord beantwoord sy haar eie vraag:

*"Whenever he pulls out:*
*loss."*

My ma sal my heilige water wat die nonne in Namakwaland op gebid het laat drink as sy moet hoor van die soort gesprekke wat Lyntieja het. Sy sal weer wierook die huis vol brand. Anne wil weet hoekom ek daaroor worry. Anaïs haal die laaste gwaai uit die pakkie uit. Warsan lag en sê vir Anne en Anaïs hulle moet my hande oplê, dis ou ding van my. Sy sê:

*"Anything that leaves her mouth sounds like sex,*
*our mother has banned her from saying God's name."*

Na Warsan se call moes ophou oor loadshedding die sein sleg gemaak het en Anaïs en Anne geloop het sonder om sorry te sê oor ek xhoeroe is en sonder gwaais sit, gaan skryf ek die toneel. Ek maak dit later 'n reeks van sewe gedigte wat ek "Trilgasmes" doop. Daar's 'n reël:

*"Hy lei my na G spot waters waar daar rus is"*

Haarlemensis en geel Vaseline. Rooilavental. Rosekrans. Wierook en heilige water. Die hemelpoorte sal ek nie sien nie. •



Beeld uit die film *Portrait of a lady on fire* (2019, regisseur Céline Sciamma)

# VIER PERSPEKTIEWE OP ABORSIE

deur

AMANDA GOUWS,
RONELDA S. KAMFER,
MAUD
EN PETRA STEGMANN

Met kuns deur Willemien de Villiers

Daar is heelwat dinge waaroor ons nie eintlik praat in Afrikaans nie, maar daar is min onderwerpe só taboe soos aborsie. Toe Roe v Wade aan die begin van Julie omgekeer is in Amerika, het ons (Azille en Bibi) besef dat ons geen idee het wie van ons vriendinne en familielede al aborsies gehad het nie—dis iets waaroor daar gewoon net nie gepraat word in ons taal en kultuur nie. Tog is dit iets wat deurslaggewend is vir geslagsgelykheid in enige samelewing: as vroue ontneem word van die reg om te besluit of hulle geboorte gaan gee of nie, ontneem ons hulle nie net van basiese beheer oor hul eie liggame nie, maar ook van beheer oor hul toekoms. As vroue nie kan besluit wanneer, saam met wie, en onder watter omstandighede hulle kinders kry nie, ontsê ons een helfte van die samelewing die reg om te bepaal watter soort lewens hulle wil lei en saam met wie hulle dit wil doen.

Hierdie *Turksvy*-brief is daarop gerig om te begin om 'n gesprek oop te maak, in Afrikaans, oor die moeilike onderwerp van aborsie. Ons het 'n paar vroue byeengebring wat skryf vanuit verskillende perspektiewe:

1. Amanda Gouws gee 'n kort politiese/teoretiese/geskiedkundige uiteensetting van die kwessie
2. Ronelda S. Kamfer deel 'n essay oor die tyd wat sy as verpleër gewerk het
3. *Turksvy*-leser Maud dink na oor haar persoonlike ervaring van aborsie
4. Petra Stegmann ('n maatskaplike werker in die Kaapse platteland) vertel van die werklike behoefte aan veilige aborsie wat sy rondom haar sien, en hoe sy haar geloofsoortuigings versoen met haar sosiale-geregtigheidsbewussyn.



*Female Notions 2* (2019, Willemien de Villiers)

**"WOMEN YOU ARE ON YOUR OWN AND BIG BROTHER IS WATCHING YOU!"**
**deur Amanda Gouws**

Aborsie is kontroversieel en enige gesprek daaroor kan baie vinnig verander in konflik wat gemoedere hoog laat loop. Die haatpos van mans wat ek die afgelope paar weke oor my pro-keuse standpunt in die media gekry het, getuig van woede/angs rondom aborsie, maar dit getuig ook van mans se aanspraak om besluite oor vroue se liggame te neem. Redes vir die kontroversiële aard van die gesprek kan teruggevoer word na geloofsoortuigings, morele standpunte en perspektiewe op regte. Maar ten einde laaste gaan dit oor die beheer van vroue se seksualiteit en voortplanting.

In 1973 het die Amerikaanse Hooggeregshof in die hofsaak Roe v Wade aborsie in die VSA gewettig op grond van, onder andere, die argument dat die fetus nie die status van 'n persoon het nie en dus nie deur die Amerikaanse grondwet beskerm word nie. Dit was 'n deurslaggewende uitspraak vir feministe van die tweede golf, wat bekend geword het as radikale feminisme, en wat geëis het dat vroue beheer oor hul eie liggame moet hê. Hierdie feministiese argumente het bekend geword as 'pro-keuse' (nie 'pro-aborsie' nie). Dit gaan oor die aanspraak dat elke vrou self moet kan besluit oor haar eie voortplanting.

Dit het egter nie beteken dat aborsie op aanvraag beskikbaar sou wees nie. Omdat die VSA 'n federale stelsel is kon deelstate hul eie wetgewing maak oor hoe aborsies toegepas moes word. Die meer konserwatiewe state het dit amper onmoontlik gemaak vir vroue om aborsies te bekom, deur wette te maak wat veroorsaak dat aborsies slegs in die eerste trimester (eerste drie maande) uitgevoer kan word, voordat baie vroue eers besef hulle is swanger. Ander het beperkings op klinieke geplaas, soos die bepaling van die grootte van vloerspasie, wat die kostes vir klinieke baie hoog gemaak het. Nietemin kon vroue reis na plekke waar aborsies beskikbaar was.

Die teenkanting van pro-lewe groepe, wat pro-keuse afmaak as pro-aborsie of pro-moord, gaan van die standpunt uit dat lewe met bevrugting begin en dat die fetus van daardie oomblik af die status van 'n persoon ("personhood") en "fetale burgerskap" het. Aborsie in enige trimester word dus gelyk gestel aan moord op die fetus. Die ontwikkeling van tegnologie soos sonarbeelde het die argumente van hierdie groeperinge versterk omdat fetale beelde gelyk gestel word aan 'n volledige mens. Sonarbeelde word dus ook dikwels gebruik om vroue wat aborsies benodig, af te skrik. Pro-lewe groepe gebruik geloof om die morele argument oor lewe/dood te maak en aborsie word getipeer as 'n sonde. In baie lande waar die Katolieke Kerk dominant is, is geen aborsies moontlik nie.

Die argumente van pro-lewe ondersteuners kan teruggevoer word na 'n tipe biologiese determinisme ("biology is destiny") waar vroue die instrumente van hul biologie is, en hulle funksie bloot is om kinders te baar. Dit is biologiese reduksionisme. Dit plaas vroue terug in die rol van moeders en versorgers waar die biologiese aan sosiale rolle gekoppel word. Pro-lewe groepe stel nie werklik belang in lewe ná geboorte en wie verantwoordelik vir die versorging en grootmaak van kinders is nie. Dit poog om 'n godsdienstige hegemonie daar te stel, wat alle gedrag wat hierdie hegemonie oortree, sanksioneer. Die groeperinge is ook diep polities en bevorder die polarisasie rondom voortplanting soos ons nou sien in die VSA, nadat die VSA se hooggeregshof die Roe v Wade-uitspraak in 2022 omgekeer het met die Dobbs-uitspraak.

Waar argumente gemaak word op grond van regte word die regte van die swanger vrou opgeweeg teen die regte van 'n ongebore fetus. Die pro-keuse feministiese

argument is dat vroue beheer oor hul seksualiteit en voortplanting moet hê, waarsonder dit nie moontlik is vir vroue om outonome agente te wees nie en waarsonder geslagsgelykheid nie moontlik is nie. Feministiese moraliteit rondom aborsie maak nie argumente oor wanneer lewe begin en of die fetus 'n persoon is nie, maar vra vir die erkenning van die konteks en die sosiale verhoudings waarbinne vroue 'n aborsie aanvra. Vroue se besluite oor aborsie gebeur nie in 'n vakuum nie, maar word geneem met verwysing na die verhoudings waarin vroue hulself bevind—met hul lewensmaats, hul ander kinders, die vermoë om nog 'n kind te onderhou en hoe hul eie vermoëns om te werk deur die geboorte van 'n kind geraak word. Hierdie besluit word geneem met inagneming van materiële kondisies en vir meeste vroue is dit nooit 'n maklike besluit nie.

Die instellings soos die wetgewers waar wette oor voortplanting gemaak word of howe waar daar oor aborsie beslis word, word almal deur mans gedomineer, wat beteken vroue is uitgelewer aan besluite wat deur 'n meerderheid mans geneem word. Oor eeue heen is vroue se voortplanting deur mans in die politieke konteks beheer; of deur mans in kerke, soos die Katolieke Kerk, waar ou mans in rokke wat nog nooit seks met vroue gehad het nie oor vroue se voortplanting besluit en toegang tot aborsie beperk.

Vroue help mekaar al vir eeue lank met voortplantingsbesluite. Dit is waarom vroedvroue wat sekere vaardighede het, belangrik is. Hulle weet hoe om aborsies uit te voer. Maar dit dryf vroue tot onwettige/kriminele gedrag. In die VSA is feministe reeds besig om te mobiliseer. Danksy die internet is dit makliker vir vroue om mekaar te help. Daar is groepe wat koeëlvaste minibusse laat toerus met sonar en die nodige toerusting om aborsies uit te voer. Hul mobiliteit maak dit moeiliker vir wetstoepassers om hulle op te spoor.

Aangesien pille wat aborsie veroorsaak aanlyn te koop is, word pro-keuse vroue opgelei oor hoe om dit te gebruik en dan vroue wat 'n aborsie benodig te help. Die aborsiepil moet vir 30 minute aan die kant van die mond gehou word en mag nie gesluk of gekou word nie. Vroue word met M&M's (die Amerikaanse ekwivalent van Smarties) geleer hoe om dit te doen.

Wanneer toegang tot aborsie beperk word of onmoontlik gemaak word, raak dit gemarginaliseerde groepe soos arm vroue wat nie toegang tot geboortebeperking het nie die ergste, en verminder dit hul reeds beperkte lewensmoontlikhede. Meeste onwettige aborsies vind plaas in plekke waar vroue se gesondheid en oorlewing bedreig word. Studies in die VSA het gewys dat by vroue in dieselfde demografiese groeperinge wat swanger raak, diegene wat aborsies gekry het se lewenskanse verbeter het, terwyl die wat nie aborsies kon kry nie, maar wou gehad het, se lewenskanse verswak het (sien *The Atlantic*, Mei 2022).

Aborsie in die VSA is 'n politieke speelbal wat hoogs polariserend is. Die vraag is waarom regse politici dit so belangrik vind om vroue se seksualiteit en voortplanting te beheer in 'n wêreld wat reeds oorbevolk is. Dit is 'n terugstoot teen die regte wat vroue verkry het, maar ook 'n manier om kritiek te lewer op wat gesien word as 'n bandeloosheid en onkuisheid rondom seksualiteit, wat nou ook die aanvaarding van LGBTIQ+-seksualiteite en die "trans-onding" (soos wat regses dit noem) insluit. Dit is 'n teruggryp na 'n verlede van die kerngesin en bekrompe familiewaardes wat nie meer bestaan nie—en vroue betaal die prys hiervoor.

In Suid-Afrika is aborsie deur die ANC gewettig met die Choice of Termination of Pregnancy Act (Act 92 of 1996). Dit is nie omdat almal in die ANC saamgestem het nie, maar omdat die feministe in die ANC daardie tyd voorbrand gemaak het en versoek het dat daar nie volgens gewete gestem mag word nie, maar volgens 'n party-standpunt dat aborsie gewettig moet word. Die wettiging was dus baie makliker as om te wag vir 'n uitspraak in 'n saak voor

die Grondwetlike Hof. Ten spyte van die wettiging van aborsie is dit nie maklik beskikbaar nie, omdat dokters en verpleegpersoneel weier om dit te doen. By meeste klinieke word vroue weggewys of, indien die aborsie wel uitgevoer word, word vroue gestraf deur die weerhouding van pynmedikasie en deur beledigings. Toegang tot aborsie word ook beperk deur die agteruitgang van die openbare gesondheidsorg, stigma en normatiewe weerstand.

Die Dobbs-uitspraak het globale gevolge waar kondisies vir aborsie nou ook hier meer beperkend sal word en waar die voorwaardes vir die VSA se internasionale befondsing reeds meer konserwatief is, soos byvoorbeeld dat inligting oor die beperking van swangerskap geen inligting oor aborsie mag insluit nie. Maar dit het ook 'n meer distopiese dimensie. In baie state in die VSA sal vroue nou gedwing word om 'n swangerskap te voltooi ná verkragting of as daar 'n gebrek aan die fetus is. Daar is reeds sprake dat vroue wat oor grense wil reis, sal moet bewys dat hulle nie swanger is nie. 'n Mens wonder hoe so 'n bewys sal lyk. Hoe is dit anders as die distopiese *Handmaid's Tale* waar vroue verkrag word en gedwing word om kinders vir onvrugbare vroue te baar?

Die dawerende boodskap van die Dobbs-uitspraak is: "Women you are on your own and big brother is watching you!"



*Female Notions 3* (2019, Willemien de Villiers)



*Woman on blue* (2020, Willemien de Villiers)

**KIND AFMAAK ISSE LANG STORIE**
**deur Ronelda S. Kamfer**

Ek is op dag drie van my vierdagskof en help vandag in dagsaal met die aborsies.

Ons senior nurse kom haal my in die staff room waar ek nog besig is om my tekkies uit te trek en my Green Cross aan te trek. "Roer jou gat meirre, hier is ses aborsies vir jou. Prep hulle en maak hulle files klaar, ek gaan gou op rondtes

met dokter, ek's nou hier," sê sy en verdwyn in die gang af terwyl ek nog sukkel om my voet ordentlik in my skoen te kry.

Ek sit met my clipboard en pen en begin met die dag se aborsies. Die meisies in die wagkamer lyk almal soos ek, emaciated en exhausted. Pasiënt 1, 18 jaar oud, derde pregnancy, eerste aborsie. Pasiënt 2, 21 jaar oud, eerste pregnancy—haar gesig is geswel en bruised. Pasiënt 3, 26 jaar oud, eerste pregnancy, eerste aborsie—ons bly in dieselfde straat, ons chat oor hoe dit gaan met ons ma's en of ek gehoor het van Sara wat huis gekoop het in die wit area. Pasiënt 4 is 38 jaar oud, school teacher, tweede pregnancy, tweede aborsie—sy vra of sy maar kan buite wag, want sy wil rook, haar hande bewe en sy lyk asof sy gehuil het. Pasiënt 5 is 33 jaar oud, eerste pregnancy—sy het werksklere aan, en wil weet hoe lank die hele proses gaan vat, want sy moet by die werk wees sodra sy klaar is. Voor ek my mond kan oopmaak, sê pasiënt 6, "I was raped, I don't want this baby, it's a rape pregnancy."

Ek sê vir haar in my most calm tone, "Is okay, jy hoef nie daai te disclose nie. Ek vat maar net details sodat julle almal gehelp kan word. En ek is baie sorry dat jy so pregnant geraak het. But it's nobody's business." Sy kyk my aan en sê, "Yes, I understand but I don't want people to think I'm killing this baby because I want to, I can't have a rapist's baby. I just can't."

Ek explain die procedure aan elkeen van hulle, dan kom my matrone in die gang af en sê, "Nurse, hulle need help in kraam. Gaan gou, ek sal dat Davids hier verder gaan."

Ek sug, want Nurse Davids is 'n religious fanatic wat niks doen sonder die leiding van Liewe Jesus nie. En met al haar eie sondes toegesteek soos ou stretch marks is sy die worst persoon om my te kom relieve. But I just work here, so ek los my clipboard, druk my pen in my sak en maak my way kraamsaal toe.

Die twee security guards by die deur van die kraamsaal sit soos twee gargoyles en grom vir my wat vir once onthou het om te smile. Die smile help met die general mood van die hospitaal, apparently.

My eerste pasiënt is 'n new mom en sy sukkel met die baba wat nie latch nie.

Sy lyk flustered en sad, die newborn in haar arms lyk vreemd teen haar klein frame. Sy sê, "Ek gaan melk koop, die kind wil nie drink aan my nie." Ek sê, "Is okay gee kans, babies het hulle eie tyd."

Die res van my dag hardloop ek tussen klokkies antwoord en beddens opmaak. My Green Cross maak my voet seer en wanneer ek finally gaan uitklok, kom sê matrone vir my, "Nursie, jy is af môre. Lekker laat slaap, my skapie." Ek vat my sak uit die locker en is te moeg om skoene te change en ek stap netso taxi rank toe. By die taxi rank staan pasiënt 3 en pasiënt 4. Pasiënt 3 sê, "Ek het gewonne of jy al hystoe is." Ek sê, "Ek het gedink julle is al lankal weg." Pasiënt 4 sê, "Nee kind afmaak isse lang storie." Sy sê dit hard genoeg vir almal om te hoor en niemand om om te gee nie.

Ons klim in die taxi en ek sit my earphones in, want die taxi maak 'n weird loud sound asof iets stukkend is. En ek het nie nou krag vir goed wat breek nie.




*Shallow grave* (2018, Willemien de Villiers)

**EK WAS NOOIT GROOT OP MA WORD NIE**
**deur Maud**

Ek was nooit groot op ma word nie. Ek is baie lief vir ou mense en kinders, maar die trou, huisvrou- en ma-wees was nou nie juis eerste op my agenda as kind, tiener of enige tyd daarna nie.

Toe ek dus op 27 swanger raak by 'n vriend-met-voordele was daar nie eers twyfel by my oor die keuse wat ek wou maak nie. Ek wou 'n aborsie kry en hoe gouer hoe beter. Ek het die knaap (so 'n jaar ouer as ek) gaan sien en gevra vir 50% van die fooi. Ek dink dit was so R800 daai dae en hy het bygedra en nooit my keuse bevraagteken nie, en ek ook nie. Nie een van ons was op 'n plek waar kinders welkom was nie.

Marie Stopes was in daardie dae die enigste plek wat ek kon opspoor en so is ek en my vriendin in die kar van die platteland af Johannesburg toe vir die prosedure. Die enigste benoudheid wat ek ervaar het, was toe hulle noem dat jy nie pynmedikasie kry nie en ook toe ons moes wag vir ons afspraak en daar 'n konsultasieproses was en 'n vinnige ondersoek deur iemand wat nie gelyk het of hulle eers weet hoe 'n swanger vrou moet lyk of uitwending voel nie, maar ek was hengse bly hulle was daar en beskikbaar, en het nie 'n woord geluister na die berading nie, want ek het mos klaar geweet wat ek wou doen.

En ja, dit was toe nou ook seer ongemaklik maar die verligting wat ek daarna gevoel het was eufories. My vriendin het baie meer bekommerd gelyk as ek, sodat ek eintlik skuldig gevoel het dat ek so bly was, veral omdat 'n ander getroude vriendin net so oud soos ek onlangs op 8 weke 'n miskraam gehad het en ek nie kon verstaan hoekom sy so hartseer was daaroor nie. Nog iets wat ek later beter sou verstaan.

'n Halwe dekade later het ek twee kinders van my eie gehad en toe eers begin die vrae by my opkom, want nou is jy skielik gekonfronteer met babas op sonars wat darem baie mens lyk op 12 weke al. Ek het nie getwyfel oor of ek moes voortgaan met die swangerskap daai tyd nie—eers jare later ná my eie kinders daar was het ek gedink oor of dit lewe of dood beïnvloed en of ek pro-choice of pro-life is.

Daardie vraag kan ek nog steeds nie beantwoord nie, maar een ding weet ek vir seker, niemand behoort gedwing te word om 'n swangerskap tot sy einde te moet deurmaak as hulle nie daardie kind wil grootmaak of laat aanneem nie, en laasgenoemde moet nie op hulle afgedwing word nie, so dit maak my dan seker pro-choice.

Wat ek wel 'n groot voorstander van geword het, is vrywillige sterilisasie of jy nou al kinders gehad het of nie, en 'n baie groter voorstander van 'n One Child Policy. Daar is net te veel mense en te veel kinders om nog ongewenste kinders in 'n lewe in te dwing.

Iets waaroor ek gewonder het oor die jare was of my vriend ooit sleg gevoel het daaroor. Ek het hom een keer gevra, jare later, want hy is nooit getroud nie, en het nooit kinders gehad nie en ek was baie maal bang dat dit my skuld was. Hy het meer gewonder oor die kind wat kon wees as ek en was meer spyt daaroor as ek, wat my laat besef het dat so 'n besluit tog nie altyd alleen geneem kan word nie, maar in my opinie is dit op die ou einde nog steeds jou lyf en jou baarmoeder om mee te maak soos jy wil.

As mens kyk na die pro-lifers is hulle omtrent almal geloofbedinges en dis waar die moeilikheid inkom. As jy aan die drie-enige God glo, dan het hy vir jou vrye wil gegee en 'n brein om daardie wil uit te oefen en dan word daar ook in die Bybel genoem dat jy nie mag oordeel nie. So dan is daai sonde, as dit sonde is, jou eie sonde en net jy sal eendag daarvoor moet verantwoording doen en geen man of vrou behoort jou te kan forseer om met jou lyf iets anders te maak as wat jy wil nie, of jy nou gelowig is of nie.

Voel ek anders daaroor vandag? Nee. Sal ek weer dieselfde besluit neem? Ja. Sal ek dit aanbeveel vir vrouens? Ja, veral jong meisies, want om kinders te baar is nie vir sussies nie en kos sakke vol groot geld. Sal ek my eie dogter vat vir 'n aborsie as sy vra? Vir seker.



*I hardly understand* (2022, Willemien de Villiers)

**GELOOF, HOOP EN ABORSIE**

**deur Petra Stegmann**

Ek sit aan 'n tafel, 'n baie wit Afrikaanse tafel, en net soos dit op sosiale media gons oor die Amerikaanse howe se besluit om die grondwetlike reg op aborsie te verwyder, kom hierdie tema ook in die geselskap op. Hier gaan ons! Tannies, is julle reg?

Ek is 'n maatskaplike werker in 'n klein dorpie in die Wes-Kaap. Dié dat ek al heelwat met die aborsie-onderwerp kennis gemaak het. Ek is 'n Christen en was vir 'n groot deel van my vormingsjare 'n lid van die NG-Kerk. Christenskap en die waardes wat daaraan gekoppel word, speel 'n belangrike rol in my lewe. Dit wat reg is en dit wat verkeerd is, word duidelik vir ons uiteengesit. So maklik soos dit.

Maatskaplike werk is 'n beroep wat konstant aan haar onderdaniges skaaf en skuur. Sy het my al laat twyfel, sy het my al laat dink en sy het my al laat verstaan. Ons leef in 'n land waarin armoede en werkloosheid die sweep slaan en waar die houe letsels agterlaat (in 'n land sonder behoorlike gesondheidsorg). "My God, my God waarom het U my verlaat?".

Ek word eties verplig om aan kliënte die opsies voor te hou wanneer 'n ongewensde swangerkap die opwagting maak. Sy maak haar keuse en ek ondersteun hierdie keuse. Sy maak haar keuse en ek respekteer hierdie keuse. Dadelik kom die gedagte by my op—ek is 'n Christen en aborsie is nie iets wat "ons" goedkeur nie. Is ek 'n sondaar? Is ons almal nie sondaars nie?

"As jy nie vir 'n kind kan sorg nie, dan moet jy jou nie besig hou met die verkeerde dinge nie", sê een van die Afrikaanse vroue aan die tafel. Hierdie stelling word gemaak, en dadelik dink ek aan die vroue en tienermeisies wat ek al teëgekom het in my beroep. Nie een van hierdie vroue se agtergrond is dieselfde nie. Enkele van hierdie vroue het nie die geleentheid gehad om hul skoolloopbaan te voltooi nie en moes teen 'n minimumloon begin werk. Die omstandighede waarin hierdie vroue gebore is, het reeds gepaard gegaan met 'n reeks uitdagings soos ongeskoolde ouers, armoede, alkoholmisbruik en so kan ek voortgaan. Here, kom die oordeel dan toe vir hierdie tafel met ons tersiêre opvoeding?

"Daar is beurse. As sy hard werk, en die regte keuses maak, kan sy gaan studeer." Ten spyte van die sosio-ekonomiese kwessies wat hierdie vroue daagliks in die gesig staar, nie omdat hulle dit gekies het nie, maar hulle daarin gebore is, moet hulle só veerkragtig wees dat hulle elke uitdaging oorkom en blerrie goed ook, want onthou, die beurs. Hiermee wil ek geen erkenning ontneem van die persoon wat wel die beurs gekry het en ten spyte van hul omstandighede vir die lewe die teendeel bewys het nie. Wanneer sy dan met trane in haar oë kom hulp soek by die welsynwerker, respekteer ek haar keuse, verstaan ek haar keuse en luister ek met empatie na haar storie. Die liefde bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles (1 Kor 13:7).

Soveel keer het ek al oor aborsie gereflekteer. Wat aborsie vir my beteken in 'n professionele, sowel as persoonlike hoedanigheid. Aborsie word in die Christelike geloof beskou as 'n sonde, maar alle sonde is gelykstaande—of dis hoe ek dit verstaan. Die besluite wat ek neem, reg of verkeerd, bly steeds my eie en dit is hoekom die Here vir my die vermoë gegee het om te kan kies.

Ek dink dis menslik van my om te wonder of die Here my veroordeel. Wanneer jy dit waarmee jy sedert geboorte gekondisioneer is tot 'n mate verwerp, is dit seker die gevolg. Vrek, ek weet die vroue om die tafel het my veroordeel toe ek deel dat ek defintief pro-choice is. Dis jou lyf, dis jou storie en dis jou keuse. So, vir die al die tannies aan die tafel en ook vir myself wil ek aan die volgende herinner: Moenie oordeel nie, sodat oor julle nie geoordeel word nie (Matteus 7:1). Tannie Michelle, kry gerus vir jou nog 'n koeksister. •

# BUZZCUTS, BINDERS EN BLOMBLOESIES: NOИBINARY NOTAS OOR FEELING GORGEOUS IN AFRIKAAИS

deur

CHAN CROESER



gender-euforie

Liewe Mamma

Aan jou skryf ek vanuit 'n liggaam wat eens joune was, in joune was. Soos Ocean Vuong, "I want to take off the shoes of my voice", sodat ek sagkens en met sorg kan praat. Sodat die spasies tussen my woorde kan asemhaal.

Liewe Pappa

Jy hou nog altyd van gesels en stories vertel. Sê nog altyd vir my die wêreld is meer as wit en swart. Aan jou vertel ek 'n storie wat se voete vlerke het. Dié een is 'n ware verhaal.

In die somerhuis van my kinderdae hang daar foto's van kleintyd. Ek dink julle weet watses ek van praat. Ek onthou toe Pappa die een geneem het. Dié dag het ek Ouma se klerekas ingevaar en een van haar flowy beblomde bloesies aangetrek, haar gehekelde beret op my kop gesit en 'n serpie om my nek drapeer. Ek sit en pose toe met 'n gebolde vuisie onder my ken en een been gekruis oor die ander soos ek my verbeel het 'n dame sou sit. Gedink ek is 'n regte style icon. Ek het gorgeous gevoel. Ek wil elke dag gorgeous voel.


Langs dié hang my kleuterskool-skoolfoto. Ek was seker vyf of ses. Dié dag het ek daarop aangedring dat ek my groen en blou Pacific Ocean-hempie en shorts wil aantrek want dit het my handsome laat voel. Teruggekom van klouter en klim, sit ek wydsbeen en rooi wange met hare wat alkant toe staan. Ek onthou dat ek daai dag gewens het my hare was gebuzzcut soos my maatjie Heinrich s'n. Want ek wil elke dag handsome voel.

Ek trek nou nog soos op daai foto's aan. Sit nou nog met my bene só. Ek het net 'n paar piercings bygekry en dra 'n lang oorbel in een oor.

*"ek is so jammer ma*



style icon




speel-speel

*dat ek nie is*
*wat ek graag vir jou wil wees nie"*

(Uit: "Ma" deur Antjie Krog)

Onthou julle nog vir Heinrich wat my een keer gevra het om hom te soen agter die badkamers? Ek het ja gesê, maar tog later trou-trou met Annie gespeel. Toe ons juffrou vir Annie en ek skel omdat "meisies nie met mekaar trou nie", vind ek vir die eerste keer uit ek is blykbaar 'n meisie.

So speel-speel ek nog altyd met gender. Want gender is maar net speel-speel. By geboorte 'vrou' genoem, maar sukkel al so lank ek kan onthou om netjies in te pas in die rokkies en rituele van (wit Afrikaanse) vrouwees en vrouword.

Was Batman en Robin saam met die seuns in speelskool, maar ook die stywe kraag van manwees en manword krap my nek tot dit rooi raak en vlam vat. Eers in my twintigs het ek die vocabulary gekry om te sê ek is trans nonbinary.

Ja nou toe, dit is wie ek is. En ek voel so handsome en gorgeous.

Maar hoe sê ek dit vir julle in Afrikaans? Fok weet, "nie-binêr" klink soos 'n dor plaas tussen Koekenaap en Slangfontein. En 'Transvaal' is seker die eerste ding wat baie Afrikaanse mense aan dink as hulle hoor van 'trans'.


Hoe sê ek vir julle dat my pronouns nou they/them is? Sê ek "noem my maar 'hulle'"? Pa, jy gaan seker vra wie anders is dan by my dat ek nou sommer veelvuldig is. Want unlike they/them word 'hulle' nie enkelvoudig gebruik nie. Soos Gert Volk Nel voel ek maar gereeld "vaag in wete en volop in vermoedens soos confetti". Maar my confetti het seker glitter by. Want my twintigs loop al amper uit en ek het nogsteeds nie die woordeskat om te sê wie ek is nie. En

softboi

# FEELING GORGEOUS IN AFRIKAANS



the remains of yesterday



dis my eie taal. My moedertaal. Die taal waarin ek myself beliggaam, vergestalt in seesout en sand.

Ocean Vuong herinner my dat taal iets is wat ons help om mekaar beter te kan sien: "when you're using language, you can create it, use it to divide people and build walls, or you can turn it into something where we can see each other more clearly, as a bridge."

Om gorgeous te wees moet julle my kan sien. Ek smag so daarna dat julle my sien.

So hier sit ek nou maar op Nie-Binêr se stoep met 'n glas witwyn, opsoek na 'n taal waarin ek myself kan verwoord. Op my wang voel ek 'n hand en stem wat vra, "kan ek ook een kry?". "Trek 'n stoel nader", antwoord ek. Dis Antjie Somers wat my weer kom besoek. Vandag dra hulle 'n stoppelbaard en vertel hoe hulle hul bra met sokkies gestop het vir tieties. Hulle dra 'n rooi doekie om hulle kop met 'n matching rooi rok.

"My storie is een wat by die tonge van baie Afrikaanse mense spook," vertel Antjie vir my.

"Van gesin tot gesin verander die fluisters en elkeen vertel my op 'n ander manier. Sommige fluisterings sê dat ek vlerke het aan my voete en dat ek onsigbaar kan word. Sommige sê ek het akkedisoë en as jy my eerste sien verander jy in 'n klip. Elke fluister vertel van 'n heksagtige spook wat kinders steel. Ek kan toor en ek kan spook. Soos 'n gedagte in die wind kan ek spring van plek tot plek. Maar kinders maak my eintlik angstig. En waar op dees aarde sal ek hulle almal hou? Maar mense hou van kak praat oor transmense. Dink ons is almal Bufallo Bill of Frankenstein se monster."

En dit is wat Afrikaanse kinders leer:

transmense steel kinders.

"Antjie, dalk is ek bietjie monsteragtig", sê ek toe. "Niks soos Bufallo Bill nie. Maar soms is my liggaam 'n paradys van plesier, die mees prikkelende hiervan gereeld my heupe, borste en klit. En tog wil ek dié soms afsny met 'n stomp mes." Ek lig my beblomde bloesie op en wys vir Antjie hoe ek vandag my tieties toegebind het met 'n binder om hulle plat te kry.

Wat is die woord vir 'binder' in Afrikaans?

Om monsteragtig te wees is eintlik nogal magic. Ocean Vuong skryf dat "a monster is not such a terrible thing to be. From the Latin root monstrum, a divine messenger of catastrophe, then adapted by the Old French to mean an animal of myriad origins: centaur, griffin, satyr. To be a monster is to be a hybrid signal, a lighthouse: both shelter and warning at once."

Kyk vir Antjie. Hulle was vir jare al 'n soort vuurtoring vir my: 'n skuiling in die wete dat daar ander soos ek is in my taal, 'n waarskuwing dat ons mense ons nie altyd verstaan nie. Juis oor die katastrofe wat ons vir kategorieë is. Vrees dat daar geen vashouplek is nie. Ek dink ons kan baie by Antjie oor taal leer. Hul storie is altyd wordend. Hul liggaam ook. Tussen-in hier en daar. Teenwoordiglik afwesig, word en ontword hulle met elke nuwe vertel. Hulle s'n is 'n taal wat nooit stilstaan nie, 'n "radical calling into question, in every undertaking, of everything that one tends to take for granted" (Trinh T. Minh-ha). Omdat hul storie aanhou bestaan deur tonge wat dit oor en oor vertel, is Antjie se taal noodsaaklik beliggaamd. Soms onseker, hakkelend, brekend, maak dit ruimte vir fragmentering, vir wegbreek van woorde wat nie meer voldoende is nie. Klink toweragtig vir my.

Dis dalk wat ek moet doen. Bietjie toweragtig raak. My helm gaan soek by my geboorte en dit oor my oë trek. Sodat ek meer soos Antjie kan sien, kan praat, kan hoor.

Met liefde,
Chan


N.S. Luister hierna vir 'n stukkie gender-euforie. •

# "DIE AMEN KNOES" EN "DIE TORING KNOES"

deur
CHRYSTAL WILLIAMS

**DIE AMEN KNOES**





Hulle sê honne kak oek hare.

Eending nouwee, *die hond het nogals 'n billike kak op my kop gevat*, dink Menta tewyl sy ha vinges tussen dee ha curls navigate. Dis taamlik 'n tawwe pad ma Menta kennit al vetterag—'n ou hand innie ding kan djy ma sê. Sy was al deel vannie natural hair community vanaffie tyd toe dit nog net Tracy Ellis Ross en Marc Lottering oppie official scene was. Unofficially… was Menta in konflik mettie kroes-look en ha niewe GHD.

Menta was ma altyd in konflik met iets. Djy kon ma sê Menta was 'n sinoniem vi yndelose eksistensiële protes. Sy issie tipe ommie aand na 'n liefdestelleerstelling celibate te gan vi drie jaa. Die berks wat ongeduldag geraakt innie Pniel ('n klein bosie tussenie twie dik boure van Stellenbosch en Franschoek) het permie gevra, "Celebrate djy nog?" Ma sy was dedicated an ha alle-manne-issie-selfde-journey in ha undergrad. Offie tipe om te droem van pescatarian wôd, net omat ha pa altyd die extra puppies vedrinkit innie rivier. Ha familie sal soema byrie braai vra, "Is djy nog 'n pêske?" Dit los ha mette artappel en groenslaai by 'n familiefees.

Nie eesie government kon vi Menta nippie. In level 5 van lockdown wou sy net bêg toe spat. 'n Hike elke nawiek issie vibes wat sy by was. Ha Kilimanjaro was Simonsbêg. Vi Menta kan niks mettie naam Kielieman-jaro scary wiesie. Dit klink soes iets wamien sy tussen ha biene wil ga slaap. Na al ha hikes was da late niks mee wrywing onne ha tekkiesie, ma klim wassie meinding. Tussen deerie krullende en narrow edges na die kroon toe, tot oppie toppie. 'n Ytsig wat Menta voosien vi ha droemflat eendag. 'n Ytsig mettie net die hele Pniel by sy voete nie, ma Stellenbosch en Franschoek ên soema 'n stukkie Paarl oek. *Nou raak ek ytgevriet virre view*, dink sy. Oppie toppie wasse anne wind. Nie soesie een innie Pniel nie. Aire assie bekende breathy *Whooooooooo*, hettie wind *Samanthaaaaaa* geflyste.

Die afkom was brutal—nie net omat ha biene aneen beginte biewe hettie of omat ha skoene geweierit om vas te trappie, ma ná al dai harre wêk was Menta manet wee by Pniel se voete. Eending was deffies anneste dié kee; die kee het sy 'n ervaring in ha rugsak wat swaa gewiegit, tussenie eiedoppe vannie gekoekte eier wat sy spesiaal virrie toppie gemaakit. Evens ná sy die eiedoppe ytgegooi-it, wassie molshoep steeds soes 'n bêg op ha rug.

*Voetjêk*, dink Menta. Sy WhatsApp toe ha day-ones. "Eks op pad hys toe kô knip my hare", sê die boodskap. Toe hulle by ha hys angekomit, het hulle altwie 'n *djys-pêrries*-kyk op hulle gesigte. Al het Menta altyd gemaak of sy nieman se toestemming nodag gehad hettie, het sy altyd gewiet mense se geskokde reaksies het ha angemoedag.

"Soe kort?" vrarie een tjommie mettie skêr 5cm weg van Menta se kop af. Menta vedeel toe die punte van ha pony soe wyt totdat die pom-pom sliep tot tien ha kop. "Soe kort", antwoord Menta. Ha tjommie beslyt toe om vi Menta te equip met nogge *djys-pêrries*-kyk soedat sy kan dala wat sy moet. Soesie skêr vi ha van ha pony skei, sak ha kop vorentoe in verlies; in veligting. Dit was hylag om narie hike dít te loep staan en doen.

Narie pony oppie grond geshun was, vryf Menta dee ha kop. Ha day-ones mol toe agte ha in om ha reaksie innie spiel te soek tewyl sy ha vinges dee ha kop kam. Dié kee issie pad kort en makkies—'n vêterage pad wat sy nie soe goed kennie. Hulle wag toe vi ha om te praat, ma al wat sy kan dink is *jarre as ek nou my gesig op 'n blaai sit en 'n sirkel da-om trek, gan dai darem 'n misvormde sirkel wies* en al wat sy kan sê, "Is toe soe."

As djy vi ha vra wassie hele dag soes 'n blur behalwe die wind se dientjie, *Samanthaaaaaa.* Dít was soe dydelik soes nog iets. Sy wôd skielik ontnugte toe sy 'n knoesie tussen ha biene raak loep met ha vinges. Die knoesie skei sy soe ceremoniously soesie "Amen" annie einde vannie Onse Vader.



**DIE TORING KNOES**

Issie hare skaam?
Is hulle skaam virrie hare?
Issit hulle?
Issit ek?
*Ek vra veskoning Hare* tewyl ek my vinges dee hulle kam.
My vinges loep vas innie geknoeptes
Eina Jou mase poes
(Gestraf dee die toring knoes) •

# NEON SMOEL

deur

AZILLE COETZEE EN MARÍ BORSTLAP




Ben Albertyn en Marí Borstlap in *Neon Smoel*. Foto deur Marguerite Oelofse.

*Cowboy Mouth* (1971) is ’n toneelstuk wat Sam Shepard en Patti Smith in die loop van ’n paar slapelose nagte geskryf het, as ’n manier om te probeer sin maak van hul verhouding en, het Patti later gesê, amper as ’n ritueel wat dit vir Sam sou moontlik maak om haar te kan verlaat. Die toneelstuk gaan oor ’n man en ’n vrou, Slim en Cavale, saam in ’n woonstel in ’n stad in die nag. Hulle is jonk en wild en verlief, en hulle takel mekaar af. Sy hou hom gyselaar, weg van sy vrou en kind af, want sy sien iets in hom, het ’n droom vir hom: hy kan ’n ster wees, sy kan hom een maak—mense het weer iets nodig om in te glo, sý het iets nodig om in te glo. Sy vertel vir hom stories van rock ‘n roll legendes en Franse digters om haar visie aan hom verstaanbaar te probeer maak, hulle baklei en hulle het seks en soos wat die nag aangaan kom al die wiele af.

In 2022 in Suid-Afrika, verwerk, vertaal en verplaas Marí Borstlap hierdie stuk en voer dit op in ’n klein onafhanklike teater in die Kaapse middestad, saam met medespelers Ben Albertyn en Gérard Rudolf.

Borstlap se Neon Smoel speel af in ’n woonstel in Hillbrow in die nag. Slim (gespeel deur Albertyn) en Kaval (Borstlap) is jong wit Afrikaners in postapartheid Suid-Afrika vir wie die middelklas verbruikerskultuur en die afleiding van die internet geen verligting bied nie. Teen Kaval se muur is foto’s van Thom Yorke, Kurt Cobain en Debbie Harry geplak, maar ook van Francois van Coke, Johannes Kerkorrel, Koos

du Plessis, Brenda Fassie en Karen Zoid—dit is net in rock 'n roll en die verset en poësie en soeke wat dit verteenwoordig waarin sy betekenis kan vind, die moontlikheid van lewe en beweging kan sien.

In Borstlap se Kaval sien mens die gedisillusioneerdheid waarmee ons generasie wit Afrikaners sit in 'n postapartheid konteks waarin ons toenemend gekonfronteer word met die sondes van ons vaders en vervreem voel van die kultuur wat ons gemaak het wat ons is. Kaval se verbeeldingsvlugte word gedryf deur 'n soeke na voorouers in wie ons kan glo, maar ook 'n diep geloof daarin dat daar ander maniere moet wees waarop 'n mens kan leef, 'n toewyding tot en aandrang op 'n ander soort toekoms. Aan die begin van die stuk lees hierdie impuls en die dringendheid daarvan soos geestesversteurdheid (iets wat ook geïmpliseer word deur die dialoog), maar teen die einde (te danke aan Borstlap se genuanseerde en kragtige spel en haar fyn verwerking van die teks) glo 'n mens sáám met Kaval dat daar iets meer, iets anders, móét wees, en sit jy in diep bewondering vir haar visie en haar dapperheid, voel jy hartseer oor hoe betekenisloos ons wêreld voel, maar hoopvol (vir die eerste keer in 'n lang tyd) dat dinge anders sou kon wees.

Borstlap se weergawe van hierdie toneelstuk is feministies op maniere wat die oorspronklike weergawe nie is nie (of miskien animeer haar vertolking die feministiese gewig van die stuk op 'n manier wat ek nie voorheen kon sien nie). Sy bied 'n meditasie oor vroulike kunstenaarskap (oor die algemeen maar ook binne heteroseksuele verhoudings), oor vroulike genealogie, oor die krag van stories, die moontlikheid om ander wêrelde te verbeel, oor vryheid as iets wat in verhouding bestaan en noodwendig gepaard moet gaan met die beperkinge van sorg. Sy stel hierdie vrae binne die spesifieke konteks van hierdie tyd en plek, en hierdie wit Afrikaanse kultuur.

Hier volg my gesprek met haar:

*AC: Hoekom hierdie stuk vandag? (Dit is 'n onverwagse keuse, maar ek was so verras met hoe goed dit pas—hoe jy 'n stuk wat in 1971 in Amerika geskryf is, kon verwerk en vertaal om so sterk iets van ons oomblik te sê).*

MB: Ná byna drie jaar van so te sê geen geleenthede om werk te skep nie (weens die pandemie en die nádraai daarvan) het daar 'n diepe terneergedruktheid oor my gedaal. Einde 2021 het ek regtig gesukkel om te sien hoe ek ooit weer sal kan werk as teatermaker. Behalwe vir die pandemie het ek ook tot 'n groot mate my loopbaan op ys gesit toe my dogter, Fleur, gebore is. Dit was my keuse om soveel as moontlik hands on teenwoordig te wees vir haar in die eerste ses jaar van haar lewe, maar ek het een oggend vroeg in 2022 wakker geword en besef ek voel asof ek stadig besig is om dood te gaan weens 'n tekort aan kreatiewe uitdrukking. Alhoewel ek met erns en opregte toewyding op ander goed kon fokus (hoofsaaklik diepe persoonlike introspeksie en herprogrammering, asook die vestiging van my energie-genesingspraktyk) was ek uitgehonger vir skep en vir 'n uitdaging! Ek wou iets skep wat praat oor alles wat in my beweeg, maar ek wou nie direk praat oor dit wat tans in die wêreld uitspeel nie. Ek was desperaat op soek na 'n storie of 'n mite waardeur ek kon ontsnap/ontvlug, maar wat steeds betekenisvol en die energie werd sou wees om te vertel. En toe op 'n dag, in my kar op pad na my dogtertjie se skool, dink ek aan *Cowboy Mouth* en hoe dit die soort stuk is wat ek wens ék nou kon skep. En regtig asof weerlig my tref kom die idee om dit te vertaal en te verplaas. Dit te gebruik as 'n tuig. Die ingeperktheid van die stuk spreek tot die inperking wat ons almal ervaar het tydens die pandemie, maar dan is daar ook die kompleksiteit van verhoudings wat sentraal staan, die vraag "waar sal ons hulp vandaan kom?", ons soeke na iemand om te volg of wat ons sal lei, geestesgesondheid, die impak van kinderdagtrauma op hoe ons as volwassenes funksioneer—al dan nie.

En dan is daar natuurlik die feit dat ek rock 'n roll musiek lief. Ek kon in daardie oomblikke aanvoel dat ek

myself moontlik uit die 'dood' kan opwek as ek myself regtig uitdaag deur dit nie net te vertaal en te verwerk nie, maar deur self Kaval te vertolk. Net die gedagte om dit te doen het my al vreesbevange gemaak, maar terselfdertyd totaal lewendig laat voel. Iets omtrent my persoonlike soeke na uitkoms was so in pas met wat Kaval as karakter in haar essensie verteenwoordig. En toe weet ek, ek moet ten minste probeer. Ek glo toneelstukke is lewendige wesens. En hierdie stuk het 'n baie spesifiek siel. Die stuk is soos 'n soort ritueel. Amper asof mens 'n sirkel om jouself trek waarin iets transformerend gaan plaasvind as jy braaf genoeg is om met die teks te werk. Die stuk vra mens om te laat gaan van al jou illusies en oordele. Jy moet pens en pootjies oorgee, want die stuk is soos 'n grot en jy moet diep in jou eie donkerte afsak voor jy by goud uitkom. En ek dink ons is as kollektief ook nou daar. Ons moet ons eie verfoksel vir goed in die oë kyk en moontlik kan ons dan met meer deernis en wysheid teenoor mekaar en onsself leef. Dit is ten minste hoe ek dit beleef het.

*AC: Kaval is op soek na iets om in te glo, sy is opsoek na 'n nuwe messias en probeer Slim oortuig dat hy dit kan wees. Onwillige Slim vra haar hoe dit sal werk en Kaval antwoord: "Jy moet dit versamel. Jy moet uitreik en al die versplinterde skerwe, al die gebreekte stukkies van mense se frustrasie probeer vasvang. Tikkun Olam, bokkie! Die herstel van die opgefokte Heelal. Al die dinge wat mense laat soek na 'n uitweg of, meer belangrik, die dinge wat hulle aanspoor om diep binne-in hulself te kyk. Verstaan jy? Die goed wat maak dat mense God se gesig wil sien. Jy moet al hierdie dinge versamel en dit dan in jouself instort … net om dit dan weer alles uit te stort. Maar die uitstort moet groter wees as die lewe self. Jy moet onselfsugtig wees, Slim. Nie selfsugtig soos God nie. God het ons lankal vergeet. God is nie 'n performer nie. Maar jy is." Dis in rock 'n roll wat Kaval soek na iets of iemand om in te glo. Dit is besonder gepas ook in die Afrikaanse konteks, waar musiek—tydens en ná apartheid—'n belangrike medium van verset en kollektiewe introspeksie is. Wil jy iets hieroor sê?*

MB: Musiek is so kragtig. En veral rock 'n roll. Dit is 'n uitlaatklep vir ons kollektiewe woede, angs, maar ook vir ons begeertes en wildste drome. 'n Goeie rock song is shamanisties, as jy my vra, want dit ontketen en transformeer. Dit praat die waarheid. Die naakte, soms lelike, waarheid, maar as kunstenaar is dit presies waarin ek belangstel. Die waarheid, egtheid en weerloosheid. Ek glo ons sal beter vaar, individueel en kollektief, as ons meer gereeld bereid is om stories oor hoe ons regtig voel en lyk en klink te vertel. En stories oor ons donkerte hoef nie noodwendig altyd ernstig te wees nie. Ons moet leer lag vir ons menslikheid. Ek as mens is tans so intens besig om myself doelbewus te stroop van kulturele kondisionering en rock 'n roll is 'n wonderlike terpentyn … Ek het lank en hard gedink oor wie ek kan gebruik as held vir die verplasing van die stuk en Johannes Kerkorrel het moeiteloos vorentoe getree om daardie rol vol te staan. Kerkorrel se liedjies en lirieke is soos straatligte binne-in my gedagteruim. En ek vermoed dit is die waarheid vir meetse Afrikaners. Hy was beslis 'n uitgesproke anti-Aparthiedsaktivis, maar hy het ook gesing oor ons kollektiewe pyn, oor wat vir ons mooi is, waarvan ons droom, waarvoor ons bang is as Suid-Afrikaners en selfs as die mensdom. Hy was beslis 'n profeet maar ook 'n kavalier.

*AC: Waarin kan ons vandag glo?*

MB: Ons moet ophou soek na iets of iemand buite ons om in te glo. Ek glo alles wat ons nodig het om beter mense te wees is diep binne-in onsself opgesluit. God is in ons en ons is in God. En die sleutels tot daardie plek, daardie plek binne-in onsself, is liefde, weerloosheid en vergifnis. Dit klink dalk onverwags, maar ek vermoed as ons die morsigheid van menswees kan omarm en lief kan word vir onsself en ons medemens ten spyte van die mistroostige stand van sake in die wêreld (en in ons binnewêrelde) dan mag ons dalk

minder verlore voel. Ons moet laat gaan van die ouwêreldse operating systems wat eenvoudig outdated is. Niemand gaan ons kom red nie. Ons moet onsself red van onsself. Die ou manier van "kyk noord en fok voort" is glad nie meer 'n antwoord nie. Nee! Ons moet stil word en asemhaal en besef dat solank vrees die narratief bepaal en oorheers staan ons nie 'n kans nie. Ek het probeer om juis dit in *Neon Smoel* aan te spreek. Rock 'n roll is Kaval se laaste hoop, tot sy aan die einde besef sy kan haarself doop, oftewel herdoop. Sy kan haarself red. Soos in die beeldskone verhaal van die heilige Thecla wat dit 2000 jaar gelede ook uitgefigure het…

*AC: Kaval het 'n muur vol foto's van rock stars waarna sy keer op keer terugkeer, dis asof sy soek na 'n soort genealogie vir haarself, 'n soort ancestry, maar sy kry net mans in Afrikaans, behalwe vir Karen Zoid wat "steeds probeer", maar "net 'n vrou is". Daar is Brenda Fassie in isiXhosa en Debbie Harry in Amerika, maar in Afrikaans is daar niemand nie. In hierdie konteks kan Kaval nie self die rockster van haar drome word nie, sy weet dit, sy moet 'n manlike ster skep waarin sy kan glo. Wat sê dit van vroulike kunstenaarskap in ons konteks?*

MB: Ek dink hierdie kondisionering, oftewel programmering, dat net mans die wêreld kan red, loop soos 'n ondergrondse rivier in ons psige. Die aanslag van die media en ons kulturele kondisionering is vandat ek my oë oopgemaak het 'n narratief wat vroue as besonders kwesbaar en magteloos uitbeeld. Amper asof ons uit die staanspoor uit slagoffers is en net 'n man (of Jesus) ons kan red, beskerm en lei… Ek weet nie hoe om dit te verklaar nie, maar ek het nog altyd gesukkel om in daardie narratief te glo. Dit nou ten spyte van die feit dat ek in Bloemfontein gebore is in die middel-tagtigs, dat my pa 'n NG-predikant was en ek eers op veertien leer Engels praat het. Ek het wel intuïtief geweet daar is iets skort met dié storie. Maar snaaks genoeg wou ek dit nie regstel deur mans en manlikheid en wat hulle het om te bied te verwerp nie. My droom was nog altyd balans. Integrasie. Ek droom van 'n wêreld waar vrouens hulle innerlike (heilige) manlikheid kan erken, verken en uitleef. Asook 'n wêreld waar mans hulle innerlike vroulikheid kan omarm. Dit hou natuurlik hande vas met Jung se beginsel van die animus en anima. Hierdie argetipes lê verberg in ons onderbewussyn (individueel en kollektief). Die bevryding het egter vir my gekom toe ek as vroulike kunstenaar doelbewus met hierdie onderstrominge begin werk en skep het. Kaval probeer vir Slim in 'n rock 'n roll Jesus verander want sy is hiper bewus van die feit dat die Afrikaner nog nie reg is vir 'n vrou om hulle te red nie, maar sy droom daarvan om self 'n heilige te wees. Sy sê dit ook prontuit in die stuk. Dus is dit nie asof die moontlikheid nie reeds in haar bestaan nie. Dit doen. En soos die stuk uitspeel gebeur iets in haar binnelandskap. Sy omarm die moontlikheid dat sy al haar kennis en passie en talente en krag nie deur iemand (Slim/'n man) hoef te kanaliseer nie, maar dat sy sélf die spreekbuis kan wees…

*AC: Ek dink Kaval dink nooit aan haarself as muse nie, eerder as 'n soort tussenganger. Of wat dink jy? As vroue neem ons so maklik die rol en werk van muse op. Wat is jou verhouding daarmee?*

MB: Snaaks hoe Slim kort-kort in die teks insinueer dat Kaval oor towerkragte beskik. Dat sy hom getoor het. Hy noem haar selfs 'n heks aan die einde wanneer sy haar geloof in hom verloor. As sy so te sê haar towerspreuk oor hom verbreek. Die oomblik toe sy nie meer in hom glo nie, verloor hy sy krag. Slim het bloot nie die kapasiteit om Kaval as muse te erken nie. Haar visie en krag en inspirasie is eenvoudig bo sy vuurmaakplek. Maar omdat hy dit kan aanvoel en gereeld bedwelm word deur haar vermoë om deur stories sy potensiaal uit te lok, skryf hy dit toe aan iets boos en dit is die narratief waarteen ons as vroue al vir eeue moes veg. Kaval is 'n orakel eerder as 'n muse, as jy my vra. Sy is in kontak met die kollektiewe onderbewussyn, maar, soos ons weet, is hierdie onderwêreld simbolies en

koorsdroomagtig en dit is hoekom sy dalk op die oog af as geestesversteurd kan voorkom, maar eintlik is sy bloot braaf genoeg om haarself oop te stel vir dit wat versteek lê om na die oppervlak te kom.

*AC: Kaval glo dat Slim dit in hom het om 'n ster te wees, sy sien iets in hom en dis tot 'n groot mate die fondasie van hul verhouding. Hy is kwaad vir háár omdat hy nie alles is wat sy in hom sien nie, maar terselfdertyd kan hy nie haar droom weerstaan nie, wíl hy gesien word soos wat sy hom sien. Dit is vir my so 'n herkenbare dinamiek van heteroseksuele verhoudings. Wil jy bietjie hieroor praat?*

MB: Dit is vir my so herkenbaar, ja. Maar ons is letterlik deur ons Afrikanerkultuur opgelei om hierdie rolspel te vervolmaak. Dit het my al soveel pyn in my eie verhoudings berokken oor die jare. Ek dink dit is omdat hierdie set-up vroue vasvang in die ma-argetipe. Afrikanervrouens voel verplig om hulle mans te baby. Hulle sal vir jou sê dis hulle manier om hulle liefde te betoon of hulle dien deur te versorg, maar ek twyfel sterk of dit op die diepste vlak die waarheid is. Daar is aan ons almal vertel dat 'n man net kan floreer solank daar 'n ondersteunende vrou agter hom staan wat haarself en al haar drome opoffer vir die saak. Dit is natuurlik totale bog, want die konstante fokus op die man se potensiaal asook die druk wat dit op die man plaas om te presteer lei meestal net tot uitputting en onderdrukte woede in albei partye. Die ideaal is natuurlik dat daar 'n skuif moet plaasvind wat bepaal dat daar 'n vrou agter elke man én 'n man agter elke vrou staan. Ek dink egter ons is kollektief in 'n regstellende periode wat dié kwessie betref. Die balans was só uit met die patriargale dominansie dat die pendulum nou eers behoorlik na die teenoorgestelde kant moet swaai voor dit stadig maar seker hopelik kan terugkeer na 'n middelpunt, 'n plek van balans en integrasie, toe. 'n Plek van ware gelykheid.

*AC: Die magsverhouding is so interessant—sy is so kwesbaar maar daar is 'n vlak waarop sý die een is wat in beheer is, sy hou hom gyselaar met haar droom vir hom. Jy stel Kaval sentraal in die stuk, in jou verwerking is dit 'n soort portret van 'n vrou wat vicariously (plaasvervangend? middellik?) leef deur die mans rondom haar, wat soek na iets om in te glo, 'n vrou met 'n diep wantroue in tegnologie en verbruikerskultuur, 'n vrou wat ongelukkig is, wat probeer om op haar eie terme te leef. Wat is dit aan Kaval wat jou aangetrek het?*

MB: So baie van Kaval het ek vir so lank as 'n soort geheim binne-in my rondgedra. En dit was so onbeskryflik bevrydend om stadig maar seker deur hierdie proses myself toe te laat om die Kaval in myself te omarm. Haar Boogskutter-gees is vir my 'n groot inspirasie. Sy is 'n ware truth seeker! Sy delf diep, sy kyk haar monsters en wonde in die oë. Sy ly nie aan ontkenning nie. Sy is vir my so 'n mooi voorbeeld van waarna daar in die gnostiese evangelie van Maria Magdalena verwys word as die anthropos: volwaardig mens, maar ook volwaardig heilige, reeds omdat sy nie haar feilbaarheid, tekortkominge, neurose en/of donkerkant misken nie. Mens sal 'n groot fout maak as jy dink Kaval is waansinnig. Sy is eenvoudig nie bang om te erken dat sy hulp nodig het nie. En vandaar haar obsessie met "waar sal ons hulp vandaan kom". En daarmee kan ek so diep identifiseer, vanweë my onverskrokke soeke na antwoorde vir hoe om bewus en sonder weerstand te leef.

*AC: En hoe is dit om haar te speel?*

MB: Bevrydend. Vreesaanjaend. Hartverskeurend by tye. 'n Voorreg.

*AC: Kaval blaai deur 'n* Visi*-tydskrif en kyk na al die mooi goed wat die ryk vrouens het. Op 'n manier bevraagteken die stuk (en veral jou verwerking daarvan) ons weergawe van middelklasgeluk (dieselfde geluk wat Fokofpolisiekar aanvanklik so hard verwerp het). Jy beeld 'n soeke na betekenis uit wat elders, buite die meedoënlose verbruikerskultuur van middelklas Suid-Afrika en Instagram, lê. Dink jy daar is so iets te vinde?*

MB: Ek dink daar is. Soos ek vroeër gesê het, glo ek in 'n middeweg. Die tao te ching het 'n enorme impak op my verstaan hiervan gehad. Die weg van integriteit het te make met 'n soort wysheid wat gegrond is in suiwer oordeelsvermoë. Ware geluk het te doen met 'n innerlike tevredenheid wat nie gekoop of ge-like kan word nie. Kyk, die ironie is natuurlik dat ek onder die teken van die Bul gebore is en dat mooi goed en gadgets en alles wat die tasbare realiteit het om te bied my aantrek en betower. Ek omarm dit sonder twyfel, maar ek wéét dit is nie wat my geluk bepaal nie. Geniet die dinge van die wêreld maar leef bewustelik. Moenie vir jouself jok oor hoekom jy op online shopping sprees gaan of hoekom jy elke vyf minute na jou foonskerm staar nie… wees bewus van hoe hierdie goed jou belewenis van realiteit en jou angsvlakke en jou neurose beïnvloed. Ons is almal verslaaf aan ons fone. Die virtuele ruimte is ons ontvlugtingsoord. Maar die oomblik as ons bewus word van die feite dan skop 'n soort bemagtiging in wat 'n mens in staat stel om te kies hoe jy wil leef en om nie bloot 'n slaaf te wees wat nie meer vir jouself kan dink nie.

*AC: Op 'n manier het ek die stuk gisteraand as hoopvol ervaar omdat dit aan die einde Kaval is wat op haar eie in die kamer agterbly, heeltemal geabsorbeer in die reënboë wat sy teen die muur projekteer. Die reënboogmasjien is 'n belaglike plastiek verbruikersitem, maar in Kaval se hande word dit iets toweragtig. Ek lees dit as 'n soort hoopvolheid by jou? Hoop in die krag van verbeelding?*

MB: Ons waarneembare werklikheid is maar net een klein deeltjie van menswees. Ons verbeeldings is al wat ons kan red en nog ooit gered het. Einstein het dit ook geweet: "Imagination is more important than knowledge. Knowledge is limited. Imagination encircles the world. We cannot solve our problems with the same thinking we used when we created them". Verbeelding is in my beskouing die








Marí Borstlap as Kaval in *Neon Smoel*. Foto's deur Marguerite Oelofse.

brug tussen mens en God. Dis die ruimte waaruit die hele kosmos ontspring, maar ook die spasie waarin die hele bestel opgesluit lê en uitspeel. 'n Reuse, ewig-verruimende baarmoeder. Wanneer ons ons verbeeldings met doelgerigtheid inspan en ontgin is daar altyd hoop, want die verbeelding beskik oor 'n krag wat kennis of die rasionele nie het nie. Kennis bring sekerheid, maar verbeelding bring eindelose moontlikhede na die tafel toe. Kaval se reënboog is die deus ex machina in my verwerking. Haar onmoontlike situasie word in 'n magiese oomblik opgelos deur 'n plastiek reënbooggliggie. In hierdie oomblik is ek egter ook in gesprek met die mistiese konsep van die 'imaginal realm' waarmee ek deur die werk van Jean-Yves Leloup en Cynthia Bourgeault vertroud geraak het. Die idee dat verskuiwing in die verbeelding tasbare gevolge in ons waarneembare werklikheid kan hê, tref my diep. Ek beleef dit ook keer op keer in my werk as energie-geneser. Kaval het intuïtief vroeër in die stuk 'n voorgevoel dat hierdie reënbooggliggie iets betekenisvol simboliseer, maar eers as sy dit in haar hande hou en die kleure teen die mure geprojekteer sien, het sy 'n transformerende gewaarwording. Die woorde van Koos du Plessis se "Sprokie vir 'n stadskind" vloei gevolglik spontaan uit haar uit …

*AC: Ook 'n soort hoopvolheid in vroulike resilience (veerkragtigheid?), krag en skeppendheid—Kaval is die een wat vir ons iets gee om in te glo, met haar stories en haar oorlewing en haar soeke gee sý op 'n manier vir ons dit wat sy nie by die mans rondom haar kan kry nie. Is dit hoe jy dit lees?*

MB: Absoluut. Sy verteenwoordig ongetwyfeld vroulike veerkragtigheid en dapperheid en sy doen dit nie deur soos 'n man te probeer wees nie, maar deur haar vroulikheid as 'n towerkrag eerder as 'n swakheid te beskou. Sy is weerloos, maar sy is 'n force!

*AC: En ek dink daar sit ook baie duidelik 'n soort hoop in die krag van stories. Kaval is 'n storieverteller, en jy ook, en daar is iets so verblydend en moedgewend om in ons tye (en postpandemie) in 'n klein, onafhanklike teatertjie in Kaapstad te sit en 'n toneelstuk te kyk. Wat is dit aan stories wat so belangrik is? (Hier dink ek ook aan storievertel as tradisioneel 'n soort 'vroulike' rol of werk of taak, iets wat intiem is, relational is, gewoon is, op 'n manier—maar iets wat dan duidelik soveel krag het).*

MB: Stories is die suurstof van die siel. Stories is die tuig waardeur ons probeer sin maak van wat dit beteken om 'n mens te wees. Elke mens se lewe is in eie reg 'n mite. Die oomblik toe ek dit besef het, het iets beeldskoon in my oopgebreek. Ek kon een tree terugstaan. Ek kon die waarnemer van my lewe word terwyl ek gelyktydig die hoofkarakter in my eie mite speel. In die nie-dualistiese beskouing (wat my persoonlike rigtingwyser is) is dit die sleutel tot verligting. Shakespeare het dit ook geweet: "All the world's a stage, / And all the men and women merely players; / They have their exits and their entrances; / And one man in his time plays many parts".

*AC: Jy het baie lanklaas toneel gespeel—hoekom nóú, met hierdie stuk?*

MB: Ek het, deur hierdie uitdaging aan myself te stel, laat gaan van baie ou verwonding. Ek het dit gedoen omdat ek in my solar plexus kon voel dat dit my van baie dinge sal bevry. En nie net die obvious goed, soos my vrees om heeltemal naak en weerloos voor 'n gehoor te staan wat my gaan oordeel nie, maar op 'n veel dieper vlak het ek myself toestemming gegee om my begeerte tot uitdrukking tot die uiterste vlak te verken. Die tyd is nou reg, want die wêreld is 'n ander plek ná die pandemie en ek het besef niemand gaan my kom red nie. Die onus is op my. Om dit saam te vat: ek het ook besef dat ek nie meer bang wil wees vir my eie krag nie. Ek hoor al my lewe lank dat ek te intens, te ernstig, te vurig, te direk, te roekeloos, té (veel) is, en by the grace of the Goddess, het ek net besluit om myself te aanvaar vir wie en wat ek is. Ek dink ek is selfs besig om vir myself lief te



Ben Albertyn as Slim en Marí Borstlap as Kaval in *Neon Smoel*. Foto deur Marguerite Oelofse.

word danksy die toneelstuk. Een van my heldinne, Marianne Williamson, het dit so perfek opgesom: "Our deepest fear is not that we are inadequate. Our deepest fear is that we are powerful beyond measure. It is our light, not our darkness that most frightens us. We ask ourselves, 'Who am I to be brilliant, gorgeous, talented, fabulous?' Actually, who are you not to be? You are a child of God. Your playing small does not serve the world. There is nothing enlightened about shrinking so that other people won't feel insecure around you. We are all meant to shine, as children do. We were born to make manifest the glory of God that is within us. It's not just in some of us; it's in everyone. And as we let our own light shine, we unconsciously give other people permission to do the same. As we are liberated from our own fear, our presence automatically liberates others."

*AC: Jy is 'n ma van 'n dogter—hoe het dit jou as skrywer en kunstenaar verander? Die stuk is rof en intens en ons sien vir Kaval wat seks het en vloek en speel en droom en baklei en op allerhande maniere buite die reëls wat vir vroue gestel word leef. Die stuk het 'n ouderdomsbeperking van 16 en jou dogter is jonger as dit, so ek neem aan sy gaan dit nie sien nie. Maar ek het gewonder, hoe praat jy met haar oor wat jy doen? Hoekom is dit belangrik vir ons dogters dat vrouens soos jy doen wat jy doen?*

MB: Dit het my kom leer om nie tyd te mors nie. Gautama Buddha het gesê: "The problem is you think you have time". My dogter is my leermeester. Sy het my geleer om my hart oop te maak. Om te skep vanuit 'n plek wat doelbewus ongemaklik is, want dis waar die goud begrawe is. Dis daar waar ek groei, dis daar waar ek genees. Ek maak bloot die pad gelyk. As ek my deel met oorgawe doen sal sy en haar generasie vroue niemand se toestemming nodig hê om te skyn nie.

*AC: Hoe is jou eie verhouding met tegnologie?*

MB: Ek benader die gebruik daarvan met 'n no-bullshit bewussyn. Ek het tydlimiete-kennisgewings op alle sosiale media apps. Geen skermstimulasie 'n uur voor of ná ek gaan slaap nie. Ek het nie blue ticks op whatsapp nie. Ek probeer 'n balans handhaaf. Maar ek is net 'n mens en soms verdwyn ek ook maar af in die rabbit hole wat die internet is.

*AC: Die vertaling is uitstekend gedoen, die tekstuur en detail van jou Afrikaanse interpretasie is verskriklik mooi en treffend en interessant en presies. Wil jy meer vertel oor die proses? En wat dit vir jou beteken om in Afrikaans te werk?*

MB: Baie dankie. Ek het die proses ongelooflik geniet. Afrikaans is vir my so belangrik. Dis in my murg. Dis my taal. Om 'n storie in jou moedertaal te hoor ontketen iets oers in 'n mens se psige. Die afstand tussen jou en die karakters verkort. Om in Afrikaans te kan werk gee my toegang tot 'n diepte en omvang van uitdrukking wat eenvoudig nie in Engels vir my moontlik is nie. Ek skep uit my kern uit in



Ben Albertyn as Slim in *Neon Smoel*. Foto deur Marguerite Oelofse.

Afrikaans. Dis 'n helder plek in my. My identiteit is nou verweef met die woorde en beelde en beeldspraak en omskrywingsvermoë van my taal. Ons skep soos ons praat. En om in jou moedertaal te mag skep is heilig want dis die kortste pad tussen jou en die Bron waaruit jy skep.

*AC: Dit is 'n baie fisiese stuk—jou liggaam is sentraal tot die uitbeelding van Kaval en haar verhouding tot Slim en die vertel van die storie. In die Kaapstad Toneelhuis waar julle die stuk opvoer sit die gehoor baie naby aan julle, dit is baie intiem. Wil jy meer vertel oor wat dit beteken vir jou, of die ervaring daarvan om jou liggaam so intens te gebruik vir die kuns wat jy maak?*

MB: Dit was by tye so uitmergelend, maar dit is die mees bevrydende ervaring om jou liggaam te gebruik om 'n storie te vertel. Ek het nie woorde vir hoe dit voel nie. Maar ek kan jou belowe: daar is 'n wisselwerking tussen my liggaam en iets veels groter wanneer ek speel. Iets kragtig. Dit maak my emosioneel om daaraan te dink. Ek glo regtig dat ek myself as kunstenaar oopstel vir 'n heilige intelligensie om deur my te werk. Maar nie as 'n soort marionet nie, nee, dis 'n wisselwerking, 'n heilig dans, 'n duet. Die impak daarvan hou my beslis nederig. Vir 70 minute per vertoning neem iets oor wat net moontlik is as jy gedissiplineerd en met toewyding vir weke lank repeteer, maar in dieselfde asem moet jy heeltemal laat gaan en vertrou dat jy dit nie alleen hoef af te pull nie. Dis 'n wonderwerk, as jy my vra. Dis natuurlik ook net moontlik omdat ek my mede-akteur, Ben Albertyn (wat Slim vertolk), met my hele wese vertrou. Om teenoor hom te speel is ongelooflik. Ek is oneindig dankbaar vir hom en vir die geleentheid. •

# MISFIT

deur
CHASE RHYS

**1. GOUE STUDS**

*1990, ag maane oud*

Ek en my sewentienjarige ma is in 'n third-class carriage op pad Golden Acre toe. Ek was soes 'n liewindige pop vi haa. Altyd dress-up met my gespeel. Sy't vesieke gemaak ôs dra matching outfits whenever ôs in public appear het. My ma dra haa trademark geskeurde klere en klom kettangs yt Madonna se "Like a Virgin"-era. Haa trademark vurk en liepel is om haa arms gebyg. Haa hare is vasgemaak met klom geskeurde ribbons. 'n Matching ribbon hou my kop vol soft curls yt my gesig yt. Ôs kô by Kaapstadstasie an, en loep deerie tunnel Golden Acre toe. Ôs is hie om gatte in my ore te kry. Hulle skiet 'n goue stud in elke oor. Ek hyl ie. Innie middel vannie mall hou hulle 'n model competition op soek narie jaa se mooiste baba. Die prys is 'n assortment baby products wat dee veskillene winkels innie mall gedonate is. Die winning baby wôd oek in 'n nasionale catalog gefeature. My ma enter my innie kompetisie. Hulle vat foto's van my en my ma parade my voorie judges ennie shoppers, wat nou 'n live audience is.



Hulle kies net een wenner innie seunskategorie en een wenner innie meisiekategorie. Die seunswenner wôd eeste announce. Issie ekkie. My ma is disappointed, ôs was heeldag veniet bymekaa mettie pageant. Ôs is al twie moeg en mislik. Sy haloep met my deerie tonnel, bang dat ôssie laaste trein ytie Kaap yt gan mis. Ieman skrie haa naam van agte haa. Is 'n ytasem security guard. "Hulle roep jou oppie stage!"

Ek het my eeste pageant gewen: Ek is Golden Acre se 1990 Baby Girl of the Year. Die judges het my krulle en my earrings gesien en assume ek's 'n meisie.

My ma is in ekstase. Ôs vattie trein hys toe innie donkete. My ma sukkel om my ennie masse hamper vol pienk onesies, pienk rattles en pienk komberse in haa arms vas te hou.

"My baby is 'n famous model!" brag sy toe ôs eventually byrie hys kô. My sewentienjarige pa is gesyp. Hy wil wiet wie't vi my ma gesê sy kan vi my earrings inskiet. "Boys dra nie earrings ie!"

Hy sienie "Baby Girl of the Year"-sash wat oorie pienk hamper gewrap is. Hy is kwaad dat sy seun vir 'n meisie mistake is. Hy blame ie goue studs. Hy sit my op sy skoot en haalie earrings yt my ore yt. "Boys dra nie earrings ie!"

Soes hy praat vallie as vannie entjie in sy mon op my en brand 'n gat innie nuwe pienk jacket wat my ma vi my aangetrekit. Ek hyl. My pa sny allie pienk klere op met sy butterfly-mes. Hy gooi die pienk rattles stukken tienie muur en trap allie pienk toys stukken. Hy slaan my ma soe erg dat hy haa been briek wan, "Boys dra nie earrings ie!"





**2. SILVER AND TURQUOISE PEARL CLIP-ONS**

*1995, ses jaa oud*

Ek wôd dikwels allien in my ouma en oupa se kame gelos om TV te kyk. Maa ek stellie soviel belang in wat oppie skerm issie, ek is mee obsessed met my ouma se jewellery box. Ek haalit skelmpies ytie wegstiekplek agte haa klere oppie onneste rak van haa kas. Oppie boks is 'n floral pattern ytgekerf en daas bottle-green velvet annie binnekant. As ekkie boks oepmaak ryk dit na metaal en lipstiffie, en soet parfuum. My ouma se juwele is elegant. Ek spandee ure ommie dun kettang met Jesus annie krys in my palm te gooi. Krul it starag op soes 'n slang. Ek hou van hoe it kielie.

Maa my gunstelingding innie boks is 'n paa clip-on earrings. Hulle is silwer, shaped in soe 'n paisley pattern, met 'n groot turkoois pêrel innie middel, en lyk ancient en expensive. Ek knip die oorbelle aan my gatlose earlobes vas. Hulle klap aan my ore, ek ruk. Is swaa. Is see, maa ek hou it an. "Suffer for beauty" is 'n mantra wat die vroue in my hys herhaal. Ek hou van hoe die oorbelle my lat voel, ouer en glamorous. Ek kyk na myself innie dressing table se spieël. Ek dink ek lyk pragtag. Ek wens ek kon hulle heeltyd dra. Ek wens ek kon vi my familie wys hoe ek lyk mettie oorbelle an. Maa ek wiet ek kan hulle nie anhou nie, dit sal mense kwaad maak. Ek wiet, maa ek vestaanie hoekô ek daavoo gestraf sal wôdie. My ore is attuned oppie bewegings van ammel innie anner vertrekke vannie hys. Ek skud my kop soe hard as wat ek kan maa die oorbelle val nooit affie. Ek voel butterflies in my maag as ek dit dra maa ek dra it nie te lank ie.

Ek unclasp die oorbelle en sit hulle vesigtag trug innie jewellery box. Ek sit it trug innie kas. Ek lê oppie bed en maak asof ek belangstel innie TV, die onnerkant van my ore blosend en bloedrooi. Ek geniet die dowwe pyn van waa die oorbelle was. Ek voel geheimsinnig, skuldig en skaam, asof ek iets gedoenit wat ek'ie moesie.





**3. NIKS EARRINGS / KAAL**

*2000, elf jaa oud*

Ek sit ookant my pa innie vookame. Daas 'n klein leë glassie langs sy linkevoet. Wit skym vannie bier wat hy nou net geslukit gly tienie glas af. Hy stiek 'n Rothmans an en hou die punt vannie sigaret tien 'n foto. Dis 'n foto van my met my ouma se paisley pearl-earrings, 'n sparkly doek lê soes 'n pryk op my kop en ek hou my ma se purse onne my arm vas. Daas 'n heerlike glimlag op my gesig, my oë is toe. Sy sigaret brandie deerie foto nie, my smile maakie kool dood. Hy vat sy lighter en steek die hoek vannie foto annie brand. Nou vattie prentjie vlam. Hy sê niks, hy staar net na my.

My pa is 'n superstitious man. Hy gloe foto's hou krag, dat it iets mee is as net ink op glanspapier. Hy't reeds 'n foto verbrand van my met 'n python by my skool se reptile showcase, omdat hy dink dis "demonies". Hy gooi die brandende foto innie perlemoendop-asbak tussen sy bene. Omring deerie vlamme, lykie smiley expression op my gesig innie foto nou of ek grimas van pyn. Hy spieg oppie foto totdat it 'n swat ash paste wôd. Ek dink hierie theatrical ritueel is veonnestel om my te lat vestaan dat ienagge expression van femininity vekeed is, dat dit net soe satanies is soesie foto van my mettie slang. Ek dink sy hele act is supposed om my te encourage om mee soes hy te wies.

Maa sy conditioning wêkie. Ek dink hy's belaglik. Sy gedrag maak dat ekkie complete opposite van hom wil wies. Dit maak my net bang, bang vi hom, bang vi mense soes hy.

Maybe hettie kondisionering actually gewêk, wan ek begin hoërskool doodbang virrie seuns. Oppie eeste dag gan my homeroom-onderwyser saam met ons deerie skoolreëls. Hy praat oo uniforms en lies die "no jewellery"-reëls. Hy rig dit annie "meisies", maa pause dan en sê "en die poofters".

Die hele klas bas yt vannie lag. Die seuns laggie hardste. Ek het nog nooit dai slur gehoorie maa ek lag 'n valse lag saam soedat ekkie ytstaanie.

Ek dra nie oorbelle nie. Boys dra nie earrings ie. Boys dra nie jewellery nie. Ek probee om byrie seuns in te pas, maa it issie earrings wat my game weg gan gie nie. Is hoe ek beweeg. Issie angle van my pols wanne ek point. Is hoe ek my kop drai. Hulle kan it in my stem hoo, is innie sibilance van my s.

Ek wôd getarget dee 'n skeeloegsurfer. Hy is 'n relentless bully.

Eendag niem ôsse homeroom-onderwyser ôs albei ytie klaskame. "Vir wat huil jy?" vra hy vi my. Ek sê vi hom die klong bly my 'n poofter noem. "Wel, is jy gay?" vra hy my kwaad. Ek wiet selfie die antwood vi dai vraag ie. Ek is allien innie gang mettie man wat ôs bekendgestellit annie woord poofter en sy skeel protege.

"Nee," lieg ek.

Die onderwyser skel my yt, "Wel as jy nie 'n poofter is nie, hoekom huil jy dan? Hou op huil. Boys don't cry."

Al wat hy vi die boelie sê, is: "Stop it okay?" Die seuns hou nie op om my poofter te noemie. Maa ek report hulle nie wan ek wiet niks sal gedoen wôdie. En ek hylie, wan boys don't cry.





**4. JUMBO SAFETY PIN**

*2004, vyftien jaa oud*

Die ysblokke wat ek aan weerskante van my oo sandwich is ampe heeltemal gesmelt. Wate tap by my elmboog af en drup op my grys skoolbroek.

Syd lag. "Lyk soes jy jou in broek gepie het." Sy's biesag ommie naalddeel van 'n jumbo-sized safety pin innie vlam van haa lighter te doop. Die metaal brand swat. My nerves is klaa. Syd sê ek moet relax, sy't haa eie ore soe gepierce. Sy vee die roet vannie naald af met 'n tissue. Sy knyp my oo en vra of ekkit kan voel.

"Ja, ek dink ek't mee ys nodig, my ore is noggie numb ie." "Wel, dit wassie laaste ysblokke wat ons innie freezer gehêrit," sê sy. Sy sê as sy dittie nou doen nie, gannit oo 'n paa miniete seerder wies. Ek sê vi haa ek is gereed en druk my school jersey in my mond om op te byt. Ek maak my oë toe en haal diep asem.

Sy drukkie safety pin deerie sagte vleis annie onnerkant van my oor. Woede stroom dee my lyf. My hanne bal in vyste, kwaad dat ek gestiek wôd. Ek praat deerie nat wol in my mond. "Bloei it?" Sy skud haa kop en gie my 'n kleine spieël.

Die safety pin is gebyg en hang aan my oor. Ek hou van hoerit lyk. My ma collect safety pins vannie eighties al. Hulle was 'n integrale deel van haa DIY-estetika. Sy't vi my gelee dattie safety pin simbolies innie punk movement is.

Syd vryf haa hand oorie vyl mat. "Nou waa's dai butterfly?" "Lossie earring," sê ek. "Ek gannie pin soema net soe dra."

Ek dra die jumbo-grootte safety pin as 'n earring skool toe. Die mense staar. Ek loep met attitude straight narie rugby boys, ek sê virrie kaptein vannie A team: "Jono, ek's gay." Hy issie eeste persoon by wie ek ooit out the closet gekommit. Ek is nou officially die ienagste openly queer persoon in my skool en ek verwag violence, maa ammel staar na my safety pin en lyk verstom. 'n Bietjie bang even.

Die boys het siekere ees latere bygekô dat ienagge ieman wat vreemd is, aangeval moet wôd innie konserwatiewe wêreld waarin ôs leef. Eeste pouse loep hulle lag-lag veby my oppie veld en hulle spieg smarties vi my.

Ek slyt oë met hulle tewyl ek'ie klein nat chocolates van my uniform af haal en hul een vi een in my mon druk. Ek sygie lekkers en niemie rienboogklee in. Ek kou en maak my mon wyd oep voo ek sluk, "AAAH!"

Die boys is stil geshock, disgusted. Ná dai pla hulle my nie wee nie.

My safety pin remind my dat ek my eie safe space is. Ek moet na myself kyk, ek moet vi myself opstaan, wan nieman annes gannit doenie. Elke onderwyser wat my sien konfiskeer my earring. Nanny problem ie. Ek replace it net mettie steady supply van my ma se safety pins wat annie binnekant van my skoolbaadjie vasgestiek is. Eventually hou hulle op om my te vra ommit yt te haal.

Om te embrace dat ek nêrens inpas ie, is 'n vrylating. Ek gie myself toestemming om te rebel tien alles wat van my verwag wôd. My identiteit as 'n misfit sypel in elke aspek van my liewe in. Ek veanne my naam legally omdat daa te veel mense innie skool is met my vorige naam. Byrie skool se jaalikse variety concert dra ek 'n wig en 'n wit trourok vol safety pins en kryp oorie verhoog tewyl ek Madonna se "Like a Virgin" lip sync. Innie art class teken ek liewensgrootte prente van Bybeldraende priesters met wit collars, visnetkouse en hoëhakskoene. Ek organise 'n public debate oo queerness mettie Christelike Studenteforum, maa nie een van hul lede daag oppie. Innie dramaklas skryf ek 'n monoloog oo sekswêk en incest op 'n dansvloer. My drama teacher kannie ophou hyl toe ek it virrie eeste kee vi haa perform ie. Ouers byrie skool kla oo my kuns.

Hulle skryf briewe annie local gemeenskapskoerant waarin hulle hul walging ytspriek oorie onvanpaste kunswêk wat ek maak.

Hoe kan die skool toelaat dat hierdie tipe goed op hul perseel gewys word? – Mrs M. Barry, Fish Hoek

Hierdie student is siek in die kop en benodig professionele hulp. – Concerned Anonymous, Sun Valley

Ek was nog nooit in my lewe so geskok nie. Dit is nie kuns nie. – R. Loubser, Capri.

Maane lank is daa 'n back en forth innie "Letters" section innie koerant oo my werk en oo vryheid van spraak. Ek geniet die kontroversie. Die critics bewys dat ek mag het. Ek belowe myself dat ek nooit weer myself sal verklein ie.



**5. GOUE HOOP**


*2010, een-en-twinnag jaa oud*

Ek sit voorie computer, die tab is oep op 'n Non-Binary-groep op Facebook. Ek is soe tense my goue hoop-earring rus op my linkeskouer en byg my oo in 'n ongemaklike way. Die oorbel remind my om my skouers te ontspan. Ek relax my kakebeen, blaas allie asem yt my longe yt en ek tikkie laaste paa lyne in my post oppie Facebook-groep.

As ek in myself kyk vind ek geen gender nie. Hie's fokkol manlike of vroulike gevoelens hiebinne nie.

In hierdie groep het ek anne mense gevind wat oek nooit met ienagge geslag verband kon hou nie. Ek voelie soes 'n man of 'n vrou nie. Ek is agender ek is nie-binêr. Ek drukkie post-knoppie. Ek voel verlig dat ek hierdie Non-Binary-label ondekkit.

Die misfit in my is 'n bietjie bekommerd dat ek myself nou in 'n boks sit, maa ek besef al wattie label betieken is net dat ek nou 'n wooreskat het om te vedydelik hoe ek nog altyd binne gevoelit. Hierie niewe taal is eintlik ie vi my onthalwe nie, is vi anne mense om my bietere te vestaan.





DIE MISFIT IN MY IS 'N BIETJIE BEKOMMERD



**6. KEY EARRING**

*2018, nege-en-twinnag jaa oud*


"Wat maak daardie sleutel oop?" vra die TV-presenter. Innie ateljeemonitor sien ek'ie kamera zoom in oppie sleutel wat annie goue hoop in my linkeroor hang. My debuuttoneelstuk, *Kinnes*, was 'n groot sukses ennie boekverwerking trek baie media-aandag. Ek wôd oorie land rondgevlieg om televisie-onderhoude te voer, ek praat met DJ's op allie major radiostasies, my storie wôd dee nasionale koerante opgetel en ek't dubbelbladsye in glossy magazines. Ek dra my sleuteloorbel by elke veskyning.

Ek vryf die sleutel tussen my dym en wysvinge tewyl ek die aanbieder antwood. "Ek dra my key as 'n visuele signal vi allie misfits. Die misfit wat innie normale wêreld probee inpas, sit hulself in 'n hok. Ek wiet hoe dit voel om in vrees vasgevang te wies. Ôs gloe dat ôs allien is. Maarie oomblik wat ôs 'n anne misfit recognize en hulle stories hoo, onthou ôs skielik wie en wat ôs is. Ôs dink: wag 'n bietjie, die hok issie vi my gedesign ie. Ôsself issie sleutel wattie hok oepslyt wan die misfit is die ienagste een wat vry is.

"Ek dra die key earring soedat ie misfits kan sien is moontlik vi ôs om te flourish dee ôsse outentieke self te wies. Die key is vi allie mense op wie die conditioning nie gewêk hettie. Virrie mense wat innately counterculture is. Vi dié van ôs wat nog nooit ôsse tribe gevindit ie. Virrie minorities wattie ees in hul eie minderheidsgroepe inpassie. Die misfit is annes, en ôs sien annes. Is daarie unieke perspektief wat veannering innie wêreld veroorsaak."

Innie geskiedenis vannie human kingdom wassie mense wat ôsse bewussyn rêrag evolve het ammel misfits. Holy, holy, holy misfit! Jy issie key. •





# WAT SAL DIE MENSE SÊ?

deur

NICOLENE BURGER

*"My moeder en haar moeders het my vandag vertel dat ek die sakdoek wat ek geërf het solank om my mond moet knoop, terwyl hulle die blinddoek om my oë strik"*
*—Nicolene van 2019, Masan, Suid-Korea*

Tussen die ouderdomme van twee en sestien het ek elke Junie en Desember skoolvakansies spandeer saam met my pa se ouers op Hogansie, 'n plaas 'n uur buite Prieska. Ouma Betsie was my rolmodel. Sy het my geleer verf en deur die kwartaal vir my boekies met die pos gestuur wat Jakkals en Wolf intriges illustreer, ystervark se shopping dilemma verhaal en 'n mode-tydskrif saamgestel wat haar komplekse Barbie-rokkies verduidelik.



My ouma was ook hoog op in die ACVV en toe hulle nog op die dorp gebly het, was sy die toonbeeld van 'n raadslid se vrou—die volksmoeder uitgeknip. Die waardes wat aan my oorgedra is tydens hierdie vormingsjare was deurdrenk met idees oor wat 'n ideale Afrikanervrou is.

Ná ek my vierde jaar van Skone Kunste klaar gemaak het, het ek weggehardloop van al die politiese werk wat ek gemaak het om my graad te kry. Maar in Suid-Korea het die dringendheid om oor ras, geslag en klas te praat weer opgestoot. Een aand in 2018, in my vuurhoutjieboksie-woonstel in Masan Changwon-si, het die woorde aan die begin van hierdie artikel deur my gevloei. Dit was die begin van my onafhankilke ondersoek na die reperkussies van Wit Afrikaner Vrouwees.

Ek was op daardie stadium besig om 'n Live Art/toneel met die naam "Prieska" te skryf. Espace Rhizome het vir my 'n studio in die hart van Masan gegee met die vryheid om te skep net wat ek wil. Dit het veiliger gevoel om daar my innerlike konflik met my mense aan die ander kant van die wêreld uit te pluis. Ek het vir 'n Koreaanse audience in Afrikaans vertel van die dag wat ek besef het my geliefde grootouers is rassisties. Die stuk het geworstel met hoe daar 'n racist blindspot in my en soveel ander ingedril is. Dan gaan kruip ons orals in die wêreld of agter ons sekuriteitskompleksmure weg en produseer nog ordentlike meisies—asof die issues rondom witheid nie ons probleem is nie.

Tydens die skryf van hierdie show het ek 'n storie onthou van toe ek tien was. Ek het in die lemoenboord saam met my jonger sussies gespeel en my toon gestamp. Ek het badkamer toe gehardloop om 'n stuk toiletpapier te gryp en so gou moontlik teruggehol swaai toe. My ouma het my

later vanuit die badkamer geroep en my op die leë bad se rand laat sit. "Ouma weet jy het jou toon gestamp, maar ek dink ons moet sommer gou gesels oor groot-meisie-dingetjies. Een van die dae gaan jy 'n vrou wees en alles gaan verander. Dit is baie belangrik dat jy verstaan dat daar nooit bloed in 'n meisie se badkamer sigbaar mag wees nie. Wanneer die tyd kom, kom sê vir Ouma, en dan sal ek vir jou spesiale sakkies gee waarin jy jou vroue-doekies kan sit. Oupa maak die drommetjies in al die badkamers leeg, so jy moet asseblief daardie spesiale sakkies wegmaak in die buite asdrom."

In my tienerjare het ek en my ouma meer en meer baklei oor wat 'n "ordentlike meisie" moet en nie moet doen nie. Ek sou gereeld hoor, "wat is dit tog met hierdie swart gewaad wat jy heeltyd dra? Dis tog nie jy nie. Ouma het die mooiste blomlap gesien die ander dag, Ouma kan vir jou iets vroliker en vrouliker maak wat beter by jou sal pas." Sy het nie eens my lang beenhare genoem nie, maar my ma het vir seker haar ongemak aan my gekommunikeer.

Vir 'n lang tyd was ek so kwaad vir die mans wat ons moes beskerm teen wat dit beteken om vrou te wees, ek het nie eens besef dat net een man in my gesin ooit iets oor my rol as vrou te sê gehad het nie: my ma se pa. Hy't gereeld gepreek: "al wat 'n vrou ná skool nodig het is 'n lipstick, sodat sy 'n man kan vang." Die afbrekende, gedetailleerde intervensies was altyd deur die vrouens—namens die mans en in die naam van hul gemak. Daardie claim van my oupa het oor en oor in my gedraai toe ek begin dink het oor hoe ek die onderdrukkende, "enclaved" culture van my Afrikaneragtergrond, soos wat Christi van der Westhuizen dit noem, kan expose. En saam met dit het die vraag/waarskuwing, "wat sal die mense sê?" in my kop gedraai.

'n Groot motivering vir hierdie projek is my eie frustrasie met hoe bang ek en ander "alternatiewe" Afrikaners is om die enclaved spasies waarin Afrikaners tans leef te disrupt. Ons is so bewus van hoe maklik die Afrikaner jou onder die mat kan invee as jy te teësinnig is... die *Huisgenoot*-troues, huis-renovations, designer baby clothing, manicured family portraits en domestic bliss hou ons privileged klompie bymekaar. Na die *Lilith en Lesbet Trou*-performance in 2021 het ek die inhoud van my trousseaukis begin opknip en op nuwe maniere aanmekaar begin werk.

Die foto's in hierdie brief is geneem deur Adriaan Labuschagne en dit dokumenteer een van die *"Wat sal die mense sê?"*-performance iterations. Dit is installasiekunswerke saamgestel uit tekstielkuns, borduurwerk, naaldwerk, skilderkuns and site-specific performance-kuns. Dit gaan oor die simboliese figuur van die volksmoeder wat steeds spook by my en soveel ander Suid-Afrikaanse vroue. •






poes











# ’N GEFRAGMENTEERDE BRIEF AAN VROUE SOOS EKKE

deur

DIANNE DU TOIT ALBERTZE

## 1

**Een.**

Op Springbok se Wielie Walie het ek al besef dat ekkie ’n gewone meisiekind issie. My tjommie het sy plastic swaard eenkant gesmyt, “Trek uit die rok! Ons speelie meer nie!”

## 2

**Twee.**

Pa sou innie deur
waghond staan
oppie uitkyk vi Ma
sy like nie die pop besigheid
die soet smaak van sonde
pragtige skande

Ouma Mol trekkie laaie oop
“Steek die pop weg”
Oupa is op pad
toe wee Ma se
spookbleek foundation
en ek is mooi

Boeta slattie deur
oop en toe
en ek was mooi
close-up vanne klein Dianne
wat haaself virrie eerste
met respek kan kyk
soos Candyman se rympie
moet jy pasop
want as jy drie keer
moffie sê
word jy een



# 3

**Drie.**

Op skool sou ek jessica die anner girls dophou. Hoe kwaai issit nie om kla te wees wie jy issie. Hoe kwaai issit dat niemand jou verfyndheid uitlaggie. Hoe kwaai?

Op uni was ek altyd oppie periferie van Meraki-hazel-latté feminists. Dié wat dink om hulle nooiensvanne te hou, nie blaaie te skeer of bra's te brand nie, fokken radical is.

Dis juis hie oppie buitewyke waa ek geleerit van vrouwees. Oral anners wassie deure dig gesluit.

in shebeens dansend oppie vloer met fokol skaamte.

onner Obz se brug my eerste entjie uit 'n harige pram gepluk.

in eenvertrekhokkies warmer as enige liefde wat ek ken.

hand an hand deur morning-hour sterre.

kroeë wat kerke was.

beauty pageants in gemeenskapsale met een oomblik se catfight en dan wee dieselle WWE divas wat mekaar se synthetic koeke uitkam.

Vrouwees se deure was alewig gesluit.

Dalk oor ek eers allie toxic masculinity in my moes uitwoed.

'n Scene speel al vi jare op repeat in my brein:

Dis Ouma Mol se begrafnis. Almal probeer inprop onnerie Mostert Begrafnisdiens-tent. Pa staan styf in sy gryspak en sy galgdas. Sy voete beweeg onrustig op een plek soos Kallie Knoetze. Sy snikke was skielik. Hy't die hardste gehuil. Toe tjank ek ook, nie oor wattie, maar oor hy my verneder het. Die man wat altyd sê guys moet skree agter toe deure. Ek't toe al besef manlikheid isse Eisteddfodgediggie wat jy voorie spieël practice.

Vroumens-wees het egter fokol tyd vi konsert speel. Femme is veeltalig. Jy is 'n simbool vir melk, vir kroos, vir kroon, vir roos. Ook kom ek uit 'n huis waa Ma die primêre broodwinner is. Sy's ook altyd as die "bad cop" getypecast. Ma remind my gereeld ommie toe te laat dat mense oor my catwalk nie. Sy WhatsApp op allie regte tye haa Jeremiah 29:1-bybelvers.

My Ma hou nie vannie idee dat ek nou as 'n vrou identifiseer nie.

"Jy spoeg in God se gesig."

Die deure na my ekke was gesluit—toe gooi ek 'n venster stukkend en klim da deur.

# 4

## Vier.

'n Lys van alles wat ek nie meer mag doen nie

noudat ek vrouword:

fokol bandanas

fokol baard

fokol beenhare

fokol diep stem

jy moet toebeen sit

jy moet sagter raak

fokol geskeurde kouse

fokol kort rokkies

fokol praatjies by die braai

gaan maakie slaai!

fokol independence

fokol bottelbek

fokol vuis slat


fokol vloek

haai nee, sies!

# 5

**Vyf.**

Ek't 'n blonde wig wat my secret weapon is. Dra dit meestal as ek virre bag of vis foun sex of cruise assie maan al pootuit is. Dan dra ek somme net 'n visnet da by. Hierrie hoergees was gewoonlik gedryf deur my tikverslawing—wat my sex drive en voorbarigheid met tien gemaal het! Of course my confidence ook. Die trips sou my die confidence gee om sonner vrees of selftwyfel/haat uit die huis te minki.



Ek lulu nie wanneer ek sê ek was getik toe ek by my Ma as trans uitkom nie. Ons albei was klip. Ons woorde was 'n skel skouspel. Ná die kopstamp het ek na die Xhoubanke gehol en 'n lewenslange oseaan het uit my losgebars. Die hele veld het ek natgereën. Die mooiste blomme sal van toe af vorentoe in my groei.

Lat alles loop naai wat my vrouwees bepaal.
ID-boek, loop naai.
Hormoonmeds, loop naai.
Sex change, loop naai.
Ek is wie ek is.
Take it or leave it, skat.

Liefde
Xx
Dianne •

# MASOLA X JEPHTAS X TURKSVY

deur

ATHAMBILE MASOLA EN VERONIQUE JEPHTAS


Athambile Masola en Veronique Jephtas is albei opwindende jong digters wat doelbewus feministiese poësie skryf, Athambile in isiXhosa—haar debuutbundel *Ilifa* het in 2021 verskyn. Veronique skryf in Kaaps en haar debuutbundel *Soe rond ommie bos* is ook in 2021 gepubliseer. Vir hierdie uitgawe van *Turksvy* lees en vertaal hulle mekaar se werk. Hiervoor ontmoet hulle in Woodstock in Kaapstad om gedigte uit te ruil en kennis te maak en 'n gevoel vir mekaar te kry. Hulle skryf ook elkeen 'n paar paragrawe oor die proses en hulle indrukke van mekaar se poësie. Lelethu Sobekwa, Veronique se mede-student in Kreatiewe Skryfkuns by Rhodes Universiteit, het vir Veronique gehelp deur Athambile se gedig eers na Engels toe te vertaal.




Athambile Masola



Veronique Jephtas


Veronique
Jephtas
SOE ROND
OMMIE BOS
GEDIGTE


ILIFA
Athambile Masola
Imibongo

I first read *Soe rond ommie bos* for pleasure. As I was reading I made a note of the poems I enjoyed and would return to for the translation process. While reading Veronique's poems I was reminded of Makhosazana Xaba quoting Myesha Jenkins in the afterword of the posthumous collection *Thirty Five Poems* (2021), to the effect of Myesha being the self-admitted "queen of shorts"; Veronique is also the queen of short poems but this does not diminish their punch. This is important for the translation of the two poems which I eventually selected: "die nag" and "get out". This is not a word-for-word translation, but rather a sense-for-sense translation which tries to capture the poetics of the poems. Other than minimal consultation with Bibi and Veronique, I tried not to use a dictionary as I wanted to translate the feeling of the poems and the way I understood them. I chose not to translate the title of "get out" as this would remove the intertextuality which points to Jordan Peele's film.

**die nag**

die nag is stil
ek lyste graag

**ubusuku**

ubusuku buthe cwaka
ndiyamamelisisa

---

**get out**

ek try nou nog vestaan
hoeko wit mense
nog altyd racist kids grootmaak
al speel hulle kinnes elke naweek saam sipho se kinnes
en al like hulle Nosipho se fotos's op facebook

**get out**

ndisazama ukuqonda
kutheni abelungu
besakhulisa abantwana abanobuhlanga
nangona qho nge-weekend abantwana babo badlala nabantwana bakasipho
yaye bonke bathanda iifoto zikanosipho kufacebook

Ek het beslyt oppie gedig "Isifebe". Die titel het my initially attract en ek isse biesage biesem, soe ekke wou baie graag wiet wat Athambile gesê het oorie modern-day whore. Ek onthou toe ek my internship in Agriculture (shocker, awe) in 2015 gedoen het byrie Wes-Kaapse Departement van Landbou, was ek omring dee isiXhosa-sprekende vroue en, of course, wannee jy 'n nuwe taal by iemand leer, leer hulle jou eeste die vloekwoorde offie slang. Dit maak sin. Ek sou altyd eeste sieke maak iemand wiet wattit betieken om te sê "jou poes" of wannee iemand sê "jou ma se poes". Mettie ontvangs vannie Engelse translation van "Isifebe" dee Lelethu het ek besef hoe nader an myself en my lived reality, asoek dié vannie vroue rondom my, Athambile die isifebe gebring het. Jy wat soe judge, besef vinnag sys jou ma, jou ouma, en once upon a time, of nou, is sy jy. Jou judgemental fool! Daa judge ek. Oh well.

Wat ek appreciate van Athambile self, as academic, skrywer, vrou en fellow bad queen, is dat dit voel asof sy met 'n halo rondloep, ennie holiness wat haa natural aura is, kô stêk dee in haa wêk. Dis revolutionary, maa net innie way dat dit begin praat oorie ordinary, die unexplored, yet the well-known ennie love and hate wat konstant met mekaa slaap. Athambile het my gesê if something does not edify her or her work, she don't want none of that. *Ilifa* edify, and effortlessly so, too.

In my translation process, het ekkie direct getranslate nie, maa ek het gedink annie spirit vannie gedig en oek hoe sallie oovetel bydra tot die gees vannie gedig. Dit is Tina Chang wat gesê het, "For me, the content was paramount and I tried to hear what it had to say and how the story should be told. When I think of form, I envision the poem's physical movement. Is it a wolf? Is it a panther? How does it want to unleash itself?" Roar!

Met betrekking tot die title, kon ek "Hoer" gebryk het, maa die inherent image vannie jintoe is much more on the ground as dié van 'n hoer. 'n Jintoe het mos rooi hare en long-ass nails en dra hoëhakke en dra rooi lipstiffie, maa nie dié een nie. Sy doen alles wat jy en jou ma en jou ouma doen. En ek gebrykie woord "mos", want die stereotype is al soe ver gevat dat society dink hulle wiet meer van haa as sy self.

**Isifebe**

NgeCawa ucula uSiyakudumisa.
NgoMvulo uyaphangela.
NgoLwesibini usentlanganisweni yesikolo sabantwana.
NgoLwesithathu ubukela uMzansi Magic.
NgoLwesine uya emanyanweni.
NgoLwesihlanu yi-nice-time negals.
NgomGqibelo udibana noTemba;
Okanye uXolani,
Okanye uSam.
Ok'salayo ufumana le nto ayifunayo.
NgeCawa ucula uSiyakudumisa.

**Jintoe**

Op 'n Sondag sing sy
die loflied vannie Here
          op 'n maandag gat sy wêk
          toe

          op 'n dinsdag staan sy haa plek in byrie
          ouervegadering van haa kinnes
op 'n woensdag kyk sy
bietjie Mzanzi Magic
                    op 'n donnedag issit sy en umanyano

op 'n vrydag issit tyd virre befokte tyd mettie girls
          op 'n sarrag kyk sy 'n lyn met Temba;
                                        of Xolani
                                                  of Sam
                              soelank as wat sy kry wat sy wil hê

                              ja wat,

                    op 'n Sondag sing sy wee
lofliedere virrie Here.

•

# ELKE KEER IS HET AFTASTEN

deur

HANNEKE STUIT

Met kuns deur Jean Dreyer

*Hanneke Stuit skryf vir ons 'n Nederlandse brief ('n Afrikaanse vertaling volg op die Nederlands).*



Ik krijg vaak rare blikken. Soms denk ik dat ik het me inbeeld. Misschien kijk ik mensen gewoon te lang aan en denken ze dan dat ik iets van ze wil. Of dat ik in de war ben. Of misschien zijn het juist de anderen die in de war zijn. Soms vergeet ik mijn sportbh te wisselen voor een klassieker model voor ik de wereld in ga.

Meestal is het alleen de eerste indruk en corrigeren mensen zichzelf redelijk snel. "Pardon, meneer, oh sorry, ik bedoel, mevrouw." De beste variant op deze standaardrespons vond onlangs plaats bij de douane op Schiphol. Ik wilde binnen de douanezone wachten op mijn reisgenoot. Van de ene douanier mocht het wel (solidariteitsmoment misschien), maar van de ander niet. Het paspoort van mijn reisgenoot ijverig stempelend, keek nummer 2 verstoord naar me om en verzocht mij, meneer-oh-sorry-mevrouw, dringend buiten de glazen omheining te wachten. De eerste douanier: "Natasha, echt hè, nog één keer en die stempel van jou gaat op je hoofd."

In de regel is zo'n moment niet veel meer dan een klein dagelijks ongemak want ik leef een geprivilegieerd leven, maar toch brengt het altijd spanning met zich mee. Elke keer is het aftasten. Met wat voor mensen heb ik hier te maken? Wat is de setting? Wat lezen ze aan mijn blik af en levert dat dan een volgende hobbel op? Mijn galante douanier maakte het die dag iemand anders z'n probleem en ik genoot daar uren later nog van na. Het deed me inzien dat letterlijk alle andere keren dat dit me overkomen is, de bal bij mij lag. Je wordt toch, soms een paar keer per dag, uit je eigen huid gestoten om je af te vragen hoe je precies op anderen overkomt en of die indruk een probleem zal opleveren, of je risico loopt, of het zal escaleren.

Wat doe je hiermee? Ga je die mensen elke keer corrigeren? Laat je het gaan? Moet ik me meer vrouwelijk kleden? Of juist minder? Misschien mijn kleding beter aanpassen per gelegenheid? Dat is niet te doen voor iemand die vijf dezelfde t-shirts heeft en tussen drie spijkerbroeken wisselt. Bovendien is het nooit echt te voorspellen waar een mannelijke uitstraling voor een vrouw een pre is in termen van veiligheid en wanneer niet. Mijn kleding minder goed aanpassen op de gelegenheid? Leuk voor formele feesten en partijen, want je merkt dan in ieder geval hoe het echt staat met de openmindedness van je omgeving.

Dus wat doe je dan met die kleine momenten? Wat betekent het om diep in je lichaam te weten dat je niet kunt conformeren aan een vrouwelijk of mannelijk stereotype (al zou je het willen), maar ook niet in staat bent (in het gunstigste geval) of in een positie bent (in de meer grimmige momenten) dit soort alledaagse interacties naar je hand te



*from bier to be-er* (2023, Jean Dreyer)

zetten? Wat betekent het om die kleine vernederingen elke dag weer te internaliseren?

Het probleem met stereotypen is dat, hoe irritant en kwetsend ze ook kunnen zijn, we er ook niet helemaal buiten kunnen. Zoals Mireille Rosello in 1998 al duidelijk maakte in *Declining the Stereotype: Ethnicity and Representation in French Cultures*, schuilt er een paradoxaal geweld in het uiten van stereotypen omdat ze niet alleen worden ingezet om mensen buiten te sluiten, maar vaak juist worden gepresenteerd als een kans om loyaliteit aan een spreker te tonen of om onderdeel van een groep te worden. Zolang je de haast rituele macht van het stereotype niet verstoort, zolang je je best doet de affectieve flow van het stereotype intact te houden, kan je in principe bij elk van zulke zogenaamd unanieme groepen aansluiten.

Dit is niet om te zeggen dat we die uitnodiging zo maar moeten aannemen of van sociale groep naar sociale groep kunnen fladderen. Of dat elke groep leuk of inherent goed is. Sterker nog, soms moet je een dergelijke uitnodiging simpelweg weigeren. En soms moet je accepteren dat sociale cohesie hem in de kleine dingen zit. In het geval van misgenderen, wordt er in een fractie van een seconde haarfijn aan je duidelijk gemaakt dat hoe jij je in de wereld opstelt niet door de alledaagse selectie komt en, serieus, wie heeft er alle dagen de energie om zichzelf ervan te overtuigen dat je daar boven staat?


Het punt is dan ook om een vinger te kunnen leggen op de sociale functie van stereotypering. Mireille Rosello doet dit door een talige interpretatie van het concept te geven, waarin het zinnig is om in gedachten te houden dat

stereotypen boven alles een manifestatie zijn van wat er werktuiglijk is aan onze talen, maar dat dat niet betekent dat stereotypen niet kunnen worden "verbogen".

Een paar dagen na het douanemoment op Schiphol was ik goed en wel in Kaapstad aangekomen en zat ik met collega's gezellig aan de drankjes. Inmiddels was ik al weer een paar keer aangestaard op straat, meer dan eens beledigd in de supermarkt en werd ik in de Nationale Bibliotheek niet alleen als meneer aangesproken (zonder correctie dit keer), maar—hoe oneindig veel erger—bovendien gevraagd of het mijn eerste keer in een bibliotheek was. Of hoe het anders kon zijn dat ik niet wist dat je geen flesje water de bibliotheek mee in mocht nemen. Hoe het ook zij, mijn reisgenoot en ik wilden onze nieuwgevonden vrienden graag op hun drankjes trakteren en dus probeerde ik van één van hen de aandacht af te leiden zodat diegene niet meer aan de rekening zou denken. "Get a load of this guy," is wat ik hier te horen kreeg, inclusief wijzen. Maar wat een compliment. Zo voelde het althans, want ook hier werd het werktuiglijke stereotype gebruikt als erkenning van een groepsgevoel, alleen stond ik ineens aan de binnenkant van de lijn. Dit zijn dan ook de momenten waarop ik denk: het maakt me niet uit hoe ze me noemen, als het maar een ritueel is waar ik me in kan vinden.

Het gaat me dan ook eigenlijk helemaal niet om gender bending in dit soort momenten. Ik snap dat dit voor andere mensen belangrijk is en ik heb bewondering voor het culturele werk dat zij daarmee verrichten, maar ik doe er zelf weinig mee. Niet bewust in ieder geval. Ik word graag als vrouw gezien en ik kleed me zoals ik me voel. Ik beweeg zoals ik me voel. Mijn omgeving—van mijn eigen ouders en beste vrienden tot wildvreemden in de supermarkt, en random kleuters, mijn hemel; ze kunnen er niets aan doen, maar breek me de bek niet open—mijn omgeving heeft zolang ik me kan herinneren over die combinatie van lichaamshouding, kleding en gender een mening klaar gehad. Gelukkig vraag ik me al sinds jonge leeftijd af wat mensen het recht geeft om zich in dergelijke mate met mij te bemoeien. Zij zijn degenen die mijn gender willen verbuigen, niet ik. Zoals Mia Arderne het stelt in *Mermaid Fillet*: "Big dick energy at its purest was neither femme nor masculine". Dat is mijn streven.

Voor mij persoonlijk is de talige benadering van Rosello belangrijker en betekenisvoller dan gender, want die eerste invalshoek dwingt me ertoe me niet boos te maken. In plaats daarvan kan ik stereotypering zien voor wat het is: een vorm van communicatie die geduld vereist, een kwestie van met elkaar lezen en schrijven. Het is een taal die elke keer dat er een stereotype opduikt opnieuw een lijn trekt, maar—hinderlijk als de emotionele arbeid die daarmee gepaard gaat ook kan zijn—tevens elke keer opnieuw kan worden vormgegeven.



*lightweight* (2023, Jean Dreyer)




*two - wings in black archival ink* (2023, Jean Dreyer)



*(as is)* (2023, Jean Dreyer)



*one - seven lines in black archival ink* (2023, Jean Dreyer)



*disquiet - dislocating, shifting, shifting* (2023, Jean Dreyer)

**ELKE KEER WEER VAN VOOR AF**

Ek kry gereeld vreemde kyke. Partykeer dink ek dat ek my verbeel. Miskien is dit net ék wat mense te lank aankyk en dan dink hulle dat ek iets van hulle af wil hê. Of dat ek deurmekaar is. Of miskien is dit juis hulle wat deurmekaar is. Partykeer vergeet ek om my sportbra te vervang met iets meer klassiek voordat ek die wêreld ingaan.

Meestal is dit net die eerste indruk en dan korrigeer mense hulself vinnig. "Ekskuus, meneer, o jammer, ek bedoel, mevrou." Ek het die beste weergawe van hierdie standaardreaksie onlangs by die doeane op Schiphol-lughawe beleef. Ek wil in die doeane-area wag vir my reisgenoot. Die een doeane-beampte sê ek mag ('n oomblik van solidariteit, miskien), maar die ander een sê nee. Terwyl sy die paspoort van my reisgenoot ywerig stempel, kyk nommer 2 geïrriteerd na my en versoek my dringend, meneer-o-jammer-mevrou, om buitekant die glasmure te gaan wag. Die eerste beampte: "Natasha, regtig hoor, nog een keer en daardie stempel van jou gaan jou kop tref."

Meestal is so 'n gebeurtenis nie veel meer as 'n klein daaglikse ongemak nie, want ek lewe 'n bevoorregte lewe, maar tog veroorsaak dit altyd spanning. Elke keer moet ek dit weer van voor af ondersoek. Met watter soort mense het ek hier te make? Wat is die omgewing? Wat lees hulle in my blik en is dít dan 'n struikelblok? Op daardie dag maak my galante doeane-beampte dit iemand anders se probleem en ek verlekker myself ure daarná nog daaroor. Dit laat my besef dat die verantwoordelikheid gewoonlik altyd op mý val. Jy word, soms 'n paar keer per dag, uit jou eie vel uit gestoot om jouself af te vra presies hoe ander jou sien en of dit 'n probleem gaan wees; of jy 'n risiko loop; of dinge gaan eskaleer.

Wat doen mens? Moet jy mense elke keer korrigeer? Laat jy dit gaan? Moet ek vrouliker aantrek? Of juis minder vroulik? Miskien my uitrustings beter kies vir elke geleentheid? Dit is nie moontlik vir iemand wat vyf van dieselfde t-hemde het en drie jeans afwissel nie. Bowendien kan mens nooit regtig voorspel wanneer dit in terme van veiligheid 'n voordeel is vir 'n vrou om manlikheid uit te straal, en wanneer nie. Moet ek juis eintlik minder gepaste uitrustings kies vir elke geleentheid? Goeie strategie wanneer dit kom by formele geleenthede en partytjies, want dan kan jy sien hoe vrydenkend die omgewing waarin jy jou bevind rêrig is.

Wat doen mens dan met hierdie klein oomblikke? Wat beteken dit om diep binne-in jou liggaam te weet dat jy nie kan konformeer aan 'n vroulike of manlike stereotipe nie (al sou jy wou), maar ook nie in staat is (in gunstige gevalle) of in 'n posisie is (in stroewer oomblikke) om hierdie soort alledaagse interaksies te beheer nie? Wat beteken dit om hierdie klein vernederings elke dag van voor af te internaliseer?

Die probleem met stereotipes is dat, hoe irriterend of kwetsend hulle ook kan wees, ons hulle ook nie heeltemal kan ontsnap nie. Soos Mireille Rosello in 1998 al duidelik maak in *Declining the Stereotype: Ethnicity and Representation in French Cultures*, skuil daar 'n paradoksale geweld in stereotipes, omdat stereotipes nie net gebruik word om mens uit te sluit nie, maar dikwels juis voorgehou word as 'n kans om lojaliteit aan iemand te toon of deel van 'n groep te word. Stereotipes het daarom 'n soort rituele mag en solank jy dit nie versteur nie, en jou bes doen om die affektiewe werking daarvan ongerep te laat, laat dit jou toe om by enige groep aan te sluit.

Hiermee bedoel ek nie dat ons die uitnodiging sommer net moet aanvaar of van sosiale groep tot sosiale groep kan fladder soos wat ons goeddink nie. Of dat elke groep aangenaam of inherent goed is nie. Inteendeel: soms moet jy só 'n uitnodiging bloot weier. En soms moet jy aanvaar dat sosiale kohesie in die klein dingetjies lê. In die geval van misgendering word daar in 'n fraksie van 'n sekonde haarfyn

aan jou duidelik gemaak dat die plek wat jy kies om in die wêreld op te neem, nie vir ander aanvaarbaar is nie, en, as ons eerlik moet wees, wie het elke dag die energie om jouself daarvan te oortuig dat jy bo dit alles verhef is?

Die punt is dan ook om vas te stel wat die sosiale funksie van stereotipering is. Mireille Rosello interpreteer die konsep talig, waarvolgens stereotipes bowenal 'n manifestasie is van die meganika van taal. Dit beteken egter nie dat stereotipes nie verander/verbuig kan word nie.


'n Paar dae ná die insident by die doeane op Schiphol was ek in Kaapstad besig om gesellig saam met kollegas drankies te drink. Intussen is ek al weer 'n paar keer op straat aangestaar, meer as een keer beledig in supermarkte en word ek in die Nasionale Biblioteek nie net (sonder korreksie, die keer) as meneer aangespreek nie, maar—soveel erger—bowendien gevra of dit my eerste keer in 'n biblioteek is. Want hoe anders kan dit wees dat ek nie weet dat jy nie 'n botteltjie water daar mag inneem nie. Hoe dit ook al mag wees, ek en my reisgenoot wou graag vir ons nuutgevonde vriende 'n paar drankies koop en dus probeer ek een van hul se aandag aflei sodat hulle van die rekening sal vergeet. "Get a load of this guy," is wat ek hier te hore kry, met handgebare by. Maar wat 'n kompliment. So voel ek, altans, want ook hier word stereotipes gebruik as erkenning van 'n groepsgevoel, maar nou staan ek aan die binnekant van die lyn. Dit is dan ook die oomblik wanneer ek dink: dit maak nie saak wat hulle my noem nie, solank dit maar net 'n ritueel is waarmee ek myself kan vereenselwig, of waarin ek myself kan vind.

Vir my gaan dit eintlik glad nie in hierdie tipe oomblikke oor gender bending nie. Ek verstaan dat dit vir ander mense belangrik is en ek bewonder hulle vir die kulturele werk wat hulle daarmee doen, maar ek neem self selde daaraan deel. Nie bewustelik nie, in elk geval. Ek wil graag as vrou gesien word en ek trek aan soos wat ek voel. Ek beweeg soos wat ek voel. My omgewing—van my eie ouers en beste vriende tot wildvreemdelinge in die supermark, en random kleuters, my hemel; hulle kan dit nie help nie, maar laat ek nie daarmee begin nie—my omgewing het solank as wat ek kan onthou klaar 'n mening gehad oor die kombinasie van my liggaamshouding, klere en gender. Gelukkig vra ek myself van 'n jong ouderdom al af wat mense die reg gee en waarom hulle hulself in so 'n ekstreme mate met my bemoei. Dit is hulle wat my gender wil verbuig, nie ek nie. Soos Mia Arderne dit stel in *Mermaid Fillet*: "Big dick energy at its purest was neither femme nor masculine". Dit is waarna ek streef.

Vir my persoonlik is Rosello se talige benadering belangriker en betekenisvoller as gender, want dit dwing my om nie kwaad te word nie. In plaas daarvan kan ek stereotipering sien vir wat dit is: 'n kommunikasievorm wat geduld vereis, 'n kwessie van saam met mekaar lees en skryf. Dit is 'n taal wat, elke keer wat daar 'n stereotipe opduik, opnuut 'n lyn trek, maar—hinderlik soos wat die emosionele arbeid wat daarmee saamgaan ook al is—daar kan ook elke keer opnuut aan vorm gegee word. •



*(dis)possessions - text two* (2023, Jean Dreyer)



*disquiet - there, in-there, ere, here, hin, in* (2023, Jean Dreyer)

# SPEL

deur

CLK

Met kuns deur Luami Calitz

Dit begin gewoonlik met Simone. 'n Vreemdeling wat na haar kant oorleun wanneer hulle langs mekaar by die kroegtoonbank staan. 'n Bewonderaar wat 'n glas wyn na haar tafel toe stuur; oë wat haar aandagtig volg soos sy deur vertrekke beweeg.

Simone moedig dit nie aan nie. Nie regtig nie. Sy glimlag terwyl sy haar kop skud en 'n uitnodiging om te dans van die hand wys. Sy wuif bedagsaam wanneer die vrou agter die kroegtoonbank 'n R100-noot terugskuif en met haar kop beduie wie reeds die rekening gedek het. Sy steek haar hand vlugtig uit om 'n rooikopvrou te groet wat haarself kom voorstel.

Niks meer as dit nie.

Dit beteken egter nie dat sy nie die blos teen Emma se nek sien opbeweeg wanneer 'n vrou te naby aan haar staan, of 'n iemand se oë net 'n oomblik té lank draal voor hulle wegkyk nie. Of die besitlike manier waarop Emma se hand om haar dy krul wanneer Simone weer gaan sit nie.

Dít is die spel wat hulle speel.

'n Genotvolle spel wat gewoonlik eindig met Simone wat teen 'n plat oppervlak vasgedruk word—'n badkamerhokkie, die hysbak in die portaal van Emma se woonstelgebou, die bank in Simone se sitkamer—terwyl Emma speels "myne" teen haar lippe fluister.

Maar dit bly steeds 'n spel en daar is min dinge wat Simone meer geniet as om te wen. En as dit beteken dat sy elke nou en dan te midde van die spel die reëls moet verander, dan is dit maar so.

Dit is hoe dit gebeur dat dit Emma is wat laat een Vrydagaand teen die voordeur vasgedruk word sodra die deur agter hulle toeslaan.

"Weet jy," asem Simone teen Emma se oor, "dis fokken hot as jy besitlik is, maar ek dink dis dalk tyd dat jy leer dat jy nie altyd in beheer kan wees nie." Sy laat sak haar hande om Emma se gewrigte langs haar sye en teen die deur vas te pen. "Jy mag dalk vind dat om net jouself te laat gaan baie bevredigend kan wees."

Emma trek haar skouers en kop effe terug en glimlag skalks. Simone herken dadelik die krul van haar lippe as 'n uitdaging. "Ek het, om die waarheid te sê, gevind dat my harde werk en toewyding uitstekende resultate lewer. Regtig fantastiese resultate, sal mens selfs kan sê."

Simone wag 'n oomblik voordat sy antwoord. Emma kyk steeds na haar met 'n uitdrukking wat spreek van selfvertroue en ondeundheid. Natuurlik het sy nie verwag dat Emma dadelik sou ingee nie. Sy sou, daarenteen, nogal teleurgesteld gewees het as sy nie self ook 'n bietjie moes werk vir wat kom nie.

Sy streel liggies met haar vinger teen Emma se voorarms op. Sy kan voel hoe die spiere effens verstyf, maar Emma probeer om nie haar arms te beweeg nie. Simone is egter seker dat Emma bloot strategies is. Sy wag die regte

oomblik af om hul posisies om te ruil. Dit is wat meestal gebeur. Emma wag, gee soms selfs 'n bietjie toe, maar wil daarná tog in beheer wees.

Soms herinner Emma vir Simone aan 'n jonger weergawe van haarself. Die manier waarop Simone so naarstigtelik gewerk het om seksmaats plesier te verskaf. In haar eerste verhouding sou daar etlike ure en orgasmes verby gegaan het sonder dat Simone haar eksmeisie sou toelaat om aan haar te vat. Dit is eers later dat sy geleer het om ook te vra. Sy het eers later geleer dat sy kan gee deur haar meisies toe te laat om te neem. Om kwesbaar te wees en haarself in daardie kwesbaarheid te verloor.

En daarom gee sy Emma die ruimte om te eksperimenteer met grense en kwesbaarheid. Sy hou van hierdie betowerende oomblikke vroeg in 'n verhouding. Om iemand te leer ken. Om te ontdek waarvan sy hou, en haar te leer waarvan sy hou. Ses maande is eintlik nog baie kort, dink Simone soms, en vir nou is sy meestal tevrede daarmee om te wag tot die oomblik wanneer Emma uiteindelik gereed is.

Behalwe dat Simone steeds die idee van mag en beheer regtig aanloklik vind. En dat sy opmerk hoe skerp Emma inasem wanneer Simone soms "good girl" of "so goed" teen haar bors fluister. Sy sien hoe Emma se donker oë selfs donkerder word wanneer sy haar 'n bietjie harder teen die matras vasdruk. Dit was ná slegs 'n paar weke wat Simone besef het die maklikste manier om Emma te kry om haar vinnig en hard te fok, is om 'n paar vulgêre instruksies in haar oor te fluister.


"Ná ek gekom het wil ek hê jy moet hier kom en my mond met jou kont fok," sou sy sê en Emma sou dadelik met soveel determinasie begin beweeg dat Simone soms van kant gevang is selfs al het sy baie goed geweet wat kom.

Maar vanaand… vanaand, iewers tussen die oomblik wat 'n donkerkopvrou vir Simone 'n martini aangebied het en Emma 'n paar oomblikke later eenvoudig gesê het



#mermaids
#merboys
#merpeeps
#weareallmermaids
#penandink





Kimberly covered her books in blank paper because she didn't want people to know she was reading saucy books

"huis, nou," het Simone besluit dat dit tyd is om die reëls te verander. Om te kyk of haar intuïsie reg is.

In enige ander omstandighede—met enige ander persoon—sou Simone seker gewees het dat sy sou wen. Sy sou 'n bietjie terg, hygend 'n paar obsene woorde uitasem, lag wanneer sy die desperaatheid kan hoor.

Sy is nie nou so seker daarvan nie. Nie met Emma nie.

Emma, wat by elk van haar bewegings bybly. Wat so maklik saam met haar van speelse verleiding na die mees intieme oomblikke beweeg. Simone weet dat Emma haar met 'n enkele kyk op haar knieë kan dwing, maar dit is nie nodig vir Emma om dít op hierdie oomblik te weet nie.

Simone praat sag, maar selfversekerd. "Moenie my verkeerd verstaan nie. Ek het die grootste agting vir jou handewerk." Hoendervleis vorm wanneer Simone se vingers hoër op beweeg en skrams oor Emma se boarmspiere streel. "En jou toewyding," haar vingers beweeg na binne, 'n wysvinger streel oor Emma se borsbeen. "Maar as iemand wat graag wil voortgaan om die vrugte van jou … werksetiek … te pluk," sy druk haar heupe liggies teen Emma s'n en kyk hoe sy op haar onderlip byt om 'n kreun te onderdruk, "Dink ek bloot dis my verantwoordelikheid om seker te maak dat jy ook soms ontspan."

"Né?" Emma glimlag, laat sak haar kop effens en laat rus haar lippe teen Simone s'n. Simone moet daarop let om stil te bly staan wanneer Emma haar eie heupe vorentoe druk.

Simone laat haarself toe om vir 'n sekonde of twee so te staan. Met lippe teen hare aangedruk, maar andersins doodstil. Dan gee sy 'n treë agtertoe en lig haar kop sodat sy direk in Emma se oë kan kyk. Met 'n beweging van haar kop beduie sy slaapkamer toe.

"Op die bed, asseblief," sê sy en laat sak haar stem 'n oktaaf. Die speelsheid van vroeër is weg.

Sy neem nog 'n treë terug en wag.

'n Amperse frons verskyn, maar die glimlag wat om Emma se mondhoeke speel is steeds daar. "Wat?" vra sy, asof sy nie die instruksie verstaan nie.

Simone oorweeg vlugtig of sy dalk verkeerd is. Miskien het sy die speletjie heeltemal verkeerd verstaan. Maar sy haal diep asem en druk tog deur. "Ek het gesê, gaan nou na jou kamer toe en klim op die bed." Sy wag 'n oomblik en voeg dan by: "Nou."

Vir 'n oomblik behou sy oogkontak terwyl haar woorde in die lug hang. Sy merk hoe Emma se nek en wange rooier word en haar asem vervlak. Dan weet Simone sy was reg.

Nog 'n oomblik gaan verby en dan skuur Emma verby haar en loop in die rigting van die slaapkamer. Simone volg haar nie dadelik nie. Sy staar Emma agterna. Emma moet weet dat Simone vir haar kyk, maar sy weerstaan oënskynlik die versoeking om 'n vertoning te maak van die paar treë na die kamer toe. Haar heupe beweeg sensueel, maar so subtiel dat dit amper onopsigtelik is.

Wanneer Simone by die kamer inloop, sit Emma op die rand van die bed. Sy het haar skoene uitgetrek, maar lyk andersins besonder ontspanne. Die uitdrukking op haar gesig laat Simone egter besef dat sy nog nie heeltemal oorgegee het nie.

Simone treë nader en laat val haar rok na die grond. In ander omstandighede sou sy ineengekrimp het vir hierdie cliché—om 'n swart rok in een beweging te laat val sodat sy seker is Emma weet dat sy vanaand onderklere oorgesien het—maar dan asem Emma 'n sagte "fok" uit en Simone dink dat dit dalk tog nie so erg is nie.

Sy streel oor haar borste met haar regterhand en treë nader aan die bed.

"Fok," herhaal Emma.

"Ons sal," antwoord sy speels.

Simone druk liggies 'n palm teen Emma se bors sodat sy plat op haar rug op die bed lê. Sy leun oor na die bedkassie en gryp die das wat Emma ná werk daar gelos het. (Dit is deel van 'n uitrusting wat Simone besonder aantreklik vind





Her mermaid transition didn’t go quite as planned, but she felt sexy in her new clamshell bikini



Pregnancy Photo Shoot



Getting ready for the party #exchangestudent #roommates



Everything is more complicated when it's that time of the month #werewolfproblems #fullmoon

en sy weet dat Emma dikwels 'n das en broekpak aantrek wanneer sy weet dat hulle mekaar gedurende die werksdag sal sien).

"Sit jou hande bo jou kop," sê Simone en streel met haar vinger oor die sydas. Sy sit op haar knieë op die bed. Gewoonlik sou haar instink wees om onmiddellik wydsbeen oor Emma se heupe te sit, maar sy besluit daarteen. Dit is nog nie heeltemal die regte tyd daarvoor nie.

Emma lag senuweeagtig. 'n Amperse giggel. Sy beweeg nie, maar sy antwoord ook nie.

Die uitdrukking op Simone se gesig versag en sy leun vorentoe. Sy plaas versigtig 'n sagte ry soene van Emma se skouerbeen op na die skulp van haar oor. "Ek het jou," fluister sy. "Maar sê vir my en ons hou dadelik op, okay?"

Emma se oë is toe wanneer Simone weer regop kom. Vir 'n oomblik of twee is albei doodstil voordat Emma haar oë oopmaak en stadig haar arms bo haar kop oplig.

Dan voel Simone hoe Emma se heupe op die bed beweeg, vorentoe beur, en sy beweeg self vorentoe om die das rondom Emma se gewrigte vas te maak.

"Goed so, my gehoorsame meisie," sê sy wanneer sy klaar is. Emma trek haar asem skerp in en sluk dan hard.

"Hou jy hiervan?" lag sy en begin om die knope van Emma se hemp los te maak. Omdat Emma se hande vasgemaak is sal sy nie haar hemp kan uittrek nie, maar dit pla Simone nie te veel nie. Sy bring haar hand vorentoe en streel een van Emma se tepels deur die materiaal van haar bra. Sy hou haar hand daar.

"Hou jy daarvan om so aan my gehoorsaam te wees?" vra sy en knyp liggies.

"Fok," is al wat Emma sê terwyl haar heupe opwaarts beur.

Simone beweeg haar kop af. Haar tong streel oor Emma se onderlip, maar sy beweeg haar mond nog laer voordat Emma haar kan terugsoen. Haar mond omlyn die kurwes van Emma se nek en Simone ruik sitrus en whiskey en 'n eksotiese reuk wat sy nie heeltemal kan plaas nie. Sy laat haar mond verby Emma se borste beweeg. Naby genoeg om seker te wees dat Emma die hitte van haar asem kan voel, maar ver genoeg dat haar lippe nie kontak maak met vel nie.

"Jy lyk regtig fokken hot so," sê sy teen Emma se linkertepel en laat sak haar mond weer om haar tong teen die sagte vel tussen Emma se borste te laat opbeweeg. Simone sit weer regop. Sy maak seker Emma kyk vir haar voordat sy haar hand laat sak en met twee vingers oor haar klitoris en dan effens laer af streel.

"Proe," sê sy. Sy bring haar hand op en druk 'n nat vinger teen Emma se lippe.

Emma probeer om die eerste twee litte van Simone se vinger in haar mond te neem, maar weer eens is Simone te vinnig. Emma lek nietemin die amper onsigbare natheid van haar lippe af en bring haar heupe vorentoe om meer kontak te probeer uitlok.



That time when you kissed a frog and he turned into a prince… but you didn't use protection and caught his curse and now he won't return the favour #contagiouscurses

As Simone vir Emma so onder haar sien—die oopgeknoopde wit hemp wat half van haar skouers af hang, haar effens vinniger asemhaling, die manier waarop haar heupe en dye rukkerig beweeg—dan wonder sy of iets op dees aarde mooier kan wees.

'n Sagte "nee" weerklink deur die kamer toe Simone weer opstaan. Sy glimlag ondeund terwyl sy Emma se jeans en onderklere met een beweging af- en uittrek.

"Geduld," sê Simone, "dis 'n deug, weet jy."

"Simone. Komaan," sê Emma en Simone besef dat dit die eerste samehangende sin uit Emma se mond is vandat hulle na die slaapkamer verskuif het.

"Wat sê jy?"

"Kom nou."

"Wat wil jy hê, Emma?"

"Jy weet wat ek wil hê."

"Sê dit."

Simone kyk hoe Emma weer haar oë toemaak. Sy kan hoor hoe haar asemhaling versnel. Wanneer sy praat is haar stem donker en helder, maar die frustrasie in Emma se verhewe stem ontgaan Simone nie. "Fok my," sê sy.

"Nee," probeer Simone ongeraak antwoord en die Here weet sy hoop nie Emma besef hoe naby sy daaraan is om weg te doen met hierdie hele lawwe plan en Emma toe te laat om aan haar te doen wat ook al sy wil nie. "Nog nie."

Sy klouter terug op die bed en gaan sit wydsbeen oor Emma se dye. Hierdie keer maak sy egter seker om met haar onderlyf teen Emma te druk, om seker te maak dat Emma haar kan voel. Haar wysvinger trek ligte sirkeltjies teen die binnekant van Emma se regterdy voordat haar hand verder op beweeg en liggies aan donker krulhaartjies trek.

"Ek hou daarvan dat jy nie alles afskeer nie," sê sy en laat haar hand laer af beweeg.

"Jissus."

"Jirre, jy is klaar so nat," asem sy uit terwyl haar hand plat teen Emma se kont lê.

"Fok."

"Is dit vir my?" vra sy en slaan saggies.

Sy sien hoe 'n rilling deur Emma se lyf beweeg, maar sy antwoord nie.

Simone slaan nog 'n keer teen Emma se kont, hierdie keer 'n bietjie harder. "Ek het jou 'n vraag gevra, Emma!"

"Ja," antwoord sy so sag dat Simone dit dalk glad nie sou gehoor het as sy nie Emma se mond sien beweeg het nie. Haar oë is steeds toe.

"Sê my waaraan jy op hierdie oomblik dink," en sy trek haar middelvinger op om sirkels rondom Emma se klitoris te trek.

"Aan niks nie," kreun Emma ná 'n paar sekondes.

"Jy jok." Simone buig vooroor en trek die materiaal van Emma se bra opsy. Haar mond krul om haar tepel en sy suig hard. "Sê vir my."

"Ek het …um …" Sy kan sien dat Emma 'n oomblik nodig het voordat sy kan antwoord. "Ek het gedink aan hoe hard jy my gaan laat kom."

Simone laat haar vinger 'n paar keer heen en weer oor Emma se klitoris gly. "En wat dan?" moedig sy aan.

"Dan … fok … ná ek gekom het …" Emma verskuif haar bene en bring haar onderlyf op sodat haar bobeen teen

Simone se kont druk. Simone weet dat dit Emma se manier is om haar te herinner dat sy weet hoeveel Simone hiervan hou. "Dan wil ek hê dat ons na die sitkamerbank toe skuif, die een voor die vensters, en dan wil ek jou van agter af fok met die strap-on."

"Jirre jissus, Emma." Hierdie keer byt Simone die tepel waarteen haar lippe steeds gerus het. Sy voel hoe Emma haar rug opbuig en haar borste uitstoot.

Dit is 'n fantasie wat Emma al 'n paar keer aan haar genoem het. Meestal wanneer Simone se klit net 'n paar sentimeter van haar mond af is. Simone het al opgemerk dat Emma lief is daarvoor om dit te doen: om op te kyk van waar sy tussen Simone se bene lê, een of ander fantasie te deel en dan onmiddellik weer haar lippe rondom Simone se klitoris te sluit. In haar agterkop dink Simone dat sy tog moet onthou om een of ander tyd te kyk hoe hierdie spesifieke fantasie sal uitspeel.

"Is dit iets waarvan jy sal hou?" Twee van Simone se vingers beweeg af en streel liggies oor warm en nat. "Sal jy daarvan hou om my teen die venster te naai?"

"Ja." Emma lig haar onderlyf nou heeltemal van die bed af in 'n poging om Simone se vingers binne-in haar te kry.

Vlugtig, voordat Simone ingee en sy twee vingers laat insink, dink sy weer aan hoe perfek hierdie prentjie voor haar is. Die boog van Emma se rug, die rukkerige bewegings van haar heupe wanneer sy meer aanraking met Simone probeer kry. Simone kan sien hoe Emma se hande teen die das om haar gewrigte beur—as sy wou sou sy egter maklik die knoop kon breek—en dit laat haar bo-armspiere span. Klein klossies hare klou sweterig teen haar nek.

Simone verplaas haar gewig sodat haar hand harder en vinniger bewegings begin maak. Emma se heupe begin meer ritmies beweeg. Sy lig telkens haar onderlyf op om Simone se hand tegemoet te kom. Dit voel steeds nie genoeg nie. Simone voeg 'n derde vinger by en verskuif haar lyf sodat haar borste met elke beweging vorentoe aan Emma s'n



Trying to find vegan alternatives to your favourite werewolf potions isn't as easy as it sounds

raak. Harder en vinniger, aangespoor deur Emma wat hard op haar onderlip byt en telkens asof dit 'n mantra is "fok, ja, fok my, jissus, fok my, fok my, fok my" uiter.

Simone wil vir Emma sê om aan haarself te vat terwyl sy haar fok, maar onthou dan dat haar hande steeds vasgemaak is. Haar hand beweeg effens stadiger terwyl sy agtertoe skuif totdat sy uiteindelik op haar knieë voor die bed sit. Sy trek aan Emma se been, beduie vir haar om nader te skuif sodat haar mond kan bykom.

Dan laat sak sy haar kop, suig en byt aan Emma se binnebeen totdat sy seker is dat dit 'n merk sal los. Sy asem diep in. Dit ruik soos seks en begeerte en Emma.

"Hier is wat nou gaan gebeur," sê Simone en lek al langs die buitenste lippe van Emma se kont. "Jy gaan kom vir my." Sy skuif haar tong nader aan waar haar vingers is. Haar hand en vingers is nou byna heeltemal bewegingloos behalwe vir die stadige kom-hierheen-gebaar wat haar vingers steeds binne in Emma maak. Sy lek rondom haar vingers en dan 'n

bietjie meer boontoe, naby Emma se klitoris. "En nadat jy gekom het," haar tong en lippe beweeg oor Emma se klitoris, "gaan jy vir my omdraai sodat ek jou van agter af kan fok. Verstaan jy?"

Emma antwoord nie, maar bring haar vasgebinde hande vorentoe en druk Simone se kop vorentoe met die palms van haar hande terwyl sy haar heupe oplig. 'n Oomblik of twee gaan verby voordat Simone Emma se klitoris in haar mond neem, hard suig, en dit dan weer laat gaan. Sy lek weer oor Emma se klit, neem dit in haar mond, suig, lek, suig, lek en laat haar vingers met meer intensie opwaarts krul.

Dit vat nie veel langer nie. 'n Oomblik voor Emma kom, kyk Simone op. Sy sien en voel hoe Emma se heupe meer rukkerig beweeg, haar kop terugval en hoe die spiere teen Simone se vingers styf span. Vir net 'n sekonde lig Emma se skouers effens op van die bed af voordat sy weer terugval. Simone dink dat die geluid wat sy uitskree dalk háár naam kan wees, maar sy kan nie seker wees of dit dalk net 'n primitiewe uitroep van plesier is nie.

Vir 'n rukkie lê hulle so. Simone se wang rus teen Emma se bobeen, haar vingers steeds in Emma. Sy kan hoor hoe Emma swaar en diep asemhaal en dan giggel.

"Fokkit," sug Emma sag.

Simone is nie seker hoe lank hulle so lê voordat Emma beweeg nie. Sy kyk op om te sien hoe Emma haar bene optrek en draai sodat sy op haar maag lê. Simone bly doodstil sit en kyk hoe Emma haar knieë intrek en haar onderlyf van die bed af lig. Sy strek haar nek en draai haar kop in Simone se rigting.

"So," begin Emma en daar is iets in haar stemtoon wat Simone laat wonder of sý ooit werklik in beheer was vanaand, "gaan jy net daar sit of is jy uiteindelik reg om vir my te wys hoe dit voel om gefok te word totdat ek nie weer regop kan staan nie?"

Simone oorweeg vir 'n oomblik wat sy volgende moet doen voordat sy besluit om liefs op te hou dink. Sy staan dus op, klim weer op die bed en verwonder haar aan die geluid wat deur die vertrek eggo wanneer drie vingers weer in Emma in verdwyn en Simone haar onderlyf hard teen Emma se heupe inslaan. •




# FOK JULLE HAPPY MENSE

deur

MIA ARDERNE






Firstly fok julle.
Yous wat lekkerkry without trying,
Julle wat bly is. Net nje.

Issie reggie. Waasie justice vir die van ons wat innie donkerte bly?
Ons sien vir julle. Innie lug en lig. Ons het dittie.

Vroumense—ons wiet hoe om dit aan te sit.
Ons wiet dit diep, jy kannit in onse potato salad proe.
Manne oek. Ons kan oek aansit. Yster mos.
Ek is ma altwee, mansmens en vroumens.
Ma dissie die puntie. Dit gan oor die donkerte.

Die wat innie donkerte bly.
Ons is anneste.
Ons slaapie sonne pille nie.
Ons ken nie vir joy nie—vir rustig wees nie.

Ons is sielsmoeg.
Sien jy?
Nee, jy sien nie.

Vir julle wattie vir depressie kennie
Wattie vir trauma kennie,
Wattie vir dop soekie—so erg jy sien jou gat, elke anne dinsdag.
Soema middag.
Jy kennie vir onsie.

Ma slamat vir julle.
You have a sieke ietsie wat ek sou nooit hê nie.
Eks jaloes. Dis al.

Geniet dit. It must be nice.
Om bly te wees.

Gee a twee rand daa, man.
Net a bietjie van jou—vir ons. •



# STILTE

deur

TERRY-ANN ADAMS

Sasha maak haar wardrobedeur oop en gooi dit met gusto toe. “Daar is net ou rokke en stukkenne kak hie-in, Ma.” Hulle is op pad bos toe vir Baba se birthday. Baba dink dis high class om bos toe te gaan en nie beach toe nie. Dis ’n girls-only naweek en Sasha is in haar moer want sy het nie eintlik lus vir die girls wat by die girls-only weekend gaan wees nie. Daar is ma min vestaanwerk wat hulle wil doen. Dis net fake smiles en, “Haai Sasha, wanne kry jy bietjie ’n boyfriend?” Hulle weet wat die antwoord is, maar hulle vra nog steeds. Silence is golden en hulle ken niks van goud nie. Die girls like net praat om te sê hulle het iets om te sê. Hulle praat oor mannetjies wat vi hulle fluit en skree, “Haai girla, kyk hoe oulik is jy!” Daar is so en so se boyfriend wat ’n kar ry en so en so se boyfriend wat werk vir ’n insurance plek. Sy sit ma net en luister want daai is nie ha reality nie. Al wat Sasha hoor as sy uitgaan is, “Kyk my bru, da gaan jou laaste kans”. Dis ’n kak storie, as ’n mens disabled is, is jy mos lelik. Die girls praat nie oor dit nie, ma jy kan sien hulle glo dit ook. Toe Romy jong meisie word, toe was dit, “Bly weg vannie mannetjies af.” Selle story met Jalynne en Lamieze. Toe Sasha jong meisie word was almal tjoepstil. Dit was clear as day. Niemand het gedink mannetjies sal agter Sasha gaan nie. Sy is disabled. Wie sal ’n meisie met skeel oë en ’n kruk soek?



Sasha wag vi Ma om die padkos innie kar se boot te sit. Alles is nog fresh in haar kop van daai dag se gebeurtenis. Sy gaan nie vi Ma of die girls sê nie. Hy het ha probeer ompraat en toe dit nie werk nie het hy ha gedreig en toe dit nie werk nie het hy ha geslaan met ha eie kruk op ha heup en been. That’s just the way it is. En sy haat hom, ma sy weet silence is golden en praatwerk maak net kool. Nie eens Ma gan glo dat sy, Sasha, gerape is nie.


Sasha was al klaar omgekrap daai oggend wat Hy daar aangewals het. Ma het haar kruk iewers gesit waar sy dit nie kon kry nie. Haar heup het daai oggend erg begin brand. Sy moes huppel-huppel al rondom die huis loop en die kleintjies het gelê soos hulle lag. Dit was June, dit is die tyd wat Hy huis toe kom van sy studies in Amerika af. Die huis raak mal elke June, want die prodigal son, die hoop van die familie, kom huis toe om vi almal te vetel watte lekke lewe hy lewe in die land van Starbucks en #BlackLivesMatter. Hy is die eeste van hulle almal om oorsee te gaan, so jy kan jou indink hoe hy aangan; lyk hy kak custard. Hy is nie ha bloedbroer nie. Daai was ma altyd sy excuse vi himself want hy het self geweet dat hy kak aanvang. Hy is Ma se nuwe man se kind. Die groenoogduiwel wat ná ’n jaar somme soos ’n American praat, tot met sy eie pa. Sy South African accent kom net uit as hy vi Sasha woerwaai. Dan kan hy


woorde somme reg sê.

Ma skree die huis vol, want Baba het gebel om te sê sy is op pad. Sasha fluister vloekwoorde vir haarself, want sy mag nie terugpraat nie. Baba praat met haar like sy is 'n klein kind. "Moenie worry Sashatjie, die is 'n mooi plek. Ek het vi jou sunglasses gekoop so niemand gan jou gwarra nie." Hoekom het sy gevoel dat sy so iets moet sê of dat sy die sunglasses moet koop? Tussen Baba se los praatjies en Ma se stories oor hoe Baba se kind so pragtig uitgedraai het, is Sasha nou mooi gatvol. Almal dink Hy is agter Baba se kind aan, want sy is 'n beauty queen met lang hare. Baba se kind dink ook so en sy is lekke in ha skik want Hy is mos 'n American.

Dit is nou August, maa Sasha se heup pyn nog steeds. Hy het ha mooi lat vestaan toe sy sê sy gaan vi Ma vetel dat hy besig is met ha. "Dink jy jou ma sal daai kak glo? Sy sal sê ek doen jou 'n favour, jy moet bly wees ek gee jou skeelooggesig aandag. Of sê jy my, line die boys op om vi jou movies toe te vat? Wees dankbaar, fok." Maa sy voel nie dankbaar nie, sy voel seer en moeg. En Baba se hoeter maak geraas voor die hek. June was die derde keer, of was dit die vierde keer? Sy kan nie onthou nie. Sy weet net dat Baba gelag het toe iemand 'n joke gemaak het oor 'n match tussen Hy en Sasha. Sy het uit ha maag uit gelag en ha trane afgevee met die afdroogvadoek. "Haai jinne, dit sal nou 'n ding wees. Mr. America en Sasha." Die lag kom toe met 'n hoes en almal dink Sasha slaap innie kamer op Ma se kooi.

Baba sit Sasha se kruk innie boot. Hulle is op pad en Ma se smile kry nie end nie. Al haar dogters en kleindogters op een holiday. Sasha ruik iets wat nes Hy ruik. Baba hak af, "Mr. America het my kind op 'n date gevat." Die kind is 19, Hy is 27. Baba sien nie fout nie. Hulle tel op, als wat in die kar in kan pas, en weg is hulle. Sy cologne ruik die hele kar vol, Sasha se been en heup pyn soos die kar oor die veldpad rol. Baba speel Whitney Houston en sing kliphard saam om die stilte te verdrink. •



# VAN SEDEBEWAKERS TOT DWARSTREKKERS: LOSLYF, MANLIKHEID EN GELOOF

deur
STELLA VILJOEN



**AFRIKANER VROOMHEID...**

In 'n era waarin pornografie alomteenwoordig is, is dit miskien die moeite werd om oor ons skouer terug te kyk na 'n verlede waarin selfs die mees onskuldige pornografie polities ondermynend gevoel het in 'n Suid-Afrika wat steeds seksuele en morele onderdrukking beleef het. As feminis vind ek dit besonder interessant om die soort publikasies te onthou wat as moreel dubbelsinnig geag was, maar 'n noodsaaklike rol gespeel het om die 'vroomheid' wat dikwels (verkeerdelik) met Afrikanerdom geassosieer is, te vermurwe.

Jan-Ad Stemmet sê die morele konserwatisme van die Afrikaner was 'n noodsaaklike komponent in sy outoritêre arsenaal. Stemmet vra hoekom die apartheidsregering so streng was in die polisiëring van die uitbeelding van seks en stel voor dat die antwoord lê in die godsdienstige oortuiging dat Afrikaners die uitverkore volk van God is. Die identiteit van hierdie groep is dus geanker in die Afrikanervolk se sin vir hul eie vroomheid; 'n sin van rasse-, taal-, politieke en morele eksklusiwiteit.

Teen hierdie agtergrond het 'dwarstrekkers' die apartheids-lingo geword vir diegene wat van binne af weggetrek het van die dominante kultuur van die Afrikaner. Deel van hierdie rebellie was 'n soort onderliggende verset teen die veronderstelde vroomheid van 'goeie' Afrikanermans. Wit Afrikaanssprekendes was in die negentigerjare noodwendig besig met die herdefiniëring van hul identiteit in 'n post-apartheidskonteks waar baie probeer het om post-rassisties, post-seksisties en heel dikwels post-Christelik te wees. Dwarstrek was moontlik 'n manier om Afrikanermanlikheid te herdefinieer, veral vir 'n generasie wat min blootstelling gehad het aan die maniere waarop seks uitgebeeld is in die Westerse wêreld. Hierdie leemte was te wyte aan polities konserwatiewe en seksueel preutse apartheid-sensuur, wat natuurlik geregverdig is deur Christelike skaampratery (alhoewel, moet mens toegee, baie pornografie die land onwettig binnegekom het ten spyte van apartheidsregulering).

***LOSLYF***

Die eerste uitgawe van *Loslyf* is in Junie 1995 deur JT Publications (Joe Theron, die befaamde uitgewer van die Suid-Afrikaanse uitgawe van *Hustler*) gepubliseer. Dit was die eerste Afrikaanse pornografietydskrif en was as sodanig 'n reaksie op die geveinsde vroomheid van Afrikanermans deur middel van 'n soort rebellie teen godsdiens, konserwatisme en seksisme. Die ikonoklas Ryk Hattingh het die tydskrif vir die eerste jaar geredigeer (hy het volgehou dit is die maksimum tyd wat 'n mens die sedebewakers kan uitlok op 'n manier wat kultureel interessant of kragtig sou wees). Hattingh het vir *Vrye Weekblad* gewerk en 'n teaterstuk, *Sing jy van bomme*, geskryf wat krities was van die gemilitariseerde outoritarisme van apartheid. Die




Die eerste uitgawe van *Loslyf*, Junie 1995

tydskrif was hoofsaaklik vol sagte pornografie (met ander woorde kiekies van kaal en amper-kaal vrouens), maar het ook gedigte, artikels, strokiesprente en satire bevat.

In Hattingh se eerste redakteursbrief het hy uitbundig verkondig:

"Loslyf *is 'n tydskrif vir Afrikaanssprekende grootmense wat hulself deel van die jagse mensdom voel, mense wat hul seksuele begeertes in druk wil sien en nie net in kroeë en om braaivleisvure daaroor wil mompel nie. Loslyf is nie 'n tydskrif vir moraliste, sedebewakers of radikale pretbederwers nie—daar is genoeg leesstof vir hulle, en ons gun hulle dit.*"

*Loslyf* was nie juis 'links' nie, maar ook nie 'konserwatief' nie—dit was ondermynend van beide pole van die politieke spektrum. Lesers is aangespreek as nóg progressief (verligtes) nóg konserwatief (verkramptes). Dit was krities oor die idealisme van die nuwe post-apartheid-bedeling, maar dit het die geleenthede vir (heteronormatiewe) seksuele vryheid wat dit gebied het, omhels. Die lesers was dwarstrekkers.

Die koppeling van Afrikaans, die taal van Afrikanervroomheid, met pornografiese inhoud, was ondermynend. Dit is pragtig gedokumenteer deur Marnell Kirsten in haar navorsing oor die onderwerp. Soos sy verduidelik, het Hattingh gerespekteerde Afrikaanse skrywers en kunstenaars (byvoorbeeld Anton Kannemeyer en Conrad Botes van *Bittercomix*-faam) gewerf om 'n 'alternatiewe' manier van Afrikaanse manwees te modelleer. Dit het ook uitgebrei na die geloofsfeer. *Loslyf* het in opstand gekom teen die dominante orde van NG-godsdienstigheid, maar was ook in opstand teen die godsdienstige retoriek van die Nuwe Suid-Afrika, waarin "klassieke godsdienstige kategorieë—waarheid, versoening, geregtigheid, sonde, skuld, vergifnis, vrede, hoop—aangewend is om 'n program van nasionale versoening te regverdig en te implementeer," soos Dirkie Smit dit stel.

So, daar was 'n manier waarop die tydskrif godsdienstigheid teëgestaan het—hetsy gekoppel aan apartheidsideologie of dié van die demokratiese bedeling. Wat minder onmiddellik voor die hand liggend is, is dat dit ook 'n vorm van kritiek op die klasse-aspirasies van beide kontekste was.

**TAPPIT**

Kobus du Pisani beskryf byvoorbeeld die toenemende sofistikasie wat Afrikanermanlikheid sedert ten minste die 1930s gekenmerk het. Afrikanermans was blykbaar deur die Europese kultuur geïnspireer en was toenemend meer opgevoed, met 'n groeiende waardering vir kuns en letterkunde (soos gesien in kulturele ikone soos die Afrikaanse kinderboekkarakter Dr Serfontein van *Keurboslaan*-faam). Hierdie estetisisme is geassosieer met Afrikaner-dissidente maar het ook tekenend geword van 'n Afrikaner morele meerderwaardigheid en godsdienstige stoïsisme. Dit lyk asof *Loslyf* 'n gevoel van estetiese hoogmoedigheid wou ondermyn deur sy blote bestaan as populistiese sagte pornografie. Maar die tydskrif het dit ook gedoen op baie doelbewuste maniere, soos in 'n gereelde rubriek deur die joernalis 'Fransie Fry', wat na alle waarskynlikheid Hattingh was, en wat skynbaar daarop ingestel was om die snobisme en vermeende preutsheid van die Afrikaner Manlike Ideaal te ondermyn.

**FRANSIE FRY**

In elke uitgawe verken Fry die landskap van Suid-Afrika deur sy belangstelling in oënskynlik belangrike of ikoniese aspekte van die kleindorpse lewe, dikwels die argitektuur van kerke. In elke geval dokumenteer hy die bewoners wat hy in 'n godverlate dorp teëkom met spottende opregtheid en naïwiteit. Die September 1995-uitgawe bevat 'n artikel deur Fry, getiteld die "Die slaweklokmnimfie". Die leser word in alle erns vertel dat 'n kultuurinstituut die skrywer genader het om 'n ondersoek te doen oor die oorblywende historiese

kerke en ander geboue op die Suid-Afrikaanse platteland. Maar in hierdie geval vind Fry meer as wat hy verwag en hy vertel met skreeusnaakse effek van sy ontmoeting met ’n skoolhoof op ’n dorp wat naamloos bly. Die skoolhoof is baie kundig oor die argitektuur van die kontrei, veral die ou slaweklok wat op die skoolgronde is, maar wanneer Fry hom gaan sien, word hy min of meer betrap met een van sy studente, die gelyknamige nimf. Wel, eintlik, ontmoet Fry die “fikse donkerkop” wanneer sy op haar fiets aangejaag kom en ’n es gooi voor Fry en die skoolhoof. Nadat sy gegroet het (met “woorde wat soos heuning oor haar vol lippe gedrup het”), gee sy trots vir die skoolhoof haar boek uit haar tas uit. Hy kyk na die boek en sê dan dat die werk wat sy gedoen het uitstekend is … onbewus daarvan dat hy sy lippe lek. “So, dit lyk darem of ons gesprekke die moeite werd was,” sê hy. Fry los die skoolhoof nadat die dogter met ’n “wulpse beweging” wegry. Hy gaan terug hotel toe, maar besluit om later die middag weer ’n draai te maak by die skoolhoof se kantoor.

As hy aankom by die kantoor, gaan die deur skielik oop en dieselfde meisie, “natgesweet en met ’n erg gekreukelde skooljurk,” kom al giggelend en verbouereerd uitgehardloop. Binne kry Fry die skoolhoof bloedrooi in die gesig en met sweet wat in dun straaltjies teen sy slape afloop. Hy begin babbel oor die kerkgebou wat hulle moet gaan kyk terwyl hy sy das probeer regtrek en Fry aandui dat sy gulp nog oop is. Hy begin weer met ’n relaas oor die geskiedenis van die argitektuur op die skoolgrond, maar onderbreek toe homself deur vir Fry te sê dat hy dit hoog op prys sal stel as Fry sal vergeet wat hy daardie middag gesien het. “Wat het ek gesien?” vra Fry. Die skoolhoof skink vir hulle brandewyn uit ’n halfjack in twee polistireenglase en begin confess.

Dit het begin met ekstra lesse. Een dag, toe hy weer vir haar sê om haar sokkies op te trek, toe antwoord sy, “Meneer, hierdie gerasery werk nie met my nie. Gee my ’n pakslae. Hier op my gat soos jy met die ouens maak.” Sy gaan buk toe oor sy lessenaar, en trek haar rok hoog op sodat hy haar broekie kon sien. “Ek moet erken, ek het my vergaap aan hierdie pragtige jong boudjies, twee ryp appelkose,” sê die skoolhoof en verduidelik verder, “as dit haar gaan help om deur matriek te kom, is ek mos verplig



die
# slawekloknimfie

**FRANSIE FRY** (skuilnaam van ’n bekende joernalis) is deur ’n kultuurinstansie genader om ’n ondersoek te doen na die oorblywende historiese kerke en geboue op die platteland van die ou Suid-Afrika. Maar die ondersoek na geboue het ander dinge aan die lig gebring. Hier is die eerste uittreksel uit die dagboek van Fransie Fry

5 Februarie 1995 - Ek was nog nooit juis gaande oor ou geboue nie totdat ek, nadat ek die opdrag gekry het om ’n ondersoek te doen na die oorblywende historiese kerke en geboue van die Ou Suid-Afrika, die platteland ingevaar het en die bewoners van hierdie godverlate plekke leer ken het...

Op die eerste dorpie (ek noem liewer nie die plek se naam nie) het ek mnr Lucas Tromp (dis ’n skuilnaam), die skoolhoof en kenner van die geskiedenis van die betrokke kontrei, ontmoet. Hy was op die skoolgronde, besig om die ou slaweklok te lui vir huis-toe-gaan-tyd. ’n Belangrike man, die meneer Tromp, al had hy maar ’n skrale honderd leerlinge. Party standerds het nie eens bestaan nie. Anyway, ek was nie daar om leerlinge te tel nie.

Hy het sommer van die begin af begin vertel asof hy persoonlik elke ou gebou op die dorp steen-vir-steen self opgerig het. Moeilik om te glo van so ’n tingerige, senuweeagtige, bleek mannetjie.

Terwyl hy aan my verduidelik hoe die ou, oorspronklike opstal gelyk het, kom ’n fikse donkerkop op haar fiets aangejaag. In ’n stofwolk - vlak voor ons het sy ’n es gegooi - het sy gegroet met woorde wat soos heuning oor haar vol lippe gedrup het.

“Kyk ’n bietjie hier,” het sy coy gesê en met ’n wulpse beweging ’n boek uit haar tas gepluk.

“Uitstekend,” het hy gesê en onbewus sy lippe gelek. “So, dit lyk darem of ons gesprekke die moeite werd was.”

Met ’n kopknik en ’n breë glimlag het sy haar onderlyf suggestief heen en weer op die fietssaal geskuif. Lucas Tromp het ongemaklik rondgetrap en sy een mondhoek wou-wou spring. Haar smeulende amandelbruin oë het hom as ’t ware gehipnotiseer en die atmosfeer was plofbaar.

Ek het myself vinnig verskoon met “sien jou later”, en is terug hotel toe. So skuins voor halfdrie is ek weer terug skool toe.

Die ou, donker klipgebou was verlate. Ek het voor Tromp se deur gaan staan en was op die punt om te klop toe dit skielik oopgaan...

Dit was die meisie van vroeër. Natgesweet en met ’n erg verkreukelde skooljurk.

Sy het verbouereerd gegiggel, haar hare probeer netjies kry en vinnig verby my geloop.

Ek het my kop by die half oop deur ingesteek. “Sorry, ek was nie seker of ons afspraak vir halfdrie of halfvier was nie.”

Tromp het hygend na my gestaar. Sy gesig bloedrooi. Die sweet het in dun straaltjies teen sy slape afgeloop. “Ek wou nog sê... Ons kerk is dalk ook ’n gebou waarna jy kan gaan kyk. Dis vroeg in die eeu gebou en...” Hy het voortgebabbel en sy das probeer regtrek. “Sit, sit, maak jouself tuis,” het hy gesê terwyl sy oë hier by my voete rondgespring het. Hy het ’n lat, wat op die grond gelê het, vinnig opgetel en deeglik weggesluit.

Toe hy terugdraai, het ek nonchalant beduie sy gulp is oop. Hy het verbaas afgekyk, sy rug op my gedraai, homself toegezip en onderlangs gemompel: “Dankie, maat...”

Toe gaan hy voort: “Nou ja, soos jy kan sien, hierdie gebou dateer uit 1910.” Asof besig met ’n klas, het hy agter sy lessenaar gaan sit. Hy het vir ’n rukkie gepraat oor die boumetode wat gevolg is, en skielik stil gebly. Hy het sy stoel vorentoe geskuif en oor die lessenaar gebuig. “Ek sal dit hoog op prys stel as jy kan vergeet wat jy vanmiddag gesien het,” het hy amper gefluister.

“Wat het ek gesien?” het ek onskuldig gevra.

Hy het verlig agteroor gesit.

“Jy sien, dis moeilik... In die vyf en twintig jaar wat ek hier aan die stuur is het ek nog nooit só ’n geval gehad nie.”

Toe, skielik uit die bloute: “Wil jy nie ’n drankie hê nie?” Sonder om op ’n antwoord te wag, het hy sy laai oopgemaak, ’n halfjack brandewyn en twee polistireenglase uitgehaal, twee stywes ingegooi en syne met ’n reuse gulp weggeslaan. Die man was reg vir ’n confession...

“In elk geval... Sy’s laaskal nie meer geïnteresseerd in skoolwerk nie en elke week of wat kom maak sy ’n draai hier by my. Dan berispe ek haar en hoop sy ruk haar self reg. Maar nou ja, dit gebeur nie. Toe die een dag, wel... Terwyl ek besig was om haar aan te sê om haar sokkies op te trek, toe... Raai wat sê sy vir my?”

Ek had natuurlik nie die vaagste benul nie. “Luister nou net hierna, ou maat,” en hy het nog nader geleun. “Meneer, het sy gesê, hierdie gerasery werk nie met my nie. Gee my ’n pakslae. Hier op my gat

bedsy 70

“Die Slawekloknimfie” (September 1995, *Loslyf*)

om haar te ondersteun. Dis mos reg so?" Uit meegevoel vir die dogter gaan haal die skoolhoof 'n lat uit die kas uit en toe hy terugdraai na haar, het sy haar rok nog hoër opgetrek. As hy haar begin "donner" dan smeek sy vir nog en kreun van plesier ... of so sê die skoolhoof. Ek laat die res oor aan jou verbeelding, maar die skoolhoof verduidelik in detail wat volg en daarná is sy aanbeveling aan Fry dat hulle die dorp se mooi kerk gaan besigtig.

Die satiriese rubriek terg dus die lesers oor hul eie pretensies en wat hulle verwag van 'n artikel oor historiese argitektuur. En hierdeur wys Fry hoe belaglik die soort Afrikaner-elitisme is wat dikwels 'n romantisering van die verlede koppel aan 'n heimwee na 'n plattelandse lewe. *Loslyf* weerstaan die drang om 'n hoogmoedige belangstelling in enigiets esteties voor te gee. Dit is 'n ruimte van onbeskaamde kitsch of lae-kultuur. Dit is nie die plek om voor te gee dat jy 'n belangstelling in kuns of romanse het nie. Dat dit 'n skoolhoof is wat die gatkant (!) van die grap is, en dat sy expertise 'n argitektoniese kennis is wat ten doel het om 'n belangstelling in die verwaarloosde kerk te laat herleef, wys weer op die tydskrif se bespotting van simbole van gesag, hetsy mense of plekke. Die invoeging van natuurlik denkbeeldige of verspotte seks in 'n narratief oor kulturele waardering normaliseer seks as 'n aktiwiteit en as 'n literêre strategie.



DIE ENGEL IN DIE LINNEKAMER

FRANSIE FRY (skuilnaam van 'n bekende joernalis) is deur 'n kultuurinstansie genader om 'n ondersoek te doen na die oorblywende historiese kerke en geboue op die platteland van die ou Suid-Afrika. Dié maand vertel Fransie van die buitengewone verhouding tussen 'n verpleegster en 'n afgetrede dominee

Die kerk se toring wat soos 'n naald in die wolklose blou hemel tussen die koppies uitsteek, was die eerste teken dat ek naby my volgende bestemming was. Dit was dan ook juis die kerk waarvoor die betrokke dorpie alom bekend was.
Dominee D.V. was die man wat my van al die nodige inligting betreffende die kerk sou voorsien. En dis waar ek hom gevind het - in die kerk voor die flambojante stinkhout-preekstoel wat amper tot teen die dak gereik het. Hy het in 'n rolstoel agter 'n tafel gesit. 'n Klein, ou mannetjie met 'n reusagtige stem. Hy was besig om 'n jong paartjie te trou en die kerk was gepak...
Soos alle bruide het dié bruid gestraal. Die bruidegom se trots was sigbaar.
'n Opgewonde koster het my die kerk ingelei en my plek aangewys. Die diens het vir 'n sekonde tot stilstand gekom en ek is vriendelik welkom geheet deur die klein mannetjie in die rolstoel. Almal se koppe het natuurlik in my rigting gedraai.
Tydens die ondertekening van die register het die bruid laag oor die tafel geleun en haar hals het verleidelik haar sagte, sensuele borste - perfek in toom gehou deur haar 'n satynbra - ontbloot. En D.V. se oë was vasgevang deur die skoonheid van die jong bruid se half ontblote tiete.
Na die diens is ons na die onthaal. Ek was natuurlik noodgedwonge verplig om deel te hê aan die feestelikheid aangesien ek in dieselfde hotel tuis gegaan het. Dominee D.V. het my vergesel. "Môre praat ons oor die kerk en sy geskiedenis, maar nou is dit tyd om bruilof te vier," het die klein mannetjie my meegedeel terwyl ons by die hotel se voordeur ingestap het.
Ek het nie juis geluister na die toesprake nie, maar toe iemand vertel wat se wonderlike verpleegster die bruid was en hoe behulpsaam sy die afgelope jare by die ouetehuis was, het my oog dominee D.V. se reaksie gevang. En Maria, die bruid, s'n. Hy het geglimlag en sy het subtiel geknipoog.
Ek het eers later die aand, nadat die wyn

bladsy 86

"Die Engel in die Linnekamer" (Januarie 1996, *Loslyf*)

Ek sal nog 'n storie deel om 'n gevoel vir hierdie soort inhoud te gee. Die tweede heet "Die Engel in die Linnekamer" en is in die Januarie 1996-uitgawe gepubliseer. Fry gaan om 'n onderhoud te voer met Dominee D.V., vanweë sy kennis van die kerktoring in 'n naamlose dorp. Die kerktoring is duidelik 'n simbool van die viriele manlikheid agter Afrikanernasionalisme. Fry kry die dominee in die kerk waar hy 'n troue bedien:

*"voor 'n flambojante stinkhout-preekstoel. Hy is in 'n rolstoel. 'n Klein mannetjie met 'n reusagtige stem. [...] By die ondertekening van die register het die bruid laag oor die tafel geleun en haar hals het verleidelik haar sagte, sensuele borste—perfek in toom gehou deur haar satynbra—ontbloot. En D.V. se oë was vasgevang deur die skoonheid van die jong bruid se half ontblote tiete."*

Ná die diens word Fry genooi om by die feesvieringe aan te sluit, wat hy doen. "Môre praat ons oor die kerk en sy

geskiedenis," sê die dominee, "maar nou is dit tyd om bruilof te vier." Fry eet, drink en merk op dat Maria, die bruid, vir Dominee knipoog tydens die troutoesprake wanneer die bruidegom die goeie werk wat sy doen by die ouetehuis waar die dominee woon, prys. Dominee D.V. vertel dan vir Fry ná 'n taamlike gekuier hoe Maria elke oggend vir hom sponsbaddens sou gee. Een oggend het sy skaars begin, "toe spring sy meneer orent." "Maria het haar hand saggies om sy voël gehou, 'n paar keer op en af getrek en toe uitlokkend gefluister dat hy haar op 'n sekere tyd in die linnekamer moet ontmoet. Toe buk sy af en gee sy klipharde paal 'n soentjie..." Later, in die linnekas, nadat sy die komberse weggepak het, het hy,

*"na haar borste gegryp en sy het haar rompie hoog op haar heupe opgetrek en wydsbeen op sy skoot gaan sit. Hy het sy gesig styf tussen haar tiete gedruk en gelek en gebyt soos nog nooit tevore nie. Maria het sag gekreun van genot en D.V. het by die punt van versmoring omgedraai en luid asem geskep. Sy het opgestaan en van haar laaste klere ontslae geraak. D.V. het hygend toegekyk. Toe leun sy stadig vooroor, trek sy gulp oop en neem ...[hom] in haar mond. [...] Net toe D.V. by die punt van die grootste orgasme van sy lewe kom, het sy [...] weer wydsbeen oor hom gaan sit en [hom] ingesuig in haar tonnel van ewige genot [...] die klein mannetjie in die rolstoel het die hoogste punt van menslike ekstase in sy lewe ervaar."*

Later, by die troue, nadat die bruidegom uitgepass het, kyk Fransie Fry uit by sy hotelkamer en sien hoe Maria-die-verpleegster dominee D.V. in haar trourok bespring. Toe sy van hom in sy rolstoel afklim, sien hy die motivering vir haar oortreding ... die dominee het, blyk dit, 'n helse groot kerktoring.

Deur hierdie soort lawwigheid wys *Loslyf* vir hulle lesers 'n ligter kant van seksuele verbeelding en ghaai met enige iemand wat hulle self of hulle Afrikaner-identiteit te ernstig opneem. Die tydskrif het dit moontlik gemaak vir mans om te lag oor hulle estetiese of kulturele tekortkominge en het vir hulle toestemming gegee om net te wees.

**MAAR HOE ONDERMYNEND WAS *LOSLYF* WERKLIK?**

In *Loslyf* was satiriese seks in hierdie eerste jaar simbolies van rebelse Afrikaanse (en Afrikaner) mans wat klaarblyklik die behoefte gevoel het om hulleself te distansieer van die moralistiese patriargie van ouds. "Ons is nie ons vaders nie," wil die mans blykbaar sê. Maar hierdie bewering is ook deurspek met die gevoel van 'n mislukte geleentheid. *Loslyf* het in sy eerste jaar (1995) gewerk om Afrikanermanlikheid te kompliseer, veral in terme van die godslasterlike belyning van seks en godsdiens, maar dit laat eintlik die vraag ontstaan waar hierdie publikasie (en hierdie mans) was tydens apartheid. Was *Loslyf* dalk nie effens te laat om regtig subversief te wees nie? Dit kon nie 'die Ryk laat kelder' nie, en die uitdruk van oënskynlik ondermynende of alternatiewe strome van manlikheid kon selfs gedien het om 'n hegemoniese of patriargale manlikheid te belyn met 'n soort seks-positiwiteit wat die machismo gelegitimeer het. Alternatiewe tipes manlikheid dien tog dikwels om die hegemoniese (of dominante of patriargale) norm te legitimeer deur voor te gee dat die dominante manlikheid ook ruimte skep vir ander identiteite en dus nie so eenvoudig of magsbehep is soos wat dit aanvanklik voorkom nie.


Maar, wanneer mens nou terugkyk na hierdie verspotte tydskrif onder redaksie van Ryk Hattingh, voel die speelse oneerbiedigheid en pure stoutigheid totaal en al heerlik en dit laat my wonder hoekom daar vandag niks so simpel, sexy en Afrikaans-erig is nie. Dit maak my sommer moerse lus vir 'n dwarstrekker van my eie.

•

# DIE ART VAN KNOCKS VAT: VYF VINJETTE

deur

RYAN PEDRO



*"To be the man, you gotta beat the man!"*
*- Rick Flair*

***Ray:*** *Are you okay?*
***Stevie:*** *[nods]*
***Ray:*** *You literally take the hardest hits out of anybody I'd ever seen in my life. You know you don't have to do that, right*
*- Mid90s* (2018)

# I.

APRIL 2006

*Wrestlemania 22* is op, en jy kan 'n pin hoor drop in die ghetto. Vir blokke aaneen, in elke straat, gaan soek almal die huise uit met die grootste TV en die skottel. Usually 'n onderwyser, 'n ANC-lid, of 'n mert se join, maar hiér in die Vierdestraat, queue almal voor Aunty Pearl-hulle huis. Aunty Pearl en haar man, Uncle Ouboet, run 'n huiswinkeltjie. Hulle's 'n childless couple, so hulle's loaded. Hulle's ook kak greedy so, nes laasjaar, charge hulle 'n entrance fee van R15. Is first come, first serve, en ek en my broe Bugsy is front of the line. Ná 'n halfuur sluit die tuinhekkie agter almal wat die cut gemaak het, en ná nog 'n halfuur het almal hul plekke in die voorhuis ingeneem. Die timers en die tôpies word geseat op die settee-stel en die odd collection stoele uit die dining room, die tuin en die garage. Die teenagers en die smokers word allow om by die voordeur en die vensters in te hang vir so lank as wat hulle bene dit kan hou. En ek en Bugsy lê saam met die res van die laities op die mat reg voor die TV. Minutes en hours pass. Matches kom en gaan. Maar die energy in elke clap, elke slap of the knee, elke "hei, kyk dié fókken várk!" remain van begin tot einde. En wanneer Triple H 'n sledge hammer onder die ring uitgrawe om vir John Cena in sy poes in mee te maak, kyk ek vinnig terug oor my skouer. Ek sien hoe knuckles spierwit trek, hoe kake sluit, lippe om entjies tuit. Dan kyk ek langs my na Bugsy wat homself readjust op sy nóú rou elmboë en voorarms, sy oë koeëlrond soos 'n stuffed animal in 'n claw machine. Hy't dieselfde look op sy gesig wat hy kry as ons DBZ, skate parts en rap-videos kyk. The look of inspiration, of hope. Die timers, die uncles, teenagers het dit ook. Inspiration om die next Coltrane of Maradona te wees. Die hoop dat hulle limitless, liminal bodies propel sal word into the unknown, towards some place else, some place more certain, some place more beautiful. Al is dit net towards Woensdagaand, wanneer Smackdown opkom. Of next Sondagmiddag, wanneer *RAW* weer wys.

# II.

## THRASHERZZ

wanneer Bugsy
by ons uitstiek
cruise
ons almal al
op 'n boatjie
vra ons nie
much vrae
wanneer hy sê
ons moet ons
boards
gryp en
spat nie

skate ons
straataf in
'n echelon formation
Bugsy, die oudste
at 12
ook die soberste
is ons de facto leader
sy Bad Brains
t-shirt
wrapped in 'n
turban
om sy kop
die res van ons s'n
ook uitgetrek
in ons hande
of by ons 874's
se gatsakke
ingestop

coast ons
calmly tussendeur
snotneus babies
piss-stained oumense
brandsiek honde
trembling karre
vol highschoolers
álmal
klaar lost in
die remains van
die dag

dan
breek Bugsy
skielik
weg
skiet regs
ons links
om op die curb
aan die ander kant
van die pad
te gaan blom
waar Linc weer
die blunt light
dit rondpass tussen
die manskappe
ek refuse
dié keer
vis my beat-up
copy van *Huck Finn*
uit my Karrimor uit

loer ek
so nou en dan
oor die torn jacket
van die boek
vir Bugsy
tot Wendy
aangestap kom
haar body 'n
budding blommetjie
dainty, dewy
haar curves
subtly shifting
swaying soos
'n wheat field
in die wind
tot haar oë vir
Bugsy vind
besig om
vir oulaas
sy skateboard oor
sy skouer te lig
om die nóú pap
laitie onder hom
se kop mee
in te kap

sy vra
*wat gan*
*haa an?*
ek sê
*december*
*se kak*
en sy knik net
vra
*is jy reg virrie*
*niewe skooljaar?*
ek sê

*'n man*
*moet maa net*
*wies*

dan smile sy
soen my
op die wang
sê *sien jou*
*môre*
en cross vir
Bugsy
wat lyk soos DMX op
die *Flesh of my Flesh*
*Blood of my Blood*
album cover
wanneer hy
na ons toe
aangestap kom
knik


drop ons
ons boards
weer op die teer
om verder
te skate
ons seunslywe
blink en skerp
soos koeëls
wat skeur
deur die satin soft
evening air

om ons,
voordeure
hekke
wat sluit

agter ons,
die wit
van straatligte
wat soos verlepte
roosblare
een vir een
in die pad
val



# III.





DESEMBER 2005

ek is obsessed met Luchadors. my favou-rite Luchador is EL SANTO. hy het nooit sy masker afgehaal nie. eerste keer wat hy sy masker afgehaal het, was 'n week voor sy dood in 1984. ek hou van die Luchadors se maskers. ek hou van die bright colours, blomme en die kruise. ek hou van my eie Luchadors teken. my favourite is 'n bra met die naam PRETTY BOY PANG. sy jok is kakgevalik en hy is poessterk. sy finisher is 'n hug waar hy jou so hard druk dat jy uitpass. ek wens ek was meer soos PRETTY BOY PANG. ek wens ek het 'n masker gehad. ek wens ek het geweet hoe om te baklei

# IV.

Meditations op Tyshawn Jones se "The General" Part
*vir Regardt*

Gee vir my power. Gee vir my control. Gee vir my fearlessness. Gee vir my risks met guaranteed pay-offs. Gee vir my less stress. Gee vir my less conflict. Gee vir my space. Gee vir my room to breathe. En as ek niks hiervan kan kry nie, gee at least dan net vir my style, goddamnit.



*Waasie kinnes han?* iPad painting (2022 - Ryan Pedro)




*The year my father stopped smoking (was also the year he started drinking)*. iPad painting, (2023, Ryan Pedro)



*Maak oep jou mond. Sê iets.* iPad painting, (2023, Ryan Pedro)

# V.

## 320kbps_timeflies_mia_khalifa_.mp3

body
dysmorphic
grotesque
in my ways
ek binge
ek purge
maar mia khalifa
is lief vir my
meer drugs
in my veins
as bloed
benzos en
anavar
ignore
enige cunt
wat my groet
maar mia khalifa
is lief vir my
ek’s ’n loner
ek’s ’n stoner
ek sukkel om te slaap
as die wind om
die edges van
my rigid liggaam
huil
huil
ek saam
maar mia khalifa
is lief vir my
emaciated
constipated
run ’n blokkie kaas
oor my ribbes
consider it
grated
now i’m just
showing off
I know
maar mia khalifa
is lief vir my
sunken eyes
bleeding gums
mia khalifa
is lief vir my
grotdiep oksels
vol swamme
vol slik
vol mos
mia khalifa
is lief vir my
hande wat soos
vultures circle
bo my dick
wat vir dae al soos
’n poached rhino
lê en vrot in
my overgrown
crotch

*i can’t take it*
*it’s tearing me*
*in two*
*skree sy*
wanneer sy
my só hier sien lê
en die
oggendson
soos ’n veldbrand
deur my musty
room rip

*ek weet*
sê ek
maar
*jy’t geweet*
*dié shit is forever*
*pretty baby*
*jy’t geweet*
*die shit is til death*
*do us part*
*no if, but*
*or maybe*

# ABC VAN VROUWEES

deur
LUCINDA ROSA NEETHLING





A

**AMEN!**
Branders volg, soos ek, die maan
My oë na bo gehou
Getye én ek kan getuig
Amen! Ek is 'n vrou



B

**BABAS—8/8/16**
Vind 'n plek in die kosmos
Vind 'n plek tussen sterre
Kleur die hemele in
Kleur in buite die lyne



C

**CAT CALL**
Een aand by 'n kerkbasaar
Al die manne van die dorp was daar
"Wilhelmien Katerien, jy het lekker tiete!"
En die dwase hou aan staar



D

**DUBBELKENNIS**
Met die jare groei my kenne
en kennis gelyk
Ek hoop dus dat ek, met ouderdom,
met meer kenne pryk



E

**EKSTASE**
My buurvrou skree die middag in
Die hele buurt moet hoor
Ons almal raak dan so jaloers
Die aand is ons 'n koor



F

**FORMIDABELE VROU**
Ek hou so van kombuis en kook
'n Beesrib maak ek goed
Van rib is ek geskape
En rib sal ek hom voed



G

**GROEN VINGERS**
Met my hande in die grond kan ek groei:
en bloei en broeis en broos en bliksem en bedaar.



H

**HORMONE**
Hoekom is jy so emosioneel?
Relax net!
Jy eet baie vir 'n meisie.
Dis seker dáái tyd van die maand?
Probeer net weer swanger word.
Hou op dramaties wees.




I

**IDIOO(M)T**
"Vroueraad is soos brandewyn, baie goed as jy net bietjie inneem."



J

**JY! ROOFKYKER!**
Ek sien jou snippets steel van my
Bene en my borste
Jy vat met jou oë vandag
Maybe môre vat jy met jou mag



K

**"KEN JOU PLEK, POP!"**
"My plek is langs jou, Maatjie."
—Oupa en Oupa




L

**LIMERIEK**
Rosa vra deesdae meer vrae
En let op hoe sy haar gedra
"Is ek woke genoeg?"
Is wat Rosa mee wroeg
En verlang na eenvoudiger dae

M



**MENSTRUASIE**

Ek is senuagtig
Of dit kom en of dit gaan
Ek is senuagtig
In Fillopius se naam

N



**NAGTELIKES 8/8/16**

Is dit in uile se lywe waar julle skuil?
Want net in die aande,
As ek smeek na genade,
Hoor ek julle huil

O



**OMNIBUS**

Marlena, Hope, Hilda,
Charmaine, Taylor, Brooke,
Cherel, Lolly, Madel, Aggie,
Paula, Dezi, Karabo, Queen.

P



**PAPSMEER**

Dié prosedure maak my benoud
Dus maak ek seker die dokter is oud
Ek trim myself soet, in stede van stout,
Niks se gefyntuin, ek like 'n woud!

Q



**QUICHE LORRAINE**

Hoenderpastei
Chilled Chardonnay
Beef Consommé
Ladies Fillet
Bitches be cray!

R



**RABBEDOE**

Tommy-Johnson-Hilton-Boy het ek myself gedoop. Ek het my hare in 'n step gesny en Powerhouse onderbroeke gekoop. Ek het kettie geskiet en touchies gespeel en op dertien begin menstrueer.
(Daar is meer plek in 'n onderbroek vir 'n Always Maxi Pad).
Dit was 1999. "No! I don't want no Scrub."
'n Goeie jaar om te erken dat vrouwees 'n vibe is.

S



**STERK STAAN SATURNUS**

Met 'n gat in my lyf
Wil ek ander beseer
Maar dis tyd vir 'n les
Laat Saturnus jou leer
#verantwoordelikheid #volwassenheid #volhardend

T




**TAALTUIN**

My taaltuin pronk met blomme
Sag en reg vir pluk
Maar dan is daar ook onkruid
Wat kak baie uitglip

U



**UTERUS**

My baarmoeder neig meer na Mars
'n Dor en droë planeet
Met ou wit mans wat vlae plant
Hul kennis mos konkreet

V



**VETRUVIAN WOMAN**

Hoe voel jy ná jou spraytan?
Nader aan perfeksie?
Babe, jy bly 'n dier

W



**WONDER WOMAN**

Wilna wonder weer waar Wouter wegkruip
Wouter sit waaragtig by Watergat en suip
Wilna ween en wens sy was Wonder Woman
Want dan wurg sy vir Wouter en stuur hom in sy moer in.

X



**X**

Elke slag na ons gefuif
Gaan staan en sny ek weer 'n kuif.

Y



**YOUTUBE**

Die kraai en ek
Kyk tutorials
Van meisies met
gladde gesiggies en gladde bekkies
Ek lag en die kraai kekkel hard
Ek tjank en die kraai klou astrant
Ek druk LIKE al weet ek
dis g'n room wat kraaie moor nie.

Z



**ZZZ**

slaap ondergronds as jy moet
die verlede is kompos wat jou versmoor
of voed
skuil ondergronds as jy moet
meeste mense dink dis vuil
maar vrouwees is 'n vloek
of 'n fairy tale

# FOTO-ESSAY

deur


INGRID WINTERBACH






*DORA (1)* (2022, Ingrid Winterbach)

Ek lê op my rug, my arms soos stokke voor my uitgesteek. Bo my hang 'n ondeurdringbare donkergroen wolk. Dit dreig om op my af te sak en my te versmoor. Met my twee stokkerige armpies probeer ek die wolk teëhou. Binnein die wolk is my naam: die naam van die vader. Links en regs van my vorm twee vertikale kleurvlakke saam met die skedel in die middel die drie bene van 'n driehoek. Hierdie vertikale vorms/vlakke, met die name van die vader en die minnaar daarin, verteenwoordig die LOGOS, die woord, die simboliese orde. Die afwesige moeder word voorgestel deur die ligpienk (deursigtige) skedel. Sy het poetsdwang en spreek 'n swart, semiotiese woord, volledig vanuit die sfeer van die onbewuste, die vroulike sfeer, en dus ondergeskik aan die Logos, die simboliese orde—soos verteenwoordig deur die Fallus (met 'n hoofletter; dus nie sommer enige ou garden variety piel nie). Wie in besit van die Fallus is, het die hef in die hand. Met my twee stokkerige beentjies skop ek, met my armpies reik ek uit na die falanks van GEVAARLIKE vroue, wat my en my susters moet verlos.



*L'Origine du monde* (1886, Courbet)

Dis nie seker wie die model vir hierdie skildery was nie (who cares?), maar Courbet het dit geskilder in opdrag van die Ottomaanse diplomaat, Serif Pasha (Khalil Bey) vir sy persoonlike versameling erotiese kuns. 'n Handelstransaksie tussen twee mans, 'n saketransaksie, is beklink. (Dis nie bekend of die Pasha tevrede was nie.) Nou hang die skildery in die Musee d'Orsay in Parys. Dit is interessant om kykers se reaksie daarop dop te hou. Sover ek kan sien, tydens my besoek aan die galery, wissel dit van verleë, geskok, onthuts, gemaak-ongeërg. Dit is onthutsend om so om 'n hoek te kom en ineens van aangesig tot aangesig te staan met die oorsprong van die wêreld.

'n Performance kunstenaar, Deborah de Robertis, het haarself onlangs met kaal onderlyf voor die skildery sitgemaak. Sy beweer dat die vagina in die skildery geslote bly, Courbet wys nie die opening, dit wil sê die oog, nie. Sý wys nie haar vagina nie, sê sy, maar sy wys wat nie in die skildery sigbaar is nie, naamlik die oog van die skede—die swart opening, die verhúlde oog, die afgrond, wat, verby die vlees, na oneindigheid verwys, na die oorsprong van die oorsprong. Aldus ms Robertis.

In die begin was die woord, en die woord het vlees geword, en die vlees POES. Die eerste vlees, die oorsprong.



Vrou met wydgespreide bene: Pornster Ange Venus by 'n porn-expo in Las Vegas (bron: http://www.chinadaily.com.cn/world/2007-01/13/content_782775_3.htm)

Die mans—met flitskameras, wyehoek- en telefotolense, met rou, onverbloemde, gulsige belangstelling—crowd, hulle jostle, hulle verdring mekaar om nader te kom, beter te kan sien, méér te kan sien. Hoop hierdie mans om vir eens en vir altyd die geheimenis te deurgrond?

'Jou ma se poes' is 'n inkantasie wat ek daagliks hoor. 'n Kreet van beswering en vervloeking. Dit is die plek waaruit ons gekruip het. Dit is die plek waaruit ons gekruip het toe ons geslát is met die besmetting van sterflikheid. Waarop loop die lewe uit? Uiteindelik word ons teruggelok na die hol spelonk. Teruggesuig in die swart opening.



*Immaculate* (2003, Marlene Dumas)

Van hierdie skildery sê die skilder, dit is so hartseer, asof niemand ooit hier ingegaan het nie. Asof niemand ooit hiervandaan teruggekom het nie. Asof dit nooit gebruik is nie. Asof alle kleur uit die binnenste gedreineer het. Dit is nie die oorsprong van die wêreld nie. Dit is die einde van die wêreld.



*DORA (2)* (2021, Ingrid Winterbach)

My vader het sifilis. My moeder het derhalwe poetsdwang. Wie kan haar verkwalik, as alles vir haar voel of dit besmet is. My vader wil mevrou K bykom. In ruil daarvoor dat meneer K dit oogluikend toelaat, word ek as speelding en tydverdryf vir meneer K aangebied. Ruilhandel. Nou is ek 'n stuk handelsware. Nou raak ek die kluts kwyt en moet die Groot Dokter F ingryp. Nou los my kop op in 'n warrelende, vuilbruinerige wolk. My kop los daarin op; my lyf los daarin op. My skedel is dun soos 'n eierdop. Ek staan asof ek op 'n hoop stront staan. Ek voel hoe ek alles wat verwerplik en tweedehands en minderwaardig is, beliggaam. Die Groot Dokter neem my onder hande. Ek moet sê wat ek dink. Ek sê ek dink niks. Ek moet sê wat my te binne skiet, alles, sonder uitsondering, sê hy. Ek moet myself nie sensureer nie, ek moet vry assosieer. Ek sê niks skiet my te binne nie, my kop is leeg. My kop is vol drywende wolkies. Ek sê ek is deursigtig, en sonder substansie. Ek sê ek het geen beweeglikheid nie—handeling is nie vir my moontlik nie. Ek sê ek praat namens myself, my moeder, en al die hordes leeg/lig/laf/loshoofdige (gefokte) vroue.




Foto van mansgesigte

Ek sê vir die Groot Dokter, raak 'n mens nie op die duur móég vir die gesigte van glansryke, voortreflike mans nie, eeu in en eeu uit?

Die dokter sê, maar wat is julle begéérte? Ek sê, hoe moet ek weet? Die dokter knik en maak 'n aantekening in sy boek. Ek sê, ek wil beweeg van passief na aktief. Ek wil nie hê jy moet my storie vertel nie—ek wil dit self vertel. Die Groot Dokter, die roekelose manlike intellek, vra, maar wat wil julle vroue om gotsnaam hê? Ek sê, give me a break, dokter! Gebruik jou verbeelding. Hy knipoog en sê, what's good for the goose is not good for the gander. Ek sê, en wat is dit veronderstel om te beteken? Jy weet maar alte goed, sê hy, en knipoog skunnig.

Kom nou dokter, sê ek, genoeg hiervan, genoeg van praatjies maak, alle grappies op 'n stokkie, gee daai FALLUS soos 'n aflosstokkie aan. Ek kan nie wág nie. •

# AS EK OPKYK, KYK EK IN RÛE VAS

deur

VALDA JANSEN

Met kuns deur Stephané E. Conradie

Ek het 'n liefde-haat-verhouding met die konsep van feminisme, soos ek 'n liefde-haat-verhouding met vroue, veral wit vroue, het. So ambivalent soos die een, so onverstaanbaar die ander. Albei konsepte ontgaan my en is soms bo my vuurmaakplek. Ek weet nie wie hulle is nie, en ek weet hulle weet nie wie ek is nie en gee ook nie om nie.

Te veel kere in my lewe is ek deur ander vroue in die steek gelaat. Hulle draai maklik hul rug op jou. Al is hulle veronderstel om na aan jou te wees. Mens wonder of dit die invloed van die patriargie is of net plein wreedheid. Ervaring het my geleer: vroue hou nie noodwendig van ander vroue nie.

Die rol van versorger is van kleins af op my afgedwing. My ma het haar twee dogters teen mekaar afgespeel. Maar die oudste een moes altyd tevrede gestel word, altyd kry wat sy wou hê.

My ma is een van daardie vroue wat graag in die diens van die patriargie staan. Ek was die jongste dogter en ek moes die rol van die goeie meisie vervul, altyd doen wat ander sê, sonder om te murmureer. En as ek dan wel die dag beswaar sou aanteken, is dit veral die vroulike gesinslede wat op my sou toesak. Ek het geen verweer, geen beskerming, gehad nie.



Foto deur Antonia Steyn

As ek moet kies, is ek eerder 'n humanis as 'n feminis. Feminisme beteken verskillende dinge vir verskillende mense en lei gevolglik tot onbegrip. Meestal voel dit vir my asof die feminisme dood is; dit is oortollig en irrelevant.

Ek wonder soms: as vroue se regte weggeneem word, is dit 'n aanklag teen feminisme of teen die mensdom?

Dit is steeds moeilik om te verstaan hoe wit vroue in die tyd van apartheid hulself as feministe kon beskryf. Hoe veg jy vir jou eie regte in 'n land waar ander geen menseregte het nie?

Want wat was die stryd teen apartheid anders as die strewe om as mense erken te word? Wat is die stryd teen patriargie of geslagsgeweld anders? Ná apartheid, in gesprekke met vroue by al die plekke waar ek gewerk het—as onderwyser by 'n voormalige Model C-skool of as joernalis by koerante en later ook by die radio—moes ek gedurig klagtes aanhoor oor hoe swaar die wit vroue onder apartheid gekry het, hoe hulle onder die patriargie gely het, hoe hul manlike eweknieë so maklik bo hulle bevorder is. Min van hulle het belanggestel in wat met my gebeur het.

Diskriminasie is ingebed in my leef-ervaring, in my



*Ouma sê jy moet daai swaan brasso* (2020, Stephané E. Conradie)

herinneringe van grootword. Die soort diskriminasie wat ek aan my lyf gevoel het, nie as vrou of meisie nie, maar as mens. Ek dink, grootliks omdat hierdie diskriminasie deur ander vroue gedoen of perpetueer is. My ma, byvoorbeeld, was 'n enabler van sowel my pa se beledigende gedrag, as van my suster se venyn.

Ook op universiteit in die 80s was mans oorheersend; manlike studente en manlike dosente. Daar was (tereg) so 'n oorheersende gevoel van die stryd teen rassisme en 'n geveg om gelykberegtiging in die breë samelewing, dat die stryd om ernstig opgeneem te word as vrou, agterweë gebly het.

Ek verstaan wel die belangrike rol wat feminisme speel. Maar daar is 'n verskil tussen 'n wit vrou wat by 'n werk in 'n Afrikaanse omgewing instap, en iemand soos ek wat uiteindelik teen die wit vrou kompeteer, asook teen die patriargie, wat wit én bruin mans insluit.

Ek het 'n groot droom van altyd af. 'n Recurring dream, kan jy maar sê. Om om 'n tafel te sit saam met ander. Om vroue as vriendinne te hê. Om sommer net te bel en lekker te gesels.

Dit was my nie altyd beskore nie.

Mense neig weg van my af. Hulle maak heeltyd leë beloftes.

Selfs vandag nog is daar 'n paar wit vroue wat—onafhanklik van mekaar—telkens wanneer ons mekaar iewers raakloop, met groot gewag my kontakdetails bevestig, want 'ek gaan jou bel, dan gaan drink ons saam koffie, dan kom eet jy by my, wat dink jy, kan ons dit doen?' En elke keer sê ek maar ja, maar terwyl ek in hierdie vroue se oë kyk en beaam, ja, ons kan dit doen, weet ek voor my siel dit sal nooit gebeur nie. Want hulle bel nooit, hulle maak nie kontak soos beloof nie. Dit het al die jare nog nooit gebeur nie en ek weet dit sal ook nooit gebeur nie. Ek weet nie wat die kick is wat hulle hieruit kry nie. Miskien hul eie skuldige gewete oor watookal wat gesus moet word? Soms wonder ek of hulle my nie dalk met iemand anders verwar nie.

Ek draai my rug op die feminisme. Daar is te veel anekdotes in my lewe wat my lugtig maak om ander vroue te vertrou.

Die mense wat my in my persoonlike lewe die meeste in die steek gelaat het, wat geheime geweet het en logieserwys my sou moes waarsku, was ander vroue. Ek het al my liefde en respek vir hulle verloor toe ek, veels te laat, uitvind hoe hulle jarelange, doelgerigte stilswye my benadeel het.

Vroue kies dus ook om stil te bly. Hulle is enablers. Hulle stilswye laat onreg en ongeregtigheid toe om te gedy.

Ek is van die matriekklas van 1983. Soos 'n ou (gewese) vriendin van my op 'n keer (nie baie vriendelik nie) gesê het toe ek laat in my lewe getrou het: jý gaan 'n óú ma wees.

Inderdaad.

Maar ek was oud genoeg om te weet van die gevare wat daar vir kinders lê en wag. Ek het in my eie lewe verskillende vorme van diskriminasie en mishandeling aan

my eie lyf gevoel. Soms letterlik. Van kleins af.

Ek het dus altyd gehoop as ek eendag 'n kind sou hê, dat my kind 'n onafhanklike siel sou wees wat ek die wêreld sou kon instuur. Vol selfvertroue en sonder skroom. Wat na hulself sou kon omsien die dag as ek nie meer daar is nie. Wat diskriminasie 'n myl ver sou sien aankom en voorbereid sou wees. En altyd, of die meeste van die tyd, sal weet wie hy of sy is.

My kind het alles geword wat ek altyd gehoop het 'n kind van my sou wees.

My kind is deel van die matriekklas van 2023. Aan die begin van Maart stap my kind by die matriekafskeid uit my hand uit, oor die spreekwoordelike rooi tapyt wat die skool op dié dag vir sy matriekleerders uitrol.

Reeds 'n jaar gelede—of vroeër al—het my kind vir die vriendegroep begin inlig, en later vir die hele skool: Ek is nie meer Anna nie, noem my River.

Oor die voornaamwoorde is daar nog nie uitsluitsel nie.

Soos ek ouer word, voel dit al hoe meer asof daar wêrelde tussen my en ander vroue is, veral jong vroue, nie net wit vroue nie.

Afstande. Amper onoorbrugbaar.

Veral noudat die tekens van die ouderdom so wreed sigbaar word.

Ek kan nie meer my hare kleur nie, weens 'n erge allergie vir haarkleurmiddels wat 'n jaar gelede skielik kop uitgesteek het. My hare raak by die dag witter. Ek sien dit nie slegs in die spieël nie, maar ook in die skok op mense se gesigte. Ek is deesdae byna so onsigbaar soos toe my kop kaal was.

In hierdie tye vind ek weer aanklank by denkers soos Yuval Noah Harari. Sy onlangse artikel oor identiteit wat in *Time* verskyn het, resoneer by my. Dit sluit aan by my lewenslange siening van myself slegs as 'n mens in die breë wêreld, as iemand wat 'n plek op hierdie aarde inneem. Dít is wat my gered het wanneer ander my in 'n boksie wou plaas. Dis waar ek my toevlug vind.

Ek dink dus nie aan myself in die eerste plek as 'n vrou nie. Ek dink aan myself in die eerste plek as 'n mens.

Dis 'n gewoonte wat ek aangeleer het tydens my grootwordjare toe my lewe met apartheid deurspek was. Ek moes myself die hele tyd daaraan herinner dat ek 'n mens is wanneer ander om my my gedurig geïgnoreer het, verneder het, geminag het.

Deesdae bestaan my lewe veral uit klein kamees en anekdotes.

Mense se wederhelftes sterf en ek help uit.

Ek ry agter hulle aan en vind uit waarmee hul hulp nodig het. Ek doen en gee wat ek kan.

Iets soortgelyks gebeur met my. Maar daar word agter my rug gefluister. Skielik praat die vroue sagter sodra ek die vertrek verlaat. Hulle soek my nie by my huis op nie. Ek word gesystap en vermy soos in die tyd toe ek kanker gehad het.

Want hulle het mense aan die dood afgestaan. Ek het nie iemand aan die dood afgestaan nie, maar ek het iemand afgestaan.

Waar is die vroue? As ek opkyk, kyk ek in rûe vas.

Onlangs word ek weer in die hospitaal wakker. Ek maak my oë oop en kyk in die bedkassie vas. En vir 'n breukdeel van 'n sekonde sien ek 'n bos blomme in 'n vaas langs my bed. Tot ek besef dit was maar net wensdenkery. Ek sien wat daar nie is nie.

Daar is nie blomme nie, daar is nie boodskappe nie, daar is nie oproepe of navrae of besoeke nie.

Daar is niemand.

Ek is alleen. •



*kroon* (2017, Stephané E. Conradie)



*Jamaica-Gemmer* (2022, Stephané E. Conradie)



*taste* (2017, Stephané E. Conradie)



*oliver-john* (2019, Stephané E. Conradie)

# FAMILIEVAKANSIES IS NIE KINDERSPELETJIES NIE

deur

SUSANNA LOUW

Met kuns deur Emile Geldenhuys



Die rol van familie en erfenis binne die Afrikaanse (en Afrikaner-) kultuur is al deur talle navorsers—soos Hermann Giliomee, Cornel Verwey en Michael Quayle, sowel as Kobus du Pisani—bestudeer. Du Pisani verwys in hierdie opsig na die konsep van tradisievastheid as 'n prominente eienskap van hoe boere uitgebeeld word. Dié tradisievastheid is elke Desember sigbaar wanneer wit Afrikaanse families, of dit nou in 'n tent, B&B of familiestrandhuis is, die hele kaboedel see toe verhuis. Afrikanerfamilies is soms selfs so bevoorreg om twee strandhuise op verskillende plekke te erf. Christi van der Westhuizen skryf van die terugeis en behoud van 'n virtuele wit ruimte—in hierdie geval die letterlike behoud van fisiese ruimtes asook die beeld van erfenis, rykdom en tradisie waarmee strandhuise assosieer word. En dan moet die hoof van die familie—Oupa of Ouma—besluit wie mag wanneer, saam met wie en vir hoe lank bly.

Destyds is slegs gepraat van Afrikanervolk, Afrikanerwees, die beskermer en patriarg van elke Afrikanergesin en hoe die geskiedenis, waardes en kultuur voortgeplant, ek bedoel voortgesit, moet word. Sedert die einde van apartheid skryf navorsers soos Van der Westhuizen, Adriaan Steyn en Rickus Ströh oor die assosiasies wat kleef aan die konsep 'Afrikaner'. Ek tref onderskeid tussen Afrikaanssprekende en Afrikaner. 'n Afrikaanse persoon praat Afrikaans en sien hulleself as deel van 'n Afrikaanse kultuur, maar het geen eg aan die nasionalistiese waardes van Afrikaners nie. Afrikaners word met konserwatiewe en oudmodiese waardes geassosieer wat voor en gedurende apartheid aan nasionalistiese waardes verbind is. Hulle is soms nog vasgevang in 'n apartheidsdenkwyse en worstel met die liberale oortuigings wat vandag dominant is in Suid-Afrika. Die Afrikaanssprekende vorm deel van 'n Suid-

Afrikaanse gemeenskap waar meertaligheid en diversiteit gedy.

My storie begin in Desember by die see saam met familie, met die reuk van ryp perskes en waatlemoen in die eetkamer. Dis Ma, Pa—nou Ouma en Oupa vir die meeste—Kleinsus, Mamma, Swaer en ons; nou Oom en Tannie. Die kinders hardloop rond, die een gil, want hulle wil gaan swem maar Kleinboetie wil Swingball speel. Die kinders se lagsessies en Ouma en Oupa se radio is oral hoorbaar, dit is immers Desembervakansie.

My voorouers is definitief Afrikaners. Tot op hede is my pa die patriarg en broodwinner, alhoewel ek ook met sterk en bekwame vrouefigure soos my ma, suster en ouma grootgeword het. Ek identifiseer as 'n wit heteroseksuele Afrikaanse persoon wat tuis voel as 'n Afrikaanssprekende, want ek is meertalig en glo eerder in 'n Suid-Afrikaanse gemeenskap wat divers is wat betref seksualiteit, gender en ras, teenoor 'n konserwatiewe wit Afrikaanse gemeenskap. Die tradisionele Afrikanerwees vorm deel van my familie maar dieselfde familie is op soek na 'n gedeelde ruimte waar verandering moontlik is—stadige verandering, maar tóg.

Ons is deesdae te veel mense vir die ou strandhuisie, maar tog daag almal steeds op dieselfde tyd op. Laaank terug was almal in die straat broer, suster en niggie of nefie. Dit is steeds familie na links en na regs, maak nie saak of dit verlangse familie is nie, want ek stel my agter-agter-agter kleinniggie steeds as niggie aan vriende voor. In die fisiese ruimte van strandhuise word die belang van familie in die Afrikaanse kultuur sigbaar. Ons sien dit in die wyse waarop sportsterre se persoonlike lewens in tydskrifte aan ons vertel word, sepie-akteurs se liefdeslewe die voorblad van die koerant maak en dié verhale die verwagtinge en norme skep waaraan die gemeenskap moet voldoen.

Sommer net ná ontbyt vra Kleinsus vir een dierekoekie by Ouma, terwyl Mamma van die stoep af roep dat dit nog te vroeg is vir koekies. Die res van die gejol kom ook by en almal kry sommer drie koekies. Daar is die hele boksie oppela en ons grootmense wat nog wou vra, is te laat in die ry. Kleinsus kyk na Oom en sê, "Oom se maag is te groot". Ek's geskok, sy's al sewe, leer sy nie maniere by die huis of skool nie (nou klink ek wraggies soos die tannie met duisend silwer armbande in die familie)? Maar ek is kwaad, want niemand praat so van my geliefde nie. Ek verduidelik vir haar dat mense se woorde ander kan seermaak en dat sy vir Oom verskoning moet vra … en sy doen. Maar ek bly kwaad vir Kleinsus en kie.


Ek is ook kwaad vir die media en samelewing wat sekere verwagtinge aan mans en vroue stel oor hoe hulle moet lyk en die beeld waarteen almal gemeet word. Ek besef dat die samelewing en veral ook die media eintlik blameer moet word, want Kleinsus se beeld van hóé mans moet lyk is eerstens gebaseer op die samelewing se ideale beeld van manlikheid en tweedens word dié manlikheid verweef in die multimodale modusse en diskoers waaraan ons op derduisende platforms blootgestel word.

Ek wens vir 'n wêreld waar die Afrikaanse gemeenskap en media meer verskille en diversiteit sal vier en verwelkom, in plaas van die marginalisering van enige persoon wat afwyk van die norm.


Met die luister van die *Man Enough*-podcast het ek herbesef dat menslikheid en foute-maak dieselfde ding is. So in plaas van om gesprekke met of oor LGBTQIA+-persone te vermy, praat met mekaar en maak foute … Maar ten minste probeer jy elke keer … verstaan jy elke keer net iets nuuts of erken iets waarvan jy vergeet het.

Verder moet die media hulle sokkies—of dit nou lang boeresokkies of modieuse prentjiesokkies is—optrek en die mag van diskoers en retoriek benut om 'n rol te speel in die opvoeding van 'n wyse dog konserwatiewe gemeenskap.

Ná aandete dek die vroue tafel af en bly die mans 'toevallig' sit. Die manne is moeg gebraai, staan en kyk na vleis wat gaar word is harde werk. Kleinsus kom vra vir die



*Neon Nostalgia I* (2023, Emile Geldenhuys)




*Neon Nostalgia II* (2023, Emile Geldenhuys)

tannie-met-'n-tatoe,-swart-naels-en-'n-glasie-chardonnay, maar hoekom sit die manne by die tafel terwyl al die vroue in die kombuis skoonmaak en kos wegpak? My gemoed sak tot in my voete—dis vakansie so wie dra skoene? Mamma antwoord, want sy vermoed en is dalk skrikkerig vir wat die tannie-met-die-tatoe gaan sê. "Nee my kind, dis maar hoe die lewe werk. Vroue maak skoon en help in die kombuis". My hart klop vinnig en ek is oortuig dit het in my maag in gesak … maar iewers kry ek weer 'n stem. "Nee, jitte ons moet darem 'n beter voorbeeld stel met veranderende of selfs nuwe genderrolle. Kleinsus, die mans het die vleis gebraai …"

O fok, ek maak dit net erger. "En nou help ons weer met die skoonmaak. Oupa en Pappa gaan netnou koffie maak. Almal help waar hulle kan. Miskien wanneer Kleinsus eendag oud genoeg is, kan jy die braaiwerk doen en dan kan die manne skottelgoed was". Ek is nou nog onseker of Kleinsus verstaan wat ek bedoel het, maar eerlikwaar het ek meer van Mamma se oortuigings verwag—dink die tannie-sonder-kinders-wat-slaai-maak.

Gender is 'n sosiale konstruk, soos Judith Butler al etlike jare gelede aangevoer het. Butler verduidelik dat wat jy doen en hoe jy dit doen, is hoe jy jou gender leef. Dit is 'n veranderende konstruk wat tussen gemeenskappe, kulture en ruimtes kan verskil—dit klink vir Tannie na 'n verskeidenheid van lekkerte. Stella Viljoen en Robert Morrell skryf oor Afrikaanse en Suid-Afrikaanse manlikheid wat onstabiel is en deurentyd verander. Die stelling is net soveel van toepassing op gender in die algemeen en daarom beskryf ek veranderinge in Afrikaanse gender ook as 'n tydsame proses. Die tydsame proses van verandering en aanvaarding is nie 'n een-stoep-braai-geleentheid nie en gaan nie tydens een vakansie plaasvind nie—wie het in elk geval so baie verlofdae in Desember?

Die Oom en Tannie wil beslis gesprekke begin en die veranderende genderrolle leef sodat die volgende generasie makliker aanpas. Dalk nie sonder enige moeite nie, maar met meer vrymoedigheid om hulself te wees ongeag al die "opsies" (soos Ouma dit noem) daarbuite. En soms gaan dit steeds op die heteronormatiewe wyse ontvou waar binêre geslagte en tradisionele genderrolle as norm aangebied word. Maar ander kere gaan die Tannie en Oom 'n gap neem en hulle nuwe oortuigings met familie en vriende deel sodat



*Neon Nostalgia III* (2023, Emile Geldenhuys)



*Neon Nostalgia IV* (2023, Emile Geldenhuys)

dit selfs tydens familievakansies toeganklik word.

Ná ete is dit speletjies om die tafel. Rummikub, vanaand, waarna ek uitsien. Kleinsus wil saam met die grootmense speel. So die reëls word aangepas of eerder verander of wag, ek lieg nou by, dit verdwyn totaal en al. Ewe skielik kan jy 'n pakkie uitsit, al het jy nie 30 punte in jou eerste beurt nie. Selfs Ouma en Oupa begin onderlangs gesels en help mekaar. Kleinsus kla die speletjie is vervelig en dring aan ons moet die speletjie met papiergeld en rooihuisies op die rak probeer. Ek sit self met 'n slegte hand vir twee uit die drie rondtes, maar dis mos deel van die spel.

Ek hou die geklets om die tafel dop en vra myself af hoekom ons so maklik 'n ou gunstelingspeletjie se reëls kan aanpas? In daardie oomblik wens ek dat die reëls in die regte lewe ook so maklik aangepas en gebuig kan word.

Dalk is dit die verskillende generasies—die tannie-met-'n-tatoe aanvaar makliker diversiteit want dié is 'n millennïër. Of is dit die media se skuld dat die voorgestelde progressiewe beeld van seksualiteit en gender tot fiksie en werklikheidsdramas beperk word en nóg nie in familievakansies uitgeleef word nie? Of is dit eerder ons opvoeding waar die leemte lê, want onderwysers en dosente skram weg van verskillende soorte gesinne, genders en seksualiteite? Daar is talle hulpbronne soos *The Guilty Feminist*-podcasts en publikasies soos *Turksvy* wat enige persoon/generasie kan naslaan om verandering met deernis en empatie te benader.

Of moet sulke gesprekke eerder tydens familievakansies vermy word, want dit is reeds georganiseerde chaos—soos wat hierdie tannie familievakansies nou noem. Daar is oorgenoeg streskwessies, genderverwagtinge, luidrugtige argumente wat binne 'n klein ruimte saamgegooi word.

Familievakansies is beslis nie kinderspeletjies nie, of jy nou die reëls volg of van die stoep afskop. •

# IT WAS NEVER MY INTENTION

deur

SONJA WALKER

Waa begin ek om te skryf? Begin ek as kind en dat my droom altyd was om 'n verpleegster te wees of begin ek by 'it was never my intention'?

Lat ek begin my kinderdae-droom. Ek was nie baie by hospitale nie, maa wanne ek wel daa was kon ek nie my oë afhaal vannie nurses wat soe pragtig gelyk het in hulle wit uniforms en kappies oppie kop nie. Moenie eens praat vannie goete op hul skouers nie. Hulle het baie hoog geleerd voorgekom.



My kinderdroom word bewaarheid in 1989. Vreesbevange vi die onbekende klim ek op 'n bus vanaf Port Elizabeth na die grootte Kaapstad op 29 Junie 1989. Arriveer in Kaapstad die oggend vannie 30ste Junie.

Die meeste onbekende mense wat ek in my lewe gesien het. Die huishoudster roep name en sê "Jy gan dié kant ennie ander een gan daaikant. Wees oor twee ure op grondvloer dan gan ons uniforms uitdeel."

Soes 'n skaap slagpale toe klim ek innie hyser en sluit my kamerdeer oop oppie tweede vloer—kamer 201. Ek het 'n klerekas wat dakhoogte is; eenkant vi hangplek en annekant vi pakplek. Ek is so excited want ek het nog nooit 'n kas van my eie gehad nie. Netjies hang ek dit wat moet hang en die wat moet gevou word, word netjies gedoen want dit is my eie kas. Ek het selfs plek gehad om my toiletries te sit. Hoe gelukkig kan een mens wees?

Dis tyd om uniform te gan kry. Ek kan my excitement nie beteel nie. Ek is nou 'n volwaardige nurse. If I only knew then what I know now. Min het ek geweet dat dit my vier jaa gan vat om kla te studeer.

Soe waaoor gan 'it was never my intention'? Bietjie agtergrond. Gedurende my opleiding was apartheid die orde vannie dag. Die hospitaal waa ek my opleiding gedoen het, het 'n blanke en nie-blanke afdeling gehad. As 'n kleurling het ek baie min annie blanke kant gewerk. En indien ek wel daa geplaas was vi prakties, het ek meestal net bedpanne angedra, hulle innie masjien gesit om gespoel te word en netelige takies gedoen om te verhoed dat ek aan blanke pasiënte raak.

Ek het nie 'n problem daamee gehad nie, want ek het nie van beter geweet nie. My grootwordjare was nie besaai met politiek nie. So hoe sou ek weet dit was onregverdig of diskriminasie?

Fast forward. Ek geniet my studente dae vreeslik en kry 'n pos as 'n geregistreerde verpleegster innie kraamsaal in 1997. My liefde vi kraam is onbeskryflik. Om te sien hoe 'n baba gebore word issie mooiste wat mens kan sien en beleef.

Jare gaan verby. Ek studeer veder in 1999 en kry 'n meestersgraad in gevôderde kraam in 2001. Ek kan gekompliseerde bevallings op my eie doen. Ek kan nuwe sisters en dokters onderrig en is baie in my noppies met myself.

Dit vat my baie jare om te besef wat 'n onreg moeders angedoen was. Ek moet dit noem dat my opleiding kom uit

die apartheidera. Jy sal niemand bevraagteken nie, veral nie 'n blanke senior nie.

It is a matter of do as I say. Don't dare to ask questions. Soos ek groei in my beroep besef ek die onreg wat ek aan moeders gedoen het. Laat ek die prentjie skilder.

As 'n pasiënt inkom by die kraamsaal met klagtes van pyne, moet sy net luister. Indien sy vrae vra dan word sy gelable as onbeskof of cheeky. Sy sal net stil bly en doen soes dit vi haar gesê word.

"Trek alles uit, sit aan die nagrok, pee in die glas en dan klim jy op die bed." Haa arm word gevat, bloeddruk word gedoen en koorspen onner die tong gesit. Moenie waag om nie saam te werk nie. Dan sal jy hoor "As jy nie wil gehelp word nie kan jy huis toe gaan." Volgende hoor jy "Trek op jou bene en maak dit oop." Vingers word innie vagina gedruk. Afhangend hoe ver sy ontsluit is, gan sy óf trug huis toe óf word sy toegelaat. Moenie vergeet dattie pasiënt word nie ingelig oor hoe ver sy vôder nie. Geen geskree of moaning word toegelaat nie. Jy sal hoor dis jou eie skuld dat jy hier lê.

Ek het diep binne in my hart geweet dat dit vekeerd is, maar was te bang om enige iets te sê. Ek het maar stilletjies pasiënte se rug gevryf en gesê "Probee om nie geraas te maak nie, anners gan jy geskel word."

Wanne dit by kraamtyd kom, sal die pasiënt se bene in pale gesit word. Sy sal plat lê en net doen wat vi haar gesê word. Dit is geskel vannie een- tottie annerkant. Wees vi seker as die pasiënt nie haar samewerking gee nie, sal jy hoor "As die kind dood uitkom is dit jou skuld."

Daa was geen voorkere ten opsigte van geboorteposisies nie. Jy sal op jou rug lê en doen wattie midwife sê. Geen opsies ten opsigte van godsdienstige voorkere nie.

Wat ook duidelik was, is hoe meeste vannie voorbeelde in voorgeskrewe textbooks white bodies as the norm in text and images voorgestel het. Indien donker velkleur gebruik was, is dit geassosieer met kondisies soos HIV en anner geslagssiektes. In donkerkleurige babas was die diagnose soos byvoorbeeld geelsug gemis. Dit het veroorsaak dat hierdie babas met breinskade opgeëindig het.

Soe waa kom 'it was never my intention' dan nou in? Ek wil vra aan alle moeders wat ek versorg het gedurende my studentedae en selfs as 'n geregistreerde vroedvrou, om my te vergewe. Ek wil nie verskonings maak vir my verlede nie, maar weet ek het nie van beter geweet nie. Wat ek wel weet is dat diep binne in my het ek geweet dit klink of lyk nie reg nie, maar die vroedvroue wat al jare daar werk doen dit, soe dit moet seker so wees.

Ek het intussen geboorte geskenk aan drie pragtige kinders. Ek hettie vooreg gehad om privaat te kraam. Ek was soos royalty getreat. Kry pynverligting sonner dat ek dit nodig het. Word elke vyf minute gevra of ek okay is. Of daar enige iets is wat ek nodig het. My man word toegelaat om heeltyd by my te wees. Alles wat hulle doen aan my word verduidelik en toestemming word gevra. Ek kry selfs die opsie om te kies of ek normal wil kraam of 'n keisersnit wil hê.

Die duidelike verskil in hantering van pasiënte gee my gevoel van 'n tipe kwaad vir myself. Ek voel magteloos. Hoe staan ek op teen die ouer vroedvroue en selfs dokters?

Hoe rectify ek die harm of the past? Ek is bevoorreg en kry 'n pos by 'n universiteit in 2002 as 'n kraamlektrise. Ek maak dit my mission sedertdien om my studente te leer van respectful maternity care. Ek glo en vertrou die midwives wat ek teach sedert 2002 maak die verskil en behandel vroue en babas met respek en dignity. Ek maak seker dat my lesings kultureel respekvol is, sonder rasdiskriminasie, respek vir godsdienstige voorkeure en met liefdevolle passie gedoen word.

Soe ek wil afeindig deer te sê daa is nog baie wat ons as midwives kan beter doen, but gloe my as ek sê, it was never my intention. •

# OOPSTEMMING

deur

KLARA DU PLESSIS

Ek skryf in Afrikaans. Dit voel asof ek nie toestemming het om in Afrikaans te skryf nie. Wie se toestemming? Toe stem. (Dui "toe" rigting aan? Iewers heen. Huis toe.) Of is die taal toegemaak? Stem afgeskakel. Tensy ek toestemming by myself kry, sal permissie juis my stem toesluit.

Soms is daar submissie in taalgebruik. Meestal is dit 'n affektiewe reaksie. Iets wat ek nie wetenskaplik of met konkrete voorbeelde goed kan omskryf nie. Taal wat aandring op reg en verkeerd. Taal wat graag verkleineer, wat graag respek aantoon. Ek raak 'n meester daarin om nooit voornaamwoorde vir mense ouer as ek te gebruik nie. Ek kry 'n kick daaruit om uiters goeie maniere te kweek. Maniërismes wat meestal net woordeskat is. Wanneer ek by tye van Montreal af in Kaapstad woon, voel ek dat ek anders moet wees om in te pas, dat ek wie ek is, moet dramatiseer. Dit is ook 'n vorm van self-onderwerping aan 'n dominante narratief. In taal. In beide persoonlik en professionele situasies verteenwoordig ek 'n weergawe van myself.

'n Paar jaar gelede skryf ek stuk-stuk aan 'n Afrikaanse gedig wat ek 'n Engelse titel gee. Die gedig begin met die ongelooflike mooi woord "kunspenis" (dildo). Dit ontwikkel dan in die algemeen oor seks, met 'n fokus op die skoonheid van die manlike liggaam. Tydens die skryfproses voel ek gelukkig oor die gedig. Dit voel soos 'n deurbraak in die manier waarop ek in Afrikaans dig. Die taalgebruik is los en klankspel sit nie in afsonderlike woorde vas nie.

Sendelingseks,  
een van die maklikste en bevredigendste  
onderonsies,  
wie ookal onder is.

Waar daar onderdanigheid is, is daar ook dominansie. Die twee steek in mekaar vas. Iewers, ondeurdringbaar, weef die een 'n outoritêre kultuur deur die ander, deur grammatika en woordeskat. Bv. wanneer ek skryf van 'n geoefende hoflikheid wat 'n aangename gevoel van (magtige) onderdanigheid skep, is daar terselfdertyd 'n ongesproke en abstrakte verwagting na daardie gedrag. Van wie af? Weer eens moet ek vra, wie se reëls ek volg, wie se toestemming ek nastreef? Tog is daar die skim van 'n dominante voorbeeld. Taal verskaf woorde en omdat hulle bestaan, kan ek myself op 'n sekere manier uitdruk.



*Klara du Plessis* (2023, Francis Leduc)

Kok  
Prik  
Dik  
Kat

Ek ervaar Afrikaans as 'n taal wat 'n redelik strak polariteit tussen gehoorsaamheid en heerssugtigheid in die voorgrond stel. Ek bedoel dit nie negatief nie. Dat twee


sulke sterk uiterstes in taal bestaan, verwek noodwendig 'n komplekser spanning tussen-in. In 'n skeppende konteks—in die sin dat taal en taal se eienskappe die medium van skrif en letterkunde en kuns (breër gestel) is—is daardie beweeglikheid of balansering tussen pole energiek, kineties en soepel. So sou ek ook voorstel dat daar 'n erotiek aan Afrikaans is, 'n magspel wat mens dwing tot die alleen-ruimte van fantasie. Dit is die utopie, die onbereikbaarheid en selfs onuitleefbaarheid van fantasie wat nie-dialogies volmag gee aan plesier.

Mag. En dan, mag ek? Om mag te destabiliseer sodat dit toestemming word.


"Sex separates, doesn't unite [...] What is real is that pleasure takes you a long way away, very far away from the other." Dit is Alain Badiou wat in *In Praise of Love* skryf dat fantasie mense/minnaars/vryers skei van mekaar. Selfs dialogies bly seks, vir hom, 'n ervaring van afsondering. Die voorstel dat daar inherent 'n dinamiese afwisseling tussen submissie en dominansie in Afrikaans as taal bestaan, lei dan tot 'n konstante verskuiwing heen en weer tussen pole. Submissie is 'n magtige posisie wanneer dit met plesier assosieer word, terwyl net gedwonge gesag swakheid aandui.

Skat,
ek is in is-eksiel van seks.

Om 'n stem te hê, is natuurlik 'n metafoor met 'n lang



*Body Background* (2020, Klara du Plessis)



*Microphone devotion* (2020, Klara du Plessis)

geskiedenis wat gereeld aangehaal en oorgebruik word. 'n Metafoor vir die skrywer wat 'n eiesoortige, letterkundige stem vind in hul werk. 'n Metafoor vir die feminis, en ander opstandige en selfstandige subjekte, wat praat en aandring om gehoor te word. Ek dink hier aan Anne Carson wat in "The Gender of Sound" 'n klankbaan van stembande maak en toonhoogte manipuleer om narratiewe van die vroulike mond, spraak en klank te strooi soos glasskerwe.

Die stem keer dus die geslote taalruimte van toestemming om. Die wulpse mond is oop. Enige moontlike gebrek aan toestemming word 'n eiesoortige verlof wat weerstandige taalgebruik aanmoedig. Wanneer toestemming as consent vertaal word, verander die lokus van mag.

~~Toestemming~~. Oopstemming.

Douglas Kahn skryf oor "meat voices" in *Noise Water Meat*, 'n boek oor klank in die kunste. Alhoewel dit 'n akademiese teks is, voel dit asof hy dig. "The mouth, in other words, spoke unhygienically for the rest of the body and defended poetry." Hy stel voor dat die hele liggaam 'n stem is, dat funksies van klankvorming en vibrasie gekoppel is aan elke sel van vleis, vlees en gees. In 'n negatiewer sin, praat Ernest Hemingway van Gertrude Stein se "beafsteak" stem. Maar die fisiese stem—die langwerpige spiere in die nek—verdubbel as ander liggaamlike holtes en tonnels en buise wat deur mondbewegings en lyfgebare stemhebbend en oopstemmig resoneer.

Die gedig waaruit ek aanhaal, is 'n onvoltooide werk wat ek nooit sal klaarskryf nie. Soos ek nou terugkyk daarna, verval die teerheid van die konsep in voyeurisme in. Die sagtheid daarvan verhard. Dit is te onpersoonlik. Dit voel asof ek 'n sensuele identiteit uitvoer as 'n subversiewe gebaar sonder 'n verdere kern of dringende inhoud. Dit voel soos 'n weergawe van myself waarmee ek nie tans identifiseer nie. Om aan te voel dat ek wel gemaklik, onbeskroomd en sonder skuld oor intieme temas kan skryf en dat ek nou kies om dit nie te doen nie, is bemagtigend. Dit sê vir my iets oor wie ek huidiglik is.

Ek is tevrede om hier my gunsteling verse uit hierdie gedig buite konteks van die geheel te deel. Die gedig bestaan waarskynlik sodat ek dit fragmentaries deur hierdie skryfstuk kan weef. Om die erotiek van taal nie-tematies aan te wend en die spel en spanning van eksperiment te ontgin.


Klimaks se plagale kadens
en die asem van amen. •



*~~Open~~ mic*
(2020, Klara du Plessis)



*Head invocation*
(2020, Klara du Plessis)



*The poem's third opening*
(2020, Klara du Plessis)

# AL STOEIENDE STILGEMAAK: DIE DISSIPLINERING VAN AFRIKANER-FEMINISTE

deur

CHRISTI VAN DER WESTHUIZEN



Afrikanervroue was ’n eeu gelede aktiviste. Hulle het die eerste Afrikaner-organisasies—’n groot klomp—ná die Suid-Afrikaanse Oorlog (1899–1902) gestig. Hulle was vakbondleiers. Hulle was politieke leiers. Daar was selfs straatoptogte deur Afrikanervroue—so vroeg soos 1915. Die eerste vroulike dokter in Suid-Afrika was ’n Afrikaner, en so ook die eerste vroulike advokaat.

Hierdie ontdekkings maak ek eers gedurende die navorsing vir my boek, *Sitting Pretty: White Afrikaans Women in Postapartheid South Africa.* Ek was uit die veld geslaan. Teen daardie tyd skryf ek toe al vir ’n paar dekades as feminis en politieke ontleder.

Die weergawe van Afrikaner-geskiedenis waaraan ek vanaf skooldae blootgestel is, was uit en uit ’n manlike geskiedenis. Onverrassend in die oorwegend wit Afrikaanse omgewing waarin ek gedurende die 1970s en 1980s grootgeword het, was my hoërskool in Boksburg vernoem na ’n Nasionale Party-politikus, Ernst G. Jansen.

Skielik ontdek ek dat Mabel M. Jansen, sy wederhelf, ’n meer geagte politieke leier as haar man was. Maar my hoërskool het Ernst se naam gehad, want hy het die prominente poste ontvang: eers as H.F. Verwoerd se voorganger as minister in die gewraakte portefeulje van naturellesake, en later as goewerneur-generaal van die Unie van Suid-Afrika.

Die volgende ironie het geblyk: Afrikanervroue was meer polities aktief, met ’n groter openbare teenwoordigheid, in die eerste as in die tweede helfte van die 20ste eeu. Die tawwe volksmoeders van die 1910s tot 1940s is opgevolg deur die toenemend ornamentele volkspoppies van die 1950s tot 1990s. Hierdie was die breë politiek-kulturele tendens, soos apartheid teen die 60s die Afrikaners vanaf armoede en werkersklasstatus na oorwegend middelklasstatus opgehef het.

My ontdekking van die ywerige, veglustige Afrikanervroue het gemengde gevoelens teweeggebring. Want, soos Bibi Burger en Azille Coetzee skryf, dit is ’n “beskamende” geskiedenis van vroue wat “in diens van Afrikanernasionalisme” gemobiliseer het. Afrikanernasionalisme staan sentraal tot koloniale opperheerskappy en apartheid as hernieude vorm van kolonialisme ná 1948. Dis die hooffokus van *Sitting Pretty* en my eerste boek, *White Power & the Rise and Fall of the National Party*.

Wat dan gemaak met ’n beskamende geskiedenis soos dié? Die antwoord op die vraag is veelvlakkig, en te vinde in die redes waarom hierdie vroue vandag grootliks onbekend is. Want hulle is nie in die eerste plek onbekend omdat daardie geskiedenis beskamend is nie.

Nasionalismes, insluitend Afrikanernasionalisme, perk


'Only someone with the talents of Van der Westhuizen could weave an analysis of racism with such profound insights.'
— Pumla Gobodo-Madikizela
CHRISTI VAN DER WESTHUIZEN
sitting pretty
White Afrikaans Women in Postapartheid South Africa
UKZN PRESS

vroue altyd in. Die inperking steun op die patriargale idee van "biologie bepaal jou lot". Omdat vroue letterlik die volk voortbring, is beheer oor hul liggame noodsaaklik vir die nasionalistiese instandhouding van die nasie. Hierdie beheer word grootliks uitgeoefen deur vroulikheid aan moederskap gelyk te stel.

Met ander woorde, 'n ware vrou is opsluit 'n ma. Hierdie moederskap is ook altyd in verhouding tot 'n man. Verpligte heteroseksualiteit is dus aan die orde van die dag.

In Afrikaans verwys dieselfde woord, "vrou", na beide iemand van die vroulike geslag en na 'n vroulike wederhelf in 'n huwelik. Vandaar moet dit 'n klein treetjie na moederskap wees, of jy word as 'n mislukte vrou beskou. Die identiteit wat gevolglik geskep word, behels 'n geslagsverpligting wat ek in *Sitting Pretty* in Engels as "woman/wife-as-mother" beskryf.

Die nasionalistiese figuur van die volksmoeder is hier onontbeerlik. Sy is dien as kragtige simbool waarmee die samevoeging van vrou-en-moeder as die ideale en noodwendige weergawe van vroulike menswees gelegitimeer word. Die volksmoeder-fantasie oorskadu en verdoesel die werklike verskeidenheid wat tussen vlees-en-bloed-vroue bestaan. Die volksmoeder help om die bestaande verskeidenheid in vroue-geledere te neutraliseer wat die patriargale volk uitdaag, soos Zillah Eisenstein uitwys.

Deel van die krag van die volksmoeder is dat sy die suiwerheid van die nasie simboliseer. Met die volksmoeder word vroue ideologies gemanipuleer om hul bestaansrede te verstaan as die beliggaming van die volk se tradisies en sedes. Vir 'n rasse-nasionalisme soos Afrikanernasionalisme gaan dit hier oor verbeelde rassuiwerheid. Die kuisheid van vroue word dus van opperbelang, soos deur beide vroue en mans gepolisieër.

Die volksmoeder dra dus by tot 'n eenvormige idee van Afrikanervroulikheid, en dus van Afrikaneridentiteit as sulks. Nasionalistiese simboliek dra normatiewe idees oor om mense te werf en hulle in subjekte te verander, in dié geval om te konformeer tot idees van wat dit behels om 'n Afrikaner te wees. Die doelwit was om 'n etniese onderskeid met wit Engelssprekendes, enersyds, en 'n rasse-onderskeid met swart mense, andersyds, te tref en só vir "Afrikaners" deelname in die mag en bevoorregting van witwees uit te kerf.

Dominante magte probeer homogeniteit in identiteit skep, en stel identiteit ook voor as stabiel en eenvormig. In werklikheid is elke identiteit, insluitend Afrikaneridentiteit, onderworpe aan intense en voortdurende mededinging. My werk oor die laaste drie dekades gaan in groot mate daaroor om die idee van Afrikaner-eendersheid te bevraagteken— om die andersdenkendheid teenoor die nasionalistiese opdrag van eendersdenkendheid en eenvormigheid uit te wys.

Dit is deel van my antwoord op die beskamende geskiedenis: dit is vandag belangrik om die andersdenkendes en afvalliges te vind wat histories bestaan het, om eerstens die historiese verskeidenheid en verskillendheid te wys, ook in Afrikanergeledere. In die eerste helfte van die 20ste eeu, in die pas saamgeflanste nuwe staat Suid-Afrika, het 'n intense stryd gewoed om een weergawe van Afrikanernasionalisme bo 'n ander te vestig. Terselfdertyd is geveg om die mededingende ideologieë soos Suid-Afrikanisme, liberalisme, feminisme, Afrika-nasionalisme en sosialisme die loef af te steek. Die Hertzog- en later Malan-hoofstrominge van Afrikanernasionalisme het oor dekades heen gestoei om die identiteit te "suiwer", in só 'n mate dat die Malaniete hul wegbreekparty in die 1930s die "Gesuiwerde Nasionale Party" genoem het.

Die idee van suiwering was op die oog af polities, om die Malaniete van die Hertzogiete te onderskei. Maar uiteraard het dit, in die era van die valse wetenskap van eugenetika, ook oor ras gegaan. En dit was oor die "korrekte" manier van Afrikaner-wees. Dit kulmineer in apartheid, wat nie net swart mense nie, maar ook wit mense en spesifiek die Afrikaners vir 'n aantal dekades suksesvol in identiteitshokke geplaas het.

Die suiwering is ooglopend in terme van ras, maar nie net rasselyne is getrek nie: die interne anderes in verhouding tot geslag en seksualiteit is oor gestoei en uiteindelik in sekere posisies vasgevang. Die stryd oor die inhoud van die kategorie van volksmoeder wys die intense geslagstryd wat in die vorming van Afrikanernasionalisme gewoed het.

Belangrike werk is deur feministiese historici en politieke wetenskaplikes gedoen oor die Afrikaanse Christelike Vrouevereniging (ACVV), die Nasionale Vrouepartye (die vroue het in vier provinsiale partye apart

van die sogenaamde "Manneparty" georganiseer), die Klerewerkersunie, en die *Boervrou*-tydskrif, onder meer. Hierdie aktiwiteit en aktivisme het 'n vorm van eerste-golf-feminisme van stapel gestuur. Die middelklas-weergawe was opheffingsfeminisme.

Die feministiese studies het die beskamende aspek—die verontmenslikende ras-, klas- en geslagsdimensies—oopgevlek. Maar dit is ook belangrik om op te merk dat die stoere volksmoeders gepoog het om minstens Afrikanervroue se toegang tot selfaktualisering te vergroot deur die openbare ruimte aan hulle beskikbaar te stel.

Dit is vergete—vergeetwaardig—gemaak: Die vroue is destyds geneutraliseer met die nasionalistiese opdrag dat vroue slegs vir sosiale en biologiese reproduksie geskik is.

Die idee dat die vroue vanself die knie gebuig het ter wille van die volk word nie gesubstansieer deur hul visie van hulself nie. Byvoorbeeld, Mabel "Kenne" Malherbe het by die Transvaalse Nasionale Vroueparty (NVP) se kongres in 1930 ná die toekenning van stemreg aan wit vroue gesê:

*"Die tyd het aangebreek dat ons ons sonder versuim bekwaam vir die nuwe verantwoordelikheid wat waarskynlik op ons gelê sal word. Gesondheidstoestande, huisvesting en opvoeding lê baie na aan 'n vrou se hart. Die opvoeding van ons toekomstige moeders—dit moet tog in ons hande lê. […] [S]al die vrou wat haar verstand so ver ontwikkel het, terugdeins vir die groter huishouding van die staat? Sal sy dan hier ook nie haar verkrege wysheid, haar ervaring, haar lewendige belang in die welvaart van haar gesin, haar volk en die mensheid laat geld nie? Waar vader en moeder saam met kennis die juiste leiding van hul huislike sake behartig, kan hulle net so goed saam die landsake bespreek, sodat hulle saam hul stem kan uitbring vir die welvaart van die hele volk. Die twee grootste redes waarom ons die reg wil hê om te stem is (1) om die lewe van ons kinders veilig en gelukkig te maak (2) omdat ons reken dat vroue daardeur hul ewewig sal terugkry. Deur die stemreg word die vrou gedwing om 'n verstandige en meer doeltreffende deel te neem aan die lewe: sy moet saam met die man aan die vooruitgang van die wêreld arbei."*

Maar teen die 50s moes Enid C. van der Lingen skryf:

*"Sal die mans van die NP die vrou op haar beurt help om dit tot stand te bring, haar in staat stel om op haar eie selfstandige manier haar deel by te dra tot die opbou van 'n volk, of moet dit altyd haar rol wees om alleenlik 'n skaduwee te wees?"*


Die Afrikanernasionalistiese mans van die NP het die vroue "jaloers en brutaal enige vorm van politieke mag ontken", soos Anne McClintock dit stel. Die mans het die toestaan van stemreg gebruik as rede waarom die NVP's met die manlike NP saamgevoeg moes word. Stemreg aan wit vroue het 'n rasse-doelwit gehad: om die wit stem te versterk, wat verklaar waarom dit in vergelyking met ander lande relatief vroeg toegestaan is.

Die ander rede blyk die uitskakeling van die vroue as politieke spelers te wees. Wit vroue se burgerskap was afhanklik van of hulle van nut vir die wit manlik-oorheersde orde kon wees. Dié terme van hierdie "nut" blyk uit die volgende: NVP's het hulself as uiters bekwaam met organisering bewys, met 200 aktiewe takke en verskeie geslaagde fondsinsamelingsaksies. Ná die samesmelting het hulle toenemend dié funksie vir die mans verrig, maar agter die skerms en sonder politieke poste.

In plaas daarvan dat die stemreg die openbare ruimte vir Afrikanervroue oopgemaak het, het Malherbe se woorde op dorre aarde geval. Sy is tot lid van die provinsiale raad verkies in Transvaal, en tussen 1933 en 1938 was sy Volksraadslid, die laaste vroulike NP-LV vir etlike dekades daarna. Mabel M. Jansen, Ernst se vrou, is tot NP-onderleier in Natal verkies ná die samesmelting. In die 30s en 40s het enkele vroue as NP-kandidate in verkiesings gestaan. 'n Paar vroue het in die Senaat gedien. Maar daar was nie 'n volgende generasie van vroulike NP-verteenwoordigers nie.

Louise Vincent argumenteer oortuigend dat die samevoeging van die NVP's met die "manlike NP" die oomblik was waarin die volksmoeder-model teen Afrikanervroue gebruik is. Dit was 'n "tweesnydende swaard" omdat dit sosiale rolle en toegang tot politieke mag afhanklik van gewaande grondliggende biologiese eienskappe gemaak het. Die volksmoeder is dus gebruik om die vroue te laat verstaan dat hulle die knie voor manlike gesag moet buig en na die huis moet terugkeer.

Teen die 1970s, toe die tweede golf van feminisme in die Globale Noorde gewoed het, was die verre meerderheid Afrikanervroue vasgevang in die rol van "wagters in die binnekamer" wat "luister" (nie praat nie) en by hul mans staan, soos 'n destydse kabinetminister, Nico Diederichs, die




*Vrou en Feminist* deur Marié du Toit verskyn reeds in 1921

"korrekte" Afrikanervrou beskryf het.

Om dié geskiedenis te onthou, is belangrik, want dit ontbloot die werklik bestaande verskeidenheid wat histories in Afrikaner-geledere bestaan het. Totius het 'n suster gehad: Marié du Toit, skrywer van die eerste feministiese boek in Afrikaans, *Vrou en Feminist, of Iets oor die Vrouevraagstuk*, wat reeds in 1921 verskyn het.

Teenoor die hoofstroom-vroue van die NVP's was daar die Klerewerkersunie se Hester and Johanna Cornelius, Anna Scheepers, Katie Viljoen, Anna Jacobs en Dulcie Hartwell. Hulle het hulself as sosialistiese volksmoeders gesien, en die Afrikaner-werkersklasvroue gelei wat die NP en by name M.E. Rothman hoofbrekens besorg het. Vakbondleier Bettie du Toit is nog 'n belangrike figuur.

En dan, natuurlik, Petronella "Nell" van Heerden. Met die eerste oogopslag is dit verstommend dat sy 'n grootliks vergete figuur is. As sy nie vroulik gebore is nie, sou sy as 'n Renaissance-man geëer gewees het. Behalwe haar beroep as medikus (sy is beide die eerste vroulike dokter en vroulike ginekoloog in Suid-Afrika) en skrywer van die eerste doktorale verhandeling in Medisyne in Afrikaans, aan die Universiteit van Amsterdam, was sy ook 'n politieke kampvegter en leiersfiguur, amateur-argeoloog in die Midde-Ooste en Suider-Afrika, dokter in die weermag gedurende die Tweede Wêreldoorlog, veeboer, outobiograaf en genealoog.

Ideologies, so onwaarskynlik soos dit mag klink, het Nell tussen Afrikanernasionalisme, feminisme en sosialisme beweeg. Sy was een van daardie vroue wat 'n NP-leiersposisie ná die samesmelting gekry het. Haar sterk standpunt teen anti-Semitisme lei tot haar bedanking ná 'n argument met D.F. Malan oor die NP se Nazi-neigings. Nell het haarself daarna openbaar teen rassisme en die manipulering van witwees ter wille van kapitalistiese klasuitbuiting uitgespreek.

Sy het openlik as 'n lesbiër gelewe, met wat vandag as 'n "nie-konformerende gender-identiteit" bestempel sou word. Van Heerden se gelukkigste jare, soos sy self geskryf het, was dié met Gladys Steyn, dogter van die laaste president van die Boererepubliek van die Oranje Vrystaat, Marthinus Steyn, en sy vrou, die vooraanstaande volksmoeder Rachel Isabella "Tibbie" Steyn. Hoewel hul verhouding uiteindelik oënskynlik onder druk van die Steyn-familie geswig het, het Nell wel vir Gladys geïnspireer om Regte te studeer en die land se eerste vroulike advokaat te word.



Nell as jong dokter



Gladys Steyn

Naas die wit werkersklasvroue was Nell die ander bron van konsternasie vir Rothman, wat as die joernalis en skrywer "M.E.R." waarskynlik die invloedrykste vroulike Afrikanernasionalis van die 20ste eeu was. Hoewel M.E.R. deur sommige as feminis voorgehou word, moet haar feminisme as die volksmoeder-tipe van die NVP's gekwalifiseer word.

Nell se politieke, seksuele en geslagskomplisering van Afrikaneridentiteit is die rede waarom sy vergeetwaardig gemaak is. Maar sy is nie altyd vergeet nie.

Elders skryf ek hoe bruikbaar sy vir Afrikanernasionalisme in die 1920s met die vrouestemreg-kwessie was, en dan weer in die 1960s as 'n figuur wat die modernisering van Afrikaneridentiteit gedemonstreer het. Alba Bouwer het in die 60s 'n artikelreeks oor Nell in die vrouetydskrif *Sarie* gepubliseer en Rykie van Reenen het Nell met twee outobiografieë gehelp.

M.E.R. het hierdie herwinning van Nell deur die twee jonger Afrikanernasionalistiese joernaliste probeer keer. Onder meer het haar dogter Anna in 'n brief aan Van Reenen geskryf: "Janee Rykie bly jy maar eerder uit daardie harem van hel. Sy sal jou te graag inpalm."

In die vroeë 1990s is Nell weer uitgegrawe as teken van die kwansuise "inklusiwiteit" van Afrikanernasionalisme op 'n tydstip toe die NP die net wyer moes gooi om meer diverse ondersteuners in die oorgang na demokrasie te werf.

My navorsing oor Van Heerden wys hoe noodsaaklik die randfigure is vir 'n ideologie soos Afrikanernasionalisme om hegemonies te wees. Die mite van eendersdenkenheid en eenvormigheid bedek intense slag en stoot.

Ek glo vas "die Afrikaner" kan gedemokratiseer word, en die historiese bestaan van afvalliges bevestig dit. Herinnering aan die afvalliges dien as teenvoeter teen die druk van 'n enkele normatiewe, anti-demokratiese weergawe van die Afrikaner. Ons moet daardie figure vind en belig wat as demokratiese modelle vir die huidige oomblik kan dien.

Dit is veral nóú belangrik. Ons demokrasie is tans in uiterse gevaar weens soortgelyke Afrika-nasionalistiese druk tot konformering tot 'n spesifieke eenduidige identiteit vir mense wat as swart gerassifiseer word. Laat ons nie die knie buig nie. •

# DANIE

deur

WEMAR STRYDOM

Met kuns deur Carl August



Ek ken jou lyf, Danie. Ek herken jou, aan hoe jou rug boog as jy op jou knieë voor iemand sak, aan jou kakiebroek wat styf span om jou gat, jou kennebak nat.

Ek weet hoe jou lyf inpas in myne: ek weet presies hoe diep my vellies teen jou skouers kan intrap as jou hande my bene terug- en oopdruk; hoe lekker begeerte en lus alternate wanneer jy na my kyk; hoe spuls en reg-vir-wéér-scrum ek jou maak.

En jy weet jy is mooi. (Soms is jy heeltemal té meta daaroor: "Wank jy alweer oor daai Boerboel ads," vra jy stuitig, alwetend wat my antwoord gaan wees. Iets oor short shorts and posterboy-ing for white supremacy, en fuckable fascism, en 'n verergde "ja"). Maar ek bly nooit kwaad vir jou nie, want selfs wanneer jy moeilikheid maak is jy mooi: ek kan sien in daai hans halfglimlag jy wéét jy is reeds vergewe. Jy kom met moord weg, al jou hele lewe lank.

Daarmee saam loop ook jou vinnige kwaadword, jou hardegatgeit. (Jy het daai ou by Oppikoppi gemoer toe hy my 'n moffie noem, al het jy geweet die feessekuriteit gaan ons hele groep daaroor uitskop). En ek kan net indink hoe dit vir jou was in die 90s, op 'n plaas in die Oos-Vrystaat. *Die Stropers*, *Skoonheid*—geen Vrystater bly lank 'n enigma vir hul intimate partners nie. En ek ken jou binne en buite, Danie, en ek weet hoe teer en weerloos 'n boer soms kan

wees: jy, huilend aan't bestuur ná ons jou broer en sy familie by O.R. Tambo gaan aflaai het, sak en pak na hul nuwe toekoms vêr weg (jy het so gehuil dat ek by die Blokhuis die stuurwiel by jou moes oorvat); jy wat my hand styf onder die slikkerige water vashou wanneer ons in die dam swem, bang vir dambodemgoed; dít wat jy my pa moes belowe toe jy gaan ouers-vra het.

***

Maar ek raak so effe bekommerd, Danie. The Katie Hopkins whatsapp forwards, the Peter Dutton shoutouts op FB, those I could ignore, to an extent—roll my eyes, unfollow. Ek maak Youtube oop en sien ons shared account se algos stel nou Candace Owens en Dave Rubin voor. (And now, oddly, ook Kathleen Stock). What's next? 'n *Daily Wire* subscription? Ben Shapiro-embossed matching cockrings?

Kyk, ek is ook nie heeltemal onskuldig hier nie. Ek het jou oor en oor en oor na "Die Land" laat luister, nie net vir daai insanely catchy hook nie, of vir jou stywe dans-hugs elke keer as dit in Scallas speel nie. Kurt se Kaptein? Onthou hoe ons geskoffel het by my suster se troue, en die helfde van die skuur ons aangegaap het. (Daar is nie gereeld moffies op Volksrus nie, I guess). And, face it, ons beweeg lekker saam.

Later, ná die oumense bedwaarts is, sit ons jongeres en word vieslik dronk op goedkoop troue-sjampanje. Ek en Roeline en Rusha wil mettertyd gaan slaap, maar julle—die neo-manne, bier in die hand aan't swanesang—bly sit om die trouevuur, die gloed stadig aan't kwyn. Die gepratery begin leliker raak, en ek maak keelskoon—jy en ek het 'n staande reël: ons gaan huis toe die oomblik as 'n dronklap die eerste k-woord laat val.

Maar, dan, maande later, terwyl ons laatmiddag half-ontklee en sweterig in ouma Johanna se diep stoepbank lê, swyg die munisipale krag vir die derde keer daardie dag. Jy vererg jou—ons albei doen—en vir die eerste keer in die twaalf jaar dat ek jou lyf ken gebruik jy daai woord voor my: Die kaffers wat die land opfok.

In daai oomblik laat ek jou toe om sulke haterige twak kwyt te raak, want ek is reeds op my rug en góéd lus, en ook: ek wil die vrede bewaar, en ook, ook: ons kry my ma-hulle oor 45 minute by die Spur, so daar is nie nou tyd vir stry nie.

En ek weet ek enable jou op ander maniere ook. Ek het té vinnig handdoek ingegooi toe jy my 'menskleur'-speech aan jou suster se kleuters doodstop; ek gripe nie meer voor jou ma (vooraanstaande akademikus-mevrou-dominee, sý) oor hoekom die Hertzogprys nog nie van naam verander het nie. En, fok, twee of drie Kersfese terug (Stilbaai, by my tannie-hulle se strandhuis) het ek selfs *12 Rules for Life* vir jou in *Star Wars*-blinkpapier toegedraai. (Al weet ek Jordan Peterson is 'n chauvinist shit-stirrer. Fok hom heeltemal).

En toe, hier aan die einde van 2020, terwyl jy 'n artikel vir my proeflees, ontplof Proudboys op twitter. Ons lag eers vir die memes, maar ek sien iets pla jou. En kort daarna begin die "when good men do nothing" en "boer, dis tyd" kak. Jy word stiller.

En toe gebeur Senekal.

***

As jy nie daar was daai dag nie, soek gerus die Beeld of Volksblad op van die dag ná dié geweldadige Afriforum-led riot. Op 'n vol voorblad pryk 'n mooi, trotse jong boerseun op 'n overturned polisievangwa, in 'n stywe kortbroek, stowwerige vellies, en 'n gespierde roesharige arm wat die môrelig van 'n skimmige wit verlede salueer. (Fok, daai foto. Ek weet dis nie jy nie, Danie, maar it could just as well have been).

This is what whiteness—let's be honest, Afrikaner whiteness—does: it hijacks every narrative it can. (Vra maar vir Hamilton Naki, ter voorbeeld. Even this piece is in a way a highjacking masqureading as an intervention). White comfort is our country's baseline, despite and through and papered over centuries of persecution of others. And then,

when whiteness decides it is uncomfortable, then rioting and protest and vandalism is OK. The double standard is kak, but at least (at the very least) it is now un-invisible, out in the open, standing on an upturned police van, in bulging shorts, for all the fucking world to see.

Ja, "Die Land" was catchy, en De La Rey laat my trotser staan, en Bok van Blerk se Afrikanerhart breek my oop, maar wat de fok is hierdie nuwe kak: Steve en kie se "Ons sal self"? Jirre, I get the sentiment, but why express it so onbeholpe? Wanneer het jy—jy wat 'n honneursskripsie oor yt futurity in Spoegwolf ge-ace het—begin napraat oor die great replacement? Jy, my lief, kan staan op die skouers van Van Wyk Louw, of Koos Kombuis, of Nataniël, maar instead is jy insta-tjommies met Steve and Angus and Ernst fokken Roets. You used to loudly read Krog to me met 'n vol ereksie, kaal en sweterige in Hatfield met die deure wawyd oop, Jakarandas buite die venster in sickly sweet volblom. You had a decent shelf and a half of lit. And now a music video is your manifesto? Wtf, Danie.

Daar is iets omtrent jou hardgeit nou, wat ek nie meer verstaan nie. Daar is iets omtrent jou hardegatgeid wat ek nie meer van hou nie. 'Liberal VS conservative' doesn't explain us, Danie. Dis 'n reductive fiction, 'n fokken ingevoerde American-made stuk tos. There's guns, and white militia, and parades, en 'paraatheidskampe' vir wit kinders, and crisp uniforms in my past, too. You don't get to claim all of that for yourself. You don't get to be the victim, jou fokker.

Dit maak my moerig, hierdie performative victimhood, jissus. Ek begin worry that you are moving too far for me to follow.

Victimhood and a gun fetish never play out well together. Hierdie pad loop net in een rigting, na self-violence en self-onthouding en fokken complaining, tot dit oorhel in the citizen-equivalent of incels who have unlearnt—violently willed themelves to unlearn—the ability to really belong, to productively love, to be proud of anything, to behoort.

***

Ons land gaan deur 'n vorm van couples therapy writ large, met een partner redelik unwilling. Ons probeer, hard: Jy lees Butler en Sara Ahmed, en, teen jou wil, Kopano Ratele; ek lees oor understanding disenfranchised white grief. Ek probeer verstaan, jy weet ek doen. Ek skryf in by Wits vir 'n graad buite my comfort zone, om jou beter te kan verstaan.

In the meantime roleplay ons happiness. Jy paai my met luspraatjies: "Jy is daai protestor op die snoekertafel, geelbestuif, ek is Johann wat kyk in daai kortverhaal." Jy wen my oor, telkens. Ons fantasy fivesome is nou ek en jy en Enrique Tarrio en Beer Adriaanse en Jerry Falwell Jr. se pool boy.


Dis nou twee jaar ná Senekal. En dinge gaan beter tussen ons.

Deels help die proliferation van goed soos homebru/homeboet clothing brands. "Daai Jan-Jan-Jan vids het eintlik begin as klerereeks, daai video was net promo," you tell me, beaming and sweaty after getting off the treadmill. (I wanted to answer something-somatic-machine desire-machines-something, about whiteness and capitalism, but I bite my tongue. Because you are smiling, and you are a breathtaking creation when you are happy).

Jy is rustiger.

Ek tel my seëninge: My familie is lief vir jou, my ma bel want sy hoop jy antwoord. My kollegas hou van jou. Jy kyk na my, en herken my. Jy weet ek het iewers binne my 'n ding vir proud boys, vir mans in styfspan rugby shorts, vir mans wat kan braai, en naai (én genaai word, luid en grof), en vir mans wat hul brannas en coke kan vat. Vir yt boys who've never read Spivak, for boys called Kallas on *Men's Health* covers. For long afternoons in glamped up rondavels op Rusha-hulle se plaas buite Hazyview, vir jou vel ná jy die hele middag in die son na die potjie gekyk het. Vir hoe jy lekkerhuil toe julle—uiteindelik—Maties 'n gatslag toegedien het. En vir die lame grappe, by now overly-familiar, elke keer as ons by Loftus verbyry. Elke. Keer.

This is textbook co-dependency, ek-bleeding-heart-fokken-liberal en jy my fascism-lite geliefde. •



*Bulky* (2020, Carl August)

# NET 'N BRIEF VIR JOU / 'N BRIEF NET VIR JOU

deur

## ISOLDE DE VILLIERS

Met kuns deur Louize Combrinck

Liewe Bibi

Ek hoop dit gaan met jou goed. Ek het begin om te probeer om 'n *Turksvy*-bydrae te skryf, maar voel geheel onbeholpe om my stem by die ander bydraes in hierdie lieflike versameling te voeg. Jy en Azille het so 'n wonderlike versameling hier curate. Dankie. Dit is te oorweldigend om te dink ek moet 'n betekenisvolle bydrae skryf. Maar dit is ook nooit lekker om iets te begin en nie klaar te maak nie en om nie 'n belofte na te kom nie. So tussen-in die gesukkel, het ek maar net besluit om 'n brief vir jou te skryf. As ek dink ek skryf 'n brief vir jou, is dit iets wat ek baie graag wil doen en makliker kan doen. 'n Brief in Afrikaans, 'n feministiese brief.

My kop en lewe is tans so vol van besluite wat tegelykertyd onbenullig is maar lewensbelangrik voel: soos waar en wanneer ek hoe en saam met wie wil en gaan woon in die tweede semester. Ek moet reeds 1 Augustus begin en gaan die tweedejaars by UWC regsfilosofie leer. So ek tob en tol die heeltyd tussen property24 en Airbnb rond en wonder oor waar en hoe mens tuis voel terwyl ek probeer afskeid neem van en ontwortel uit 'n dorp wat ek nooit gedink het my so sal omarm nie. Hier is mense vir wie ek baie lief geword het, 'n eenvoud en pretensieloosheid van bestaan wat nie noodwendig mens laat groei nie, maar baie gerieflik en gemaklik en angst-vry is. Opsigself 'n goeie rede om maar deur die afskeid en ontworteling te gaan.

Die brief wat ek wou skryf, voordat dit 'n brief net vir jou geword het, begin juis met Kaapse winterweer in Bloemfontein:

As ek nie 'n drie-jarige gehad het nie, en as dit nie gesous het in die middel van die winter in Bloemfontein nie (albei ewe onwaarskynlik, afhangend van hoe jy daarna kyk), dan sou ek seker nie die nuwe *Little Mermaid*-film gaan kyk het nie. Ek is baie bly ek het.

Die aankondiging van Halle Bailey as Ariel in 2019




het baie, hoofsaaklik rassistiese, kritiek uitgelok. Ná die vrystelling van die film vanjaar in Mei, lyk dit asof die film die teiken van 'n sogenaamde resensie-bom is. Volgens die webtuiste, Internet Movie Database (IMDb), het hulle 'n oorweldigende hoeveelheid negatiewe verslae oor die film gekry wat deur bots gegenereer is. Daar is 'n mooi oomblik aan die einde van die film, net ná die troue van Ariel en die prins, waar sy vir 'n ruk lank staar na die water, asof sy klaar weet sy gaan ook terug verlang na haar lewe onder die see, en reeds besef dat sy die patriargie van haar pa bloot verruil het vir die patriargie van haar man. Dat sy vry sou wees bo die water was 'n illusie. As wit klein meisietjie was ek (natuurlik) mal oor die 1989 *Little Mermaid*-film. Ek was vyf jaar oud met Disney se oorspronklike film, en dit vorm 'n sterk deel van my voorskoolse herinneringe. Wou ek ooit met 'n prins trou? Ag nee wat, maar ek wou beslis onder water kon asemhaal.

'n Paar weke gelede vra 'n vroue-studente-organisasie, FALAS Female Forum, vir my om vir regstudente 'n Vrydagmiddag-werkswinkel oor skryfvaardighede aan te bied. Ek besef dat ek nie met studente oor skryf kan praat sonder om die elektroniese olifant in die lesinglokaal aan te spreek nie—chat bots.

Sedert die begin van hierdie jaar is AI 'n seekat-tentakel



*Ozymandias I* (2023, Louiza Combrinck)



*Ozymandias II* (2023, Louiza Combrinck)

wat in die gange van die akademie en elke onderrig-en-leer-vergadering inkruip. In 'n taal-gebaseerde dissipline, soos die reg, krap ons omtrent kop oor wat hierdie nuwe tegnologie beteken, nie net vir die rol van regsgeleerdes in die samelewing nie, maar ook vir wat die reg is en hoe dit uiting in taal vind en wat die rol van regsonderrig is om hierdie by studente tuis te bring. En hoe doen mens dit? Die regstelsel illustreer hoe taal verhoudinge produseer en her-produseer. Reaksies in my departement op chatGPT se gesels-robot wissel van opportunistiese pragmatisme ("Ons moet dit omhels en tot ons voordeel gebruik om dit makliker te maak om te publiseer. Mens kan die assistente vra om die



*Worldbuilding I* (2020, Louiza Combrinck)

navorsing te doen en dan 'n ghost writer kry om die artikel te skryf. Siedaar!") tot sameseweringsteorie skeptisisme ("Ons moet hierdie ten alle koste teëwerk en selfs verban, anders gaan AI al ons werk vat"). Iewers tussen hierdie twee pole van reaksie, moet mens studente toerus om sin te maak van wat dit is om te skryf, wat taal is, dat die reg vasgevang is in taal en daarom altyd plooibaar en interpreteerbaar is en dat oordeel nie bloot 'n wiskundige berekening is nie.

Toe ek hierdie onderwerp vir eerstejaars moes leer, in my jare as jong dosent, het ek altyd 'n wonderlike kort artikel, getiteld "Why Write?" deur Karin Van Marle in ons studente-joernaal gebruik. "How to respond to the question Why write?", begin sy, "And the question, I hasten to add, Why read?." Via John Caputo, Max Weber, Giles Deleuze, Freidrich Nietzsche, Marianne Constable, Anthony Kronman en Antjie Krog spoor sy studente aan om die vraag "waarom skryf" te omhels, nie net as 'n wyse om in die reg te leef nie, maar om sin te maak van ons lewens in die wêreld. Om daarom, beroep sy, wyer te lees en wyer te skryf as wat die kurrikulum van studente verwag. Skryf (en lees) nie net opstelle, kantoormemoranda, skripsies, hofsaakopsommings nie, maar ook gedigte, stories, songs. Ek wend my dus tot letterkunde om hierdeur te dink. 'n Vriendin en kollega stel voor dat ek *Bot* van Carien Smit lees. Ek lees weer Kazuo Ishiguro se *Klara and the Sun*, ek trek weer Willem Anker se *Skepsel* nader. My mentor verwys my na Rènè Eloff se Litnet-stuk. Stuk-stuk begin iets vorm aanneem.

Mens skryf omdat mens iets het om te sê. Of altans, dit is hoe dit veronderstel is om te werk, hoor ek by 'n (eintlik waardevolle) sessie wat daarop gemik is om academics te help om te dink oor publikasies. Eintlik waardevol, omdat dit nie net gemik is op produktiwiteit en getalle nie, maar die aanbieder mooi praat oor die motivering om te skryf. Ek weet nie of ek iets het om te sê nie. Soms skryf ek ook maar net om sin te maak van hierdie lewe. Een van die redes waarom dit moeilik is om te skryf, is omdat dit dikwels voel of ek nie juis iets het om te sê nie, of dat wat ek wil sê parogiaal, onbenullig, self-indulgent, te abstrak en obskuur is. Dit bly maar net 'n moeilike proses. Ek verduidelik vir die studente dat dit goed is om by 'n Female Forum hieroor te praat, want dit is juis die aspekte van empatie en emosie en verhoudings, aspekte wat tradisioneel as vroulik beskou is en vroulik-gekodeer is, wat afwesig is in die wiskundige produksie van taal via 'n rekenaarprogram.

Die FALAS-studente verwelkom almal. Hulle staan bekend as 'n "Female Forum", verduidelik die span wat voor in die lesinglokaal in 'n ry staan. Sommige het Minnie-muis-ore op hulle koppe, almal dra wit kraaghemde en swart broeke of rompe. In die teenwoordigheid van manlike en manlik-identifiserende studente, dans die organiseerders versigtig rondom die feit dat die forum spesifiek daarop gemik is om vroue, en die wat identifiseer as vroue, te bemagtig om hulself in die korporatiewe wêreld (wat?!) te kan handhaaf. Hoe het ek hierdie deel in die uitnodiging gemis? Ek maak



*Conquering Mars III* (2023, Louiza Combrinck)



*Conquering Mars IV* (2023, Louiza Combrinck)

'n nota, "corporate world", op my aantekeninge, en ook 'n nota van die feit dat die spreker aanhalingstekens met haar vingers maak wanneer sy "corporate" sê. My gedagtes gaan na my tyd as 'n regsklerk in 'n "korporatiewe" firma. Ek het nooit probeer om op hoë hakke te balanseer nie, maar daar was beslis 'n verwagting dat mens hakke moet dra kantoor toe. Wanneer jy hof toe moes loop of pleitstukke gaan beteken, moes jy 'n paar pumps uit jou handsak (nog iets wat ek veronderstel was om te hê, maar nooit aangeskaf het nie) te voorskyn bring en weer grasieus jou hakke aanglip wanneer jy oor die kantoor se drumpel loop. By 'n onlangse gradeplegtigheid waar ek was het 'n hele paar van die vroue-studente kaalvoet oor die verhoog geloop, ná 'n uitnodiging om so te maak as hulle dink dat die hakke wat hulle op die dag aanhet, hulle nie gaan toelaat om veilig en waardig oor die verhoog te loop nie. Terwyl ek nou in hierdie Female Forum sit, wonder ek tot watter mate hierdie beeld van sukses in die korporatiewe wêreld hierdie studente se skoenkeuses beïnvloed op die dag wanneer hulle harde werk en toewyding, te midde van al die uitdagings wat hulle as studente het, in die vorm van 'n institusionele seremonie (uiteindelik) erken word. In regstudente se eerstejaar lê hulle by hierdie universiteit 'n eed af om die kultuur van die professie te onderhou. Getrou aan die eed wat die siklus van formaliteit in die regsprofessie voortsit, is hulle dan ook almal uitgevat in swart-en-wit korporatiewe hofdrag en onbegaanbare hakke. Vanjaar is dit 100 jaar sedert die eerste vrou in Suid Afrika tot die regsberoep toegelaat is, ingevolge die Women Legal Practice Act 7 of 1923. Die aanneem van hierdie wetgewing is voorafgegaan deur die saak van Incorporated Law Society v Wookey, wat in 1912 in die Appèlhof aangehoor is. Wookey het aansoek gedoen

om haar klerkskap te registreer en die prokureursorde het die registrasie op appèl geneem. Die appèl is gehandhaaf, met drie van die regters wat saamgestem het dat die wetgewing op daardie stadium bepaal dat "persone" tot die regsprofessie toegelaat kan word, en, aangesien die omskrywing van "persoon" nie vroue insluit nie, vroue nie tot die regsprofessie toegelaat kan word nie. *"Wanderin' free—wish I could be, part of that world".* Hoewel daar nou veel fees gevier word ná (slegs) 100 jaar van vroue in die regsprofessie, is die vraag eerder wat die impak van vroue was op die regsprofessie. Het die aard van die reg daadwerklik verander, of is vroue bloot geassimileer in die regswêreld in?

In die oorspronklike Hans Christian Andersen-storie val die klem minder op die prins en die klein meerminnetjie se obsessie met hom en die objekte in sy wêreld, maar eerder op die strewe na 'n onsterflike siel. Mense, vertel die meerminnetjie se ouma, verwerf die ewige lewe, terwyl meerminne, wat weliswaar baie langer leef en tot 300 jaar oud kan word, maar net in seeskuim verander wanneer hulle sterf. Die meerminnetjie, verduidelik die seeheks, kan die ewige lewe beërwe as die prins waarlik op haar verlief raak. Dan sal sy 'n mense-siel kry. Hiervoor het sy natuurlik voete nodig. Anders as in die Disney-weergawe, waar Ariel aanvanklik net bietjie onvas op haar nuwe voete is, gaan die voete wat die seeheks vir die meerminnetjie in die sprokie gee met 'n verskriklike pyn gepaard. Dit voel of sy op skerp mespunte trap en haar voete bloei wanneer sy loop. Sy is vooraf gewaarsku. Die seeheks het dit presies so aan haar verduidelik. Nie net neem die heks haar stem weg en stoor dit in 'n skulp rondom haar nek, soos in die Disneyfliek nie, maar in die sprokie sny die heks die meerminnetjie se tong heeltemal af, sodat sy vir ewig geheel en al stom is. In die eerste jaar van my leerklerkskap by die korporatiewe firma, woon ek ook my gradeplegtigheid by. Op 'n uitverkoping koop ek skoene wat 'n sensible sense of occasion uitstraal. Hulle het darem 'n hak, maar ook 'n bandjie bo-oor die voet, so ek sal kan hardloop in hulle (wanneer ek hulle ná die tyd aantrek kantoor toe en op 'n hof-uitstappie gestuur word). Die binnesole van daardie skoene, onthou ek nou, was bloedrooi. Ek wil vir hierdie studente van die Female Forum vertel van hoe die meerminnetjie haar stem opoffer vir seer voete, maar dit is die Vrydag voor die reënerige Woensdag waarop ek met my kleuter die nuwe *Little Mermaid* gaan kyk, so ek hou by my notas en praat oor skryf en stem en lyf en ChatGPT. Ek praat oor Donna Haraway



*Encroaching the Chaotic Region* (2022, Louiza Combrinck)



*Sug (Sigh)* (2022, Louiza Combrinck)

se "Cyborg Manifesto". As mens vir ChatGPT vra om 'n feministiese perspektief oor die gebruik van AI te skryf, fokus dit hoofsaaklik op die inherente vooroordeel wat in die sisteem ingebou is en die voortsetting van diskriminerende praktyke. Haraway sien dit aan die ander kant weer as 'n moontlikheid om die sisteem te ontsnap. Voetnota: oor die algemeen bevraagteken Haraway se werk tradisionele onderskeide tussen wat as "natuurlik" en wat as "kultureel" geag word. Haar argument vereis dat mens hibriditeit erken in dinge wat gelyktydig natuurlik en kultureel, natuurlik en tegnologies, menslik en nie-menslik, materieel en semioties, is. Vir Haraway is die beeld van die Cyborg 'n manier om die doolhof van dualismes waarin ons vasgevang is, te ontsnap. "It means both building and destroying machines, identities, categories, relationships, space stories", skryf sy. Hierdie positiewe lees van AI moet onderskei word van die opportunistiese reaksie van kollegas wat dit wil gebruik om hulle navorsingsproses te vervang en te vergemaklik.

Nog voordat ek begin met my aanbieding, besef ek dat die punte wat ek voorberei het, nie strook met die gees en strekking van die seminaar nie. Met die korporatiewe milieu as vertrekpunt, gaan my kritiek van 'n verbruikersbenadering tot kennis en die funksionalistiese, transaksionele benadering tot leer, nie goed ontvang word nie. Die Female Forum word geopen in 'n girl-power trant: "There is no limit to what you as a woman can achieve. Your power is within you". Terwyl hierdie strook met die bemagtiging-oogmerke van die forum, bevorder dit 'n individualistiese benadering wat, hoewel dit goed sal werk in 'n korporatiewe omgewing, die belang van weerloosheid, menslikheid en nederigheid misken. Is dit nie juis ons menslikheid wat ons onderskei van AI nie? Tydens 'n fokusgroep bespreking oor "Sustainable Universities" gee 'n kollega my 'n goeie idee vir hoe om te voorkom dat AI die onderrig-en-leer-proses ondervang. "Ek staan bekend as die Vader Krismis in my departement", verduidelik hulle. "Ek gebruik die volledige merkskaal; vanaf 0% tot 100%. Ek skroom nie om 100% te gee vir goeie werk van 'n student nie". Ek besef dan dat ek, wat meestal 75% vir goeie werk, en in absolute uitsonderings 80% vir uitstekende werk, gee, verwag dat studente perfekte werk moet lewer—asof dit deur 'n masjien vervaardig is. Die verandering gaan dus by my ook moet plaasvind—ek gaan menslikheid moet beloon.

Ariel verruil haar stem vir voete, om gehoor te word vir die vermoë om op haar eie voete te staan en plek op te neem in die wêreld daar bo. Wat vereis dit om mensself te laat geld? Seker maar beide stem en voete. Om skryf op te gee, of in die hande van 'n gesels-robot te los, is om vir Ursula jou stem in 'n skulp te vang, in ruil vir iets wat soos vryheid lyk. Dit is wat ek vir die studente by die Female Forum wil sê, noudat ek die *Little Mermaid* gesien het. Ek weet dat ek ook skryf om my eie posisie te her-oorweeg, om my beperkinge en grense te konfronteer eerder as om te glo dat daar geen perke is aan wat ek kan vermag nie.

Op pad terug van die film, wonder ek wat is die gender-idees wat die oorgemaakte *Little Mermaid*-film produseer in 'n jong verbeelding wat steeds besig is om te wonder hoe die wêreld werk. Bekommerd dat tradisionele gender-rolle eintlik reeds vasgelê is en my poging om die slegte weer te ontsnap deur te gaan fliek dit net verder versterk, pols ek my drie-jarige ter wille van my eie wroeging.

"Het jy die film geniet?", vra ek na die karstoeltjie se kant toe.

"Ja, maar die haai was 'n bietjie scary".

Dankie Bibi, dat jy geduldig gewag het op die brief. Dat jy my uitgenooi het om minstens te dink oor my stem. En my voete.

Mooibly, ek sien jou baie binnekort in die Kaap.

xx

i •

# **NETFLIX EN NET CHILL**

deur

MERCY KANNEMEYER

Met kuns deur Nathan Trantaal

*"While #MeToo and mental health have indeed impacted young people's approach to intimacy, the effects on the whole seem far from negative, with clearly defined rules in the bedroom giving much of Gen Z the confidence to have more sex, and to explore and ask for what they really want. And while they may be breaking up with dating apps, this doesn't seem to be a sign of apathy towards intimacy, but rather of a desire for a more authentic kind of intimacy. When it comes to sex, perhaps the kids are alright."*
—Eleanor Halls, "This Is What The Sex Lives Of Gen Z-ers Are Actually Like"



Mense praat gereeld oor seks, en die Franse filosoof Michel Foucault meen "[w]e convince ourselves that we have never said enough on the subject". Dis waar. Seks is oral. In movies. In musiek. In teaters. In boeke. Byna daagliks in ons gesprekke. Dan kry ons mos nou vir Oscar Wilde ook wat glo aangevoer het dat alles in die wêreld oor seks gaan, behalwe seks. Seks gaan oor mag. Die mag om iemand tot 'n orgasme te dryf. Die mag om seks te weerhou. Die mag om te besluit wanneer jy seks wil hê, al dan nie.

Mercy hier. Die 28-jarige virgin. Op 16 Desember 2022 skryf ek vir *Vrye Weekblad* dat ek 28 jaar oud is, en uiteraard nog 'n virgin ook. Ek noem daar dat dit een van die uitdagendste stukke is wat ek al moes skryf, want wie wil nou só uit die huis uit praat? Nietemin, ek het dit geskryf, en die reaksies was meestal positief. Soos verwag, het sommige mense gevra, "ugh Mercy, wie gee om?" en ander het gemeen dis braaf. Dis nou al byna ses maande later, en albei reaksies—goed en sleg—spook nog by my. Daar is natuurlik groter gesprekke om te voer soos oor die vraag of maagdelikheid 'n sosiale konstruk is en tot watter mate die patriargie 'n rol te speel het in vroue se liggame. Kom ons unpack.

Foucault se "repressive hypothesis" het nogals 'n liggie in my brein laat aanskakel. Veral die stelling dat daar neergekyk word op enige aktiwiteite wat plesier ontlok. Wat is Foucault se "repressive hypothesis"?

*"The repressive hypothesis supposes that since the rise of the bourgeoisie, any expenditure of energy on purely pleasurable activities has been frowned upon. As a result, sex has been treated as a private, practical affair that only properly takes place between a husband and a wife. Sex outside these confines is not simply prohibited, but repressed. That is, there is not simply an effort to prevent extra-marital sex, but also an effort to make it unspeakable and unthinkable. Discourse on sexuality is confined to marriage."*

Die idee dat seks privaat en tussen 'n getroude man en vrou gebeur, sinspeel op ou Christelike dogma dat seks heilig is. As iemand wat in die kerk grootgeword het, onthou ek alte duidelik hoe ons in Sondagskool geleer is dat seks buite die huwelik streng verbode is. Sonde! Ons het ook geleer dat 'n vrou haar vir haar man moet spaar. En dat indien jy oor die lyn trap, jy onder kerktug geplaas sou word. (Kerktug, in die kerk waarin ek was se geval, is wanneer jy in 'n aparte

hoekie van die kerk moet sit en nie aan die heilige nagmaal mag deelneem nie, want jy het jou Here God gefaal. Jy is nie geregtig tot Sy liggaam nie, want jy het jou aan aardse plesier vergryp). Scary shit.

Op 'n stadium het ek in die bostaande geglo. Ek het geglo dat ek myself moet spaar. Nie dat daar ooit enige versoekings of belangstellings was nie (HAHA!), maar seks was ook nie vir my 'n prioriteit nie. Ek wou veel eerder eerste in my klas staan, lekker boeke lees, nuwe danspassies aanleer wat ek op *Hannah Montana* gesien het, en blitsvinnig met my fiets in die stofstrate buite ons huis ry.

Soos wat ek ouer geword het, en toenemend gekonfronteer is met seks, moes ek natuurlik my storie verander. In my vroeë twintigs het ek eerder op my studies gefokus, op my loopbaan, op my menswees. En wat 'n blye tyding toe ek raaklees dat millennials nie so gereeld seks het soos die vorige generasies nie. In 'n opiniestuk vir *I* skryf Kia-Elise Green dat millennials nie gereeld seks het nie omdat hulle moeg en te gespanne is. As iemand wat as gereeld-genoeg-moeg identifiseer, kan ek jou belowe dis nie die enigste rede hoekom mense nie seks het nie. Scott J. South en Lei Lei skryf in 'n akademiese artikel dat die persentasie jong mense wat seksueel aktief is, in die laaste paar jaar afgeneem het. Hulle verskaf verskeie redes vir die afname, wat onder andere insluit dat jong mense meer op sosiale media is en minder tyd saam met ander mense deurbring. Jong mense sal ook eerder Netflix en net chill (die regte chill, nie daai ander tipe chill nie).

In 'n stuk oor Gen Z's wat net so min seks soos millennials het, het, skryf Eleanor Halls dat Gen Z's minder verdraagsaam teenoor ongevraagde aandag en gedrag is. Gen Z's sal hulleself nie sommer in situasies sit waarin hulle nie wil wees nie. Halls meen dat dit dalk nie 'n totale verbod op seks is nie, maar dat Gen Z's eerder vir veilige en genotvolle seks gaan. Maak sin, né? Gen Z's en millennials is geweldig opgevoed oor seks. Ons het verstand gekry in die era van consent, in die era van #MeToo, in die era van #TimesUp.

Na afloop van my rubriek vir *Vrye Weekblad*, wou ek natuurlik weer met my ouers daaroor gesels. 'n Besige antie in ons straat het my voorgespring. Ek wou nog my ouers waarsku, maar toe is Antie Bekkie klaar daar by ons huis. My ma bel my toe en vra hoekom ek uit die slaapkamer uit skryf. Ek probeer vir my ma verduidelik dat dit nie 'n big deal is nie. Party mense gee nie om nie. En party mense is bly dat ek die ding van "ouer" maagde oopskryf.

**UGH, MERCY, WIE GEE OM?**

Wie gee nou nog om as iemand in hulle laat twintigs is en nog nooit seks gehad het nie? Ek gee vir seker nie om nie. Diegene wat vra wie omgee, glo heel waarskynlik dat seks en maagdelikheid nie nog iets is om oor huis toe te skryf nie. Tot 'n mate stem ek saam. Daar is groter kwessies rakende die vroulike liggaam waaroor 'n mens mos nou kan praat. Dié kwessies sluit onder andere in die feit dat "virginity testing" nog in talle lande plaasvind, die skokkende syfers van geslagsgebaseerde geweld in Suid-Afrika, vroue wie se regte in die 21ste eeu nog van hulle ontneem word, vroue wat in sommige werkplekke nog minder as mans verdien, vroue wat in sommige lande nie toegelaat word om te studeer of te werk nie, en en en.

In my ouma-hulle en haar ouma-hulle se tyd het die mense mos so op 'n hoop kinders gekry. En 'n mens hoor gereeld om die braaivleisvuur die rede daarvoor is omdat die ouer generasies nie veel gehad het om te doen nie. Ek dink hulle het oorgenoeg gehad om te doen. Hulle was net nie so easily distracted soos ons nou nie. My ouma hulle se prioriteite was om te trou en kinders te kry. Dis maar net hoe hulle gekondisioneer is.

**WOW, MERCY, DIS SO BRAAF.**

Ek kan verstaan waarom daar mense is wat dink dis braaf om in hierdie day and age oor maagdelikheid te gesels. Ten spyte daarvan dat vroue se liggame nog erg police word, leef




Deur Nathan Trantaal

ons tog ook in die era van sexual liberation. Popsterre soos Lizzo, Megan Thee Stallion en Saweetie vier hulle liggame en hulle seksualiteit in hulle musiek. Het jy al 'n twerk-video van Megan Thee Stallion gesien? Mesmerising! Doen jouself die guns, en gaan kyk daarna. Al hierdie popsterre leer ons dat despite al die kritiek dat vroue hulleself moet gedra, mooi sit, beskaafd aantrek, ons nog steeds ons liggame kan vier. Ek is nie daar nie. Maar kudos vir diegene wat wel daar is!

Dit is nie noodwendig braaf om nog 'n maagd te wees nie. Dis dalk anders, maar braaf? Dis braaf om oorlog toe te gaan. Dis braaf om in dwelm- en bendegeteisterde gebiede 'n bestaan te probeer maak. Dis braaf om lewens te probeer red. Dis braaf om in hierdie post-woke tye te erken dat jy nogals 'n fan van die royal family is. Dis braaf om te erken dat jy nie Beyoncé se volle discography ken nie. Dit is geensins braaf om nie al seks te gehad het nie.

Vir diegene wat wonder, "okay, maar Mercy hoekom? Hoekom is jy 'n 28-jarige virgin?" Luister, as kind was ek so bang gepraat vir seks ek het gedag dat as ek net na 'n outjie kyk sal ek swanger word. Seks was ook nie juis iets waaroor daar in ons huis gepraat was nie. En hier gee ek nou glad nie my ouers die skuld nie. Hulle ouers het nie met hulle oor seks gepraat nie, en my ouers se ouers se ouers het ook nie met húlle daaroor gepraat nie. En ek weet dis nie uniek tot bruin huisgesinne nie. Seks was nog altyd so bietjie taboo, behalwe as jy in 'n moerse liberale huis grootgeword het. Ek het nie. Ek het in 'n pastorie grootgeword, en die meeste seksvoorligting wat ek ontvang het, was van onderwysers wat ook nie juis gemaklik was om daaroor te praat nie. Op 'n stadium in die laerskool moes ons van die menstruele siklus leer. Die hele klas het so gegiggel, dat ons onderwyser summier die klas gestop het. Nie eers te praat van die keer toe ons oor geslagsorgane moes leer nie! Die onderwyser het iets tussen 'n piesang en 'n luislang op die bord geteken, en daar was ouers wat briewe aan die skoolhoof geskryf het! Hoe durf die onderwyser ons van geslagsorgane leer!

En nou is ek op 'n punt waar ek net geen belangstelling in dating het nie. Ek vermoed dis tydelik, want ek het groter prioriteite as om nou iemand te leer ken of om enige buitemuurse aktiwiteite van enige seksuele aard te beoefen. En ek besef dit klink seker so lame! Mense sê ek weet nie wat ek mis nie. Korrek! Hoe kan 'n mens iets mis wat jy nog nooit ervaar het nie? Dis nou amper so ek sê jislaaik ek mis die strate van Parys—kaantie het ek nog nooit voet in die buiteland gesit nie. Iemand het onlangs gevra of ek dalk asexual is. Hoe weet 'n mens wanneer jy asexual is? Volgens *Healthline* is 'n aseksuele persoon iemand wat min tot geen seksuele aangetrokkenheid tot ander ervaar nie. Dit is glad nie hoe ek identifiseer nie.

'n Gesprek vir 'n ander dag is ons, vroue, se verhouding met ons liggame. Vir so lank as wat ek kan onthou, is ek gebombardeer met hoe 'n meisie moet lyk, en ek het net nooit by daardie prentjie gepas nie. Hierdie patriargale samelewing het besluit dat vroue teen 'n sekere ouderdom sekere mylpale soos trou en kinders kry al behaal het, anders is hulle oujongnooie wat vir ewig op die rak gaan sit. Dit is so 'n geweldig vervelige idee, want so what?! So what as ek vir ewig op die rak sit? Dis lekker hier. Dis lekker om autonomy oor my liggaam te hê (soveel soos wat ek kan in hierdie land), en dis lekker om my mind self te kon opmaak oor goed. Ek is nie meer die Mercy wat in die pastoriegange op en af gehardloop het nie, ek is ook nie meer die Mercy wat geglo het haar eerste soen gaan eendag voor die kansel saam met haar man wees nie. Ja, ek is byna 30, en dit maak my benoud. Maar nie omdat ek nog nie seks gehad het nie, bloot omdat ek gedag het teen 30 sou ek al gereis het, 'n doktor wees, my eie besigheid run! Seks is 'n bysaak.

Op 'n meer ernstige noot…

Ons liggame is onder beleg. Indien jy as vrou in die hedendaagse Suid-Afrika vir jouself kan besluit, is jy een van die gelukkiges. En hoe depressing om so daaroor te moet dink. Maar, die realiteit is dat die geweld teenoor vroue in Suid-Afrika eintlik as 'n noodtoestand geëtiketteer moet word. •

"Killing joy is a future-oriented practice insofar as we oppose what exists"
- Sara Ahmed

"Fok julle happy mense"
- Mia Arderne



# BYDRAERS

**Terry-Ann Adams** is 'n skrywer. Hulle debuteer in 2020 met die memoir-roman *Those Who Live in Cages* en publiseer in 2022 'n kortverhaalbundel getiteld *White Chalk*.

**Dianne Du Toit Albertze** is die skrywer van die bekroonde toneelstukke *Kommapunt*, *Die Meermin Kompleks* en *Kaap*. Sy is die skrywer van die eerste transgender-roman in Afrikaans, *bottelnek breek bek* (2022).

**Mia Arderne** is 'n skrywer en kunstenaar. In haar werk verken sy die politiek van ras, klas, gender, seksualiteit en geestesgesondheid. Haar debuutroman *Mermaid Fillet* is in 2020 gepubliseer.

**Carl August** is 'n illustreerder wat behep is met teken. Hy kom oorspronklik van die windy city af—Gqeberha, nie Chicago nie. Sy werk is geïnspireer deur die natuur en deur 90s anime, en deur wetenskapfiksie en die verkenning van virtuele wêrelde.

**Earl Basson** doseer Afrikaanse literatuur en taalkunde aan die Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie en voltooi ook tans 'n PhD aan die Universiteit van Stellenbosch, waar hy ondersoek instel na die herstandaardisering van Afrikaans.

**Herschelle Benjamin** is 'n dramaturg, kunsjoernalis, rubriekskrywer, akteur, regisseur, digter, publisiteitspesialis en digitale bemarker. In 2019 debutteer hy met sy teks, *In Slavenhuis 39*, by die Toyota US Woordfees, waar dit met die 'Beste Opkomende Kunstenaar(s)'-prys bekroon is en 'n kykNET Fiesta-nominasie vir Beste Nuutgeskepte Afrikaanse Teks inpalm. Sy ander dramatekste tot dusver sluit in *Dooie Drome, Aas Poetica, Korreltjie Kop Klong is my Dood* en *Agulhasvlakte*.

**Marí Borstlap** is 'n bekroonde teater- en filmmaker met 'n meestersgraad in drama (MDram).

**Bibi Burger** doseer Afrikaanse literatuur en taalverwerwing aan die Universiteit van Kaapstad, waar sy ook navorsing doen oor die verhoudings tussen ras, geslag en ruimte in Suid-Afrikaanse literatuur.

**Nicolene Burger** is 'n multi-media kunstenaar wat meestal in skilderkuns, performance art en installation werk. Volg haar werk: https://www.nbcollective.space.

**Luami Calitz** is gebore in Pretoria, het gegradueer met 'n BA in Beeldende Kunste by Stellenbosch Universiteit en woon tans in Kaapstad. Sien meer van haar werk hier.

**Azille Coetzee** is 'n postdoktorale genoot by Stellenbosch Universiteit. In haar werk verken sy die verbintenis tussen gender en ras in stelsels van koloniale- en apartheidsonderdrukking, en maniere waarop feministiese- en queerteorie kan bydra tot die werk van dekolonisering. Haar navorsing is in verskeie internasionale joernale gepubliseer en sy is die skrywer van 'n memoir, *In My Vel* (2019, Tafelberg) en 'n roman, *Die Teenoorgestelde is Net So Waar* (2021, Human & Rousseau).

**Louiza Combrink** is 'n beeldende kunstenaar, navorser en meestersgraadstudent aan die Universiteit van die Vrystaat. Haar kunspraktyk sluit verskeie media, soos skilderkuns, video- en digitale fotomontage en Kunsmatige Intelligensie-beeldgenerering in. Sy ondersoek sensuele ervaringe van landskap, horison, ruimte en ruimtetyd, asook die koloniale blik in Astro-beelde van Mars en die buitenste ruimte. Verdere navorsingsbelange sluit temas in wat verband hou met die kunstige verbeelding, die verwondering, ontdekking, en verkenning van land en lug, asook die historiese afbakening en besit van grond in Suid-Afrika.

**Stephané E. Conradie** is 'n bekroonde kunstenaar en 'n lektor by die Universiteit van Kaapstad. Haar kuns bestaan uit bricolage-samestellings met 'n fokus op die ontologie van objekte. Haar navorsing en werk vloei uit 'n fassinasie met hoe mense sentimentele voorwerpe in hul huise rangskik en daardeur ondersoek sy geskiedenisse van kolonialisme en kreolisering soos dit ingebed is in materiële kultuur.

**Chan Croeser** is 'n trans nie-binêre skrywer en letterkundige en is tans besig met hul PhD-navorsing in Vergelykende Letterkunde by die Universiteit Stellenbosch. Hul navorsingsbelangstellings is onder meer queerheid, gender, affek, spook- en grieselverhale, spektraliteit, volksoorleweringe en orale letterkunde. Verder dink hul na oor transgender identiteit en queer woordeskat in die Afrikaanse taal. Hul mees onlangse werk is te siene in *scrutiny2*, en by *LitNet* en *Klyntji*. Hul kortverhale verskyn in joernale soos *New Contrast* en *Five Points*.

**CLK** verkies om anoniem te bly.

**Isolde de Villiers** is 'n regsdosent wat vanuit 'n feministiewe invalshoek navorsing doen oor stede en ruimtelike geregtigheid. Sy is in die administratiewe hoofstad gebore, het in die ekonomiese hoofstad grootgeword en ná 'n paar jaar in die regsprekende hoofstad is sy nou op pad na die wetgewende hoofstad, om daar in die Departement Publiekreg en Regsleer by die Universiteit van Wes-Kaapland haar werk voort te sit.

**Willemien de Villiers** is gebore in Pretoria in 1957 en het Beeldende Kunste by die Universiteit van Pretoria gestudeer. Sy is 'n multi-dissiplinêre kunstenaar wat meesal naald en borduurgare gebruik om visuele narratiewe te skep wat geanker is in feministiese temas. Ander mediums sluit skilder in—olie op doek—asook keramiekkuns. Sy het twee boeke gepubliseer—*Kitchen Casualties* (Jacana, 2003) en *Virgin in the Treehouse* (Jacana, 2007), sowel as vele kortverhale in verskeie bundels.

**Klara du Plessis** se debuutbundel, *Ekke*, is bekroon met die Pat Lowther Memorial Award (2019). *Hell Light Flesh* word as a film-opera verwerk (komposisie Jimmie LeBlanc, regie Michael Hidetoshi Mori) en het by die International Festival of Films on Art gepremiere (Maart 2023). Haar bundel, *G* (geskryf in samewerking met Khashayar Mohammadi in Engels, Afrikaans, en Persies) en 'n versameling letterkundige opstelle, *I'mpossible collab*, verskyn in 2023. Klara het haar PhD in Engelse Letterkunde aan die Universiteit Concordia voltooi.

**Jean Dreyer** se belangstelling in die intensiteite wat ontstaan tussen visuele beeldteks en verbale teks manifesteer in haar kunswerke in olie op (gesnitte) houtpanele en collages, swartsketse, skulpturele tekste en kunstenaarsboeke. Haar mees resente solo-werk is aangebied as 'n konseptuele gedig waarin lyffigurasies 'n pre-linguale taal verteenwoordig.  Sy kureer *artwords*, 'n groepuitstalling oor woorde in kuns, by die Glen Carlou-gallery (September/Oktober 2023).

**Diana Ferrus** is 'n digter en kortverhaalskrwer wat in Afrikaans en Engels skryf. Haar boeke sluit *Ons komvandaan* (2006) en *Die vrede kom later* (2019) in.  In 2022 het sy 'n ere-doktorsgraad van Stellenbosch Universiteit ontvang.

**Emile Geldenhuys** is gebore in Suid-Afrika, maar woon in Seoul, Suid-Korea, waar hy Engels onderrig. Hy gebruik digitale tegnieke om bestaande beelde te manipuleer en sodoende onrealistiese kuns te skep.

**Amanda Gouws** is 'n professor in Politieke Wetenskap by Stellenbosch Universiteit. Sy is die hoof van die SARChi-leerstoel in Genderpolitiek. Haar navorsingterreine is Suid-Afrikaanse politiek en genderpolitiek.

**Valda Jansen** se debuutroman *Hy Kom Met Die Skoenlappers* is in 2016 gepubliseer. Haar kortverhaal "Tapas" verskyn in *Ver in die wêreld* (2023).

**Veronique Jephtas** is 'n digter, akteur, regisseur, aktivis en kunstenaar. Haar debuutdigbundel, *Soe rond ommie bos*, is in 2021 gepubliseer.

**Lynthia Julius** is 'n digter. Haar debuutbundel *Uit die kroes* is in 2020 gepubliseer.

**Ronelda S. Kamfer** is 'n skrywer. Haar nuutste boek is die roman *Kompoun* (2021).

**Mercy Kannemeyer** is 'n skrywer, teatermaker, regisseur en meningsvormer.

**Olivia Loots** is 'n postdoktorale genoot by die Centre for the Advancement of Non-Racialism and Democracy (CANRAD) by Nelson Mandela Universiteit in Gqeberha. Sy doen navorsing oor omgewingskwessies vanuit 'n nuwe materialistiese invalshoek. In haar vrye tyd is sy 'n visuele ontwerper vir uiteenlopende projekte, insluitend die een waarna jy tans kyk.

**Susanna Louw** is 'n akademikus en dosent by die Universiteit van die Wes-Kaapland. In haar navorsing verken sy die vervlegte verhouding tussen die media, gender en seksualiteit. Sy fokus ook op die multimodaliteit van gender konstruksie in Suid-Afrikaanse tydskrifte.

**Maud** is 'n anonieme *Turksvy*-leser.

**Athambile Masola** is 'n digter, akademikus en kinderboekskrywer. Haar debuutdigbundel, *Ilifa*, is in 2021 gepubliseer.

**Lucinda Rosa Neethling** is 'n sangeres en liedjieskrywer, kunstenaar en pilates-instrukteur. Sy is sedert die ouderdom van sestien die sanger, liedjieskrywer en kitaarspeler vir Die Melkert Kommissie en het in 2021 haar eerste solo-album, *UITGESKRYF*, vrygestel.

**Ryan Pedro** is 'n skrywer en kunstenaar. Hy debuteer in 2020 met die digbundel *pienk ceramic-hondjies*, waarvoor hy die UJ-debuutprys verwerf.

**Chase Rhys** is 'n skrywer. Hul nuutste boek is *Misfit: Stories Vannie Anne Kant* (2022).

**Octavia Roodt** is 'n kunstenaar, skrywer en kunsdosent. Sy is tans 'n inwonende kunstenaar by die Belgisch Stripcentrum in Brussel.

**Petra Stegmann** is 'n maatskaplike werker in die Kaapse platteland.

**Wemar Strydom** is 'n onverbonde navorser, en stel veral belang in die tussenruimtes tussen witheid en queerheid.

**Hanneke Stuit** is 'n assistent professor in Literêre en Kulturele Analise aan die Universiteit van Amsterdam. Sy is die skrywer van *Ubuntu Strategies: Constructing Spaces of Belonging in Contemporary South African Culture* (2016, Palgrave MacMillan) and werk tans aan 'n tweede boek met die titel *Reimagining the Rural: Pastoral Entrapment and Dis-Enclosure in South Africa*. Haar jongste navorsingsprojek heet *The Carceral Idyll: Imperial Legacies, Domestic Colonisation and the Will to Confine in The Netherlands*.

**Nathan Trantraal** is 'n digter, rubriekskrywer, resensent en visuele kunstenaar. Hy is die skrywer van die boeke *Chokers en Survivors* (2013), *Alles het niet kom wôd* (2017), *Wit issie 'n colour nie* (2018) en *Oolog* (2020), en 'n illustreerder van die grafiese romans *Stormkaap* (2008), *Coloureds* (2010), *Crossroads* (2021) en *All Rise* (2022).

**Marita van der Vyver** is 'n skrywer. Haar mees onlangse nie-fiksie boek is *'n Baie lang brief aan my dogter* (2021). Haar nuwe roman, *Laaste Kans*, verskyn in September 2023.

**Christi van der Westhuizen** is 'n medeprofessor by Nelson Mandela Universiteit en die navorsingshoof van CANRAD (die Centre for the Advancement of Non-Racialism and Democracy). Sy is die skrywer van *White Power & the Rise and Fall of the National Party* (2007) en *Sitting Pretty: White Afrikaans Women in Postapartheid South Africa* (2017), en die mede-redakteur (saam met Shona Hunter) van die *Routledge Handbook of Critical Studies in Whiteness* (2022).

**Stella Viljoen** is medeprofessor in Visuele Studies aan die Universiteit Stellenbosch. Sy dokumenteer hoofsaaklik die uitbeelding van gender in Suid-Afrikaanse kuns en media. Sy het 'n perverse belangstelling in die kapitalistiese verbeelding.

**Sonja Walker** is 'n verloskunde dosent aan die Universiteit van Kaapstad. Haar liefde vir geregitigheid vir swanger vroue en babas ken geen perke nie. Geen moeder of baba moet sterf as gevolg van nalatigheid nie. Sy verkies kwaliteit onderrig bo kwantiteit. Elke vroedvrou moet die hand het van 'n dame, die oë van valk en hart van 'n leeu. Sy is tans besig met 'n PhD in verpleegkunde met 'n spesifieke fokus op verloskunde, en met die einddoel om die kurrikulum te dekoloniseer.

**Chrystal Williams** is 'n performance poet. Haar werk kan hier gekyk word. Chrystal skryf ook vir Klyntji.com.

**Ingrid Winterbach** is 'n skrywer en visuele kunstenaar. Haar mees onlangse roman is *Voorouer. Pelgrim. Berg.* (2021).

# Turksvy

## ’N JAAR VAN FEMINISTIESE BRIEWE IN AFRIKAANS

Saamgestel deur **Bibi Burger** en **Azille Coetzee**

Terry-Ann Adams | Dianne Du Toit Albertze | Mia Arderne | Carl August | Earl Basson | Herschelle Benjamin | Marí Borstlap | Nicolene Burger | Luami Calitz | Louiza Combrink | Stephané E. Conradie | Chan Croeser | CLK | Isolde de Villiers | Willemien de Villiers | Klara du Plessis | Jean Dreyer | Diana Ferrus | Emile Geldenhuys | Amanda Gouws | Valda Jansen | Veronique Jephtas | Lynthia Julius | Ronelda S. Kamfer | Mercy Kannemeyer | Olivia Loots | Susanna Louw | Maud | Athambile Masola | Lucinda Rosa Neethling | Ryan Pedro | Chase Rhys | Octavia Roodt | Petra Stegmann | Wemar Strydom | Hanneke Stuit | Nathan Trantraal | Marita van der Vyver | Christi van der Westhuizen | Stella Viljoen | Sonja Walker | Chrystal Williams | Ingrid Winterbach